

**'N PRAKTIESTEOLOGIESE PERSPEKTIEF OP  
EREDIENSBELEWING, SPIRITUALITEIT EN DIE AFNAME  
IN LIDMAATTALLE**

**deur**

**ADRI LA GRANGE**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die MTh graad**

**in**

**PRAKTIESTEOLOGIE**

**van die**

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**FAKULTEIT TEOLOGIE**

**Promotor**

**PROFESSOR YOLANDA DREYER**

**AUGUSTUS 2020**

## VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

Ek, Adri la Grange, verklaar hiermee die volgende:

1. Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.
2. Ek verklaar dat hierdie verhandeling my eie, oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetso uit 'n gedrukte bron, die internet of enige ander bron), is dit erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.
3. Ek het nie werk wat deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.
4. Ek het nie en sal nie toelaat dat enigiemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

## OPSOMMING

Hierdie studie gaan vanuit die standpunt dat elke mens sekere spirituele voorkeure het. Die mate waarin die inrigting van eredienste voldoen aan 'n individu se spirituele voorkeure speel 'n rol in die persoon se ervaring van die erediens, hetsy positief of negatief. Die studie is 'n ondersoek na lidmate van die NG Kerk se spirituele voorkeure en die wyse waarop individue met verskillende spirituele voorkeure eredienste van die NG Kerk ervaar. Die doel is om vas te stel of erediensgangers eredienste van gemeentes van die NG Kerk ervaar as eksklusief ten opsigte van spirituele voorkeure. Die vraag is dan of dit 'n bydraende faktor is tot die drastiese afname in lidmaatgetalle van die NG Kerk.

Mense se leefwêrelde verander voortdurend en daarmee saam hulle behoeftes. In die moderne era was die klem op rasionele kennis. Die invloed van die postmoderne era is sigbaar in die klem wat geplaas word op mense se behoeftes aan ervaring. Hierdie paradigmaskuif het 'n wesenlike invloed op die wyse waarop mense godsdiens wil beoefen. Vandag het mense 'n soeke daarna dat hulle behoeftes aan ervaring bevredig word en mense verkies eredienste waarin hulle op emosionelevlak 'n ervaring van God het.

Mense woon eredienste by met die verwagting dat daar aan hulle spirituele behoeftes voldoen sal word. Baie mense wat dit nie in die NG Kerk beleef nie, verlaat die NG Kerk se eredienste op soek na ander gemeentes wat beter aan hulle spirituele behoeftes voldoen.

Die NG Kerk kan getrou bly aan die Gereformeerde tradisie en steeds 'n Gereformeerde identiteit behou terwyl eredienste meer inklusief ingerig word deur middel van 'n meer holistiese benadering tot spiritualiteit.

## Summary

The point of departure of this study is that every person has certain spiritual preferences. The extent to which a worship service accommodates people's spiritual preferences, has an influence on their experience of the service, positive or negative. The study investigates people's experience of the worship services of congregations of the Dutch Reformed Church. The aim is to ascertain whether they are seen as exclusive with regard to spiritual preferences and, if so, whether this could be a contributing factor when it comes to the decline in membership of the Church. This study explores the spiritual preferences of members of the Dutch Reformed Church as well as the way individuals with different spiritual preferences experience the worship services of the Church.

People's spiritual and emotional needs tend to evolve as their life world changes. In the modern era the emphasis was on rational knowledge. The influence of the postmodern era is visible in the emphasis on subjective experience. This paradigm-shift influences how people experience and practise religion. They tend to search for congregations that address their need for a fulfilling spiritual experience. Many prefer worship services where they have a personal emotional experience of God.

People attend worship services with the expectation of having their spiritual needs met. However, many members of the Dutch Reformed Church do not experience this and decide to leave the Church in search of a worship experience that meets their spiritual needs.

The study concludes that it is possible for the Dutch Reformed Church to remain true to its Reformed tradition while taking a more holistic and inclusive approach to spirituality.

## SLEUTELTERME

Gereformeerd  
Spiritualiteit  
Spiritualiteitstypes  
Erediens  
Eredienservaring  
Liturgie  
Katafaties  
Apofaties  
Modern  
Postmodern

## KEYTERMS

Reformed  
Spirituality  
Spirituality-types  
Worship service  
Worship experience  
Liturgy  
Cataphatic  
Apophatic  
Modern  
Postmodern

**Met groot dank aan die Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die beurstoekenning wat hierdie studie befonds het.**

## INHOUDSOPGawe

### HOOFSTUK 1

#### INLEIDING

|  |    |
|--|----|
| 1.1 Agtergrond                           | 1  |
| 1.2 Probleemstelling                     | 4  |
| 1.3 Literatuuroorsig en navorsingsleemte | 4  |
| 1.4 Metode van ondersoek                 | 7  |
| 1.5 Program van ondersoek                | 10 |

### HOOFSTUK 2

#### GEREFORMEERDE IDENTITEIT EN GEREFORMEERDE EREDIENSTE

|                                |    |
|--------------------------------|----|
| 2.1 Inleiding                  | 11 |
| 2.2 Die Gereformeerde tradisie | 12 |
| 2.3 Gereformeerde eredienste   | 18 |
| 2.4 Gereformeerde liturgie     | 21 |
| 2.5 Liturgiese elemente        | 23 |

### HOOFSTUK 3

#### SPIRITUALITEIT

|                                  |    |
|----------------------------------|----|
| 3.1 Die begrip “spiritualiteit”  | 43 |
| 3.2 Christelike spiritualiteit   | 44 |
| 3.3 Spiritualiteit en godsdienst | 47 |
| 3.4 Spiritualiteit en konteks    | 48 |
| 3.5 Gereformeerde spiritualiteit | 50 |

### 3.6 Persoonlike spiritualiteit en spirituele voorkeure

|  |    |
|--|----|
| 3.6.1 Spiritualiteitswiel  | 52 |
| 3.6.2 Individuasie   | 58 |
| 3.6.3 Integrasie   | 59 |
| 3.7 Die vier spiritualiteitstypes                                  |    |
| 3.7.1 Kwadrant 1: Spekulatief/katafatis - 'n Kopspiritualiteit     | 60 |
| 3.7.2 Kwadrant 2: Affektief/katafatis - 'n Hartspiritualiteit      | 61 |
| 3.7.3 Kwadrant 3: Affektief/apofaties - 'n Mistieke spiritualiteit | 63 |
| 3.7.4 Kwadrant 4: Spekulatief/apofaties - 'n Handspiritualiteit    | 66 |

## **HOOFSTUK 4**

### **EMPIRIESE ONDERSOEK**

|   |    |
|---|----|
| 4.1 Konteks: Gereformeerde erediens         | 69 |
| 4.2 Benadering tot die empiriese ondersoek  | 72 |
| 4.3 Evaluering van Gereformeerde eredienste |    |
| 4.3.1 Seleksie van deelnemers               | 77 |
| 4.3.2 Toets vir spirituele voorkeure        | 77 |
| 4.3.3 Onderhoude                            | 79 |
| 4.4 Etiese oorwegings                       | 80 |
| 4.5 Ontleding van data                      | 81 |
| 4.6 Samevatting                             | 81 |

## **HOOFTUK 5**

### **RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

|                            |     |
|----------------------------|-----|
| 5.1 Inleiding              | 83  |
| 5.2 Spiritualiteitstoetse  | 84  |
| 5.3 Onderhoude             | 86  |
| 5.4 Analise van onderhoude | 103 |
| 5.5 Samevatting            | 108 |

## **HOOFTUK 6**

### **SPIRITUELE VERSKEIDENHEID EN GEREFORMEERDE EREDIENSTE**

|  |     |
|--|-----|
| 6.1 Inleiding                              | 109 |
| 6.2 "Spiritualiteitstipes" en die erediens | 110 |
| 6.3 Erediens vir almal                     | 113 |
| 6.3.1 Musiek                               | 113 |
| 6.3.2 Liturgiese elemente                  | 116 |
| 6.3.3 Simbole                              | 133 |
| 6.4 Bevindings                             | 137 |

## **BYLAE**

## **BRONNELYS**

## HOOFTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 Agtergrond

Daar is 'n wêreldwye tendens van afname in lidmaatgetalle van hoofstroomkerke, veral in Europa, die Verenigde State van Amerika en ook in Suid-Afrika (Davie 2007:272). Die omvang hiervan in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) word deur die statistiek wat verkry is uit die amptelike Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Kerkspieël, weerspieël. Die Jaarboek van die NG Kerk wys daarop dat die kerk 'n verlies van net minder as 50 000 lidmate tussen 2011 en 2013 gely het (Schoeman 2013:5). Omvattende navorsing duï aan dat hoofstroomkerke veral minder dooplidmate het. Die NG Kerk het in 2010 ongeveer 68% minder dooplidmate gehad as wat in 1972 die geval was. In die "susterskerke" van die NG Kerk, naamlik die Nederduitse Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk, is die daling effens groter (kyk Schoeman 2011, 2013, 2014).

Die Afrikaans-talige hoofstroomkerke in Suid-Afrika was vir baie jare nie net 'n geestelike tuiste vir Afrikaanssprekendes nie, maar ook deel van hulle kultuur en een van die pilare van 'n stabiele kulturele omgewing. Nicol (2000:5) stel dit soos volg: "Kerk, skool, universiteit, ouerhuis, plaaslike bestuursliggame, die provinsiale en plaaslike regering, die Afrikaner-Broederbond en verskeie ander liggame het almal saamgewerk met die godsdiens as sentrale steunpilaar."

In die Kerkbode van 4 Junie 2018 skryf Barry Tolmay, die moderator van die NG Kerk in KwaZulu-Natal, dat die oorgang na die Nuwe Suid-Afrika in 1994 'n groot rol speel in die afname van lidmaatgetalle. Individuele vryheid, die ander politieke landskap en veranderende sosiale sisteme het ook die kerkbywoning van Afrikaanse hoofstroomkerke beïnvloed. Die verandering in die samelewing en konteks speel dus 'n deurslaggewende rol.

Die invloed van die postmoderniteit het ook 'n bydraende rol. In die postmoderne tyd is dit nie net die rede en intellek wat belangrik is nie. Daar word nie meer hoofsaaklik gefokus op rasionele kennis nie. Emosie en persoonlike ervaring kry die klem (Nicol

2000:5). Daar is baie moonlikhede om van te kies in ‘n verbruikerskultuur waar bemarkingstrategieë ruimte maak vir diversiteit. Hierdie verbruikerskultuur beïnvloed die wyse waarop godsdiens uitgeleef word ook ingrypend. Gelowiges soek toenemend na ‘n persoonlike ervaring van God en mense soek kerke wat voorsiening maak vir verskeidenheid. Gelowiges voel toenemend vry om godsdiens op hulle eie manier en volgens hulle eie voorkeure te beoefen (Nicol 2000:6). Die gemeentes wat groei, is dié wat ‘n verskeidenheid eredienste het en waar voorsiening gemaak word vir verskillende style van aanbidding. Schoeman (2011:484) dui aan dat meer as ‘n derde van lidmate van die NG Kerk buite die geografiese grense van hul gemeentes woon. Hulle is bereid om verder te ry om by ‘n gemeente in te skakel waar hulle met die aanbiddingstyl gemaklik voel.

In die Gereformeerde tradisie word klem gelê op ‘n rasionele verstaan van God en Gereformeerde spiritualiteit fokus op geloof eerder as ervaring. Die hoofstroomkerke se hoofsaaklik rasionele benadering is nie vir almal bevredigend nie. Dit is ‘n moontlike rede waarom baie mense eerder ‘n ander geestelike tuiste vind as in die kerke van die Gereformeerde tradisie. Die gewildheid van Charismatiese en Pentekostalistiese gemeentes is ‘n teken hiervan, want hierdie denominasies voorsien in die postmoderne kultuur se klem op subjektiewe ervaring (Jonker 2000:122).

‘n Rede vir die afname in hoofstroomkerke is, volgens Johnson en Dreitcer (2001:6), dat kerkleiers geneig is om die aspek van spiritualiteit af te skeep. Die klem in predikante se opleiding val hoofsaaklik op die bestudering van die Bybel, teologie, kerkgeskiedenis en pastorale sorg. Johnson en Dreitcer (2001:6) is ook van mening dat predikante dikwels te veel daarop fokus om tradisie te bewaar. Volgens Nicol (2000:3) kry godsdiestige tradisies te maklik “heilige status” sodat die tradisies op die ou manier in stand gehou word lank nadat hulle tyd eintlik verby is. Die gevolg hiervan is dat die spirituele aspekte van die bediening agterweë bly. Dat dit van kardinale belang is om aan gelowiges se spirituele behoeftes te voldoen, word onderstreep deur omvattende navorsing wat onder gemeentes van die NG Kerk gedoen is. Schoeman (2015:103) se studie, Identity and community in South African congregations, wys uit dat die grootste behoeftes van gelowiges in die NG Kerk is dat die kerk aan hulle persoonlike spirituele behoeftes voldoen. Dit is vir hedendaagse

mense belangriker as om aan 'n gemeente te behoort. Die resultate van bestaande navorsing het aanleiding gegee tot hierdie studie wat ten doel het om insig te verkry in wat mense se spirituele behoeftes behels en hoe daarvan voldoen kan word in hoofstroomkerke soos die NG Kerk in die huidige tydsgewrig in Suid-Afrika.

Elke gelowige het unieke spirituele behoeftes en Christene beoefen hulle geloof op 'n verskeidenheid wyses, want ook elkeen se ervaring van God is uniek. Dit hang veral saam met 'n persoon se spirituele voorkeure asook die liturgiese tradisie waarbinne 'n persoon staan. "Spirituele voorkeure" verwys na die wyses wat mense verkieks om hulle verbintenis met God uit te druk asook die wyses waarop hulle omgaan met die spirituele kant van hulle menslike bestaan. Elke persoon se spirituele behoeftes is dus net so uniek soos die persoon self. Spiritualiteit speel op sowel 'n bewuste as 'n onbewuste vlak 'n groot rol in gelowiges se lewens. Ten spyte hiervan word dikwels nie voldoende erns gemaak met die verskeidenheid spirituele voorkeure wat in gemeentes van die Gereformeerde tradisie bestaan nie. Toe lidmate begin het om aan te sluit by gemeentes van ander Christelike tradisies, is besef dat hierdie aspek sal moet aandag kry. Die gemeentes van ander tradisies word dikwels ervaar as toeganklik en gasvry. Hulle slaag daarin om mense wat "geestelik honger" is, aan te trek. Dit is daarom noodsaaklik dat kerke wat aan mense se spirituele behoeftes wil voldoen die aard en rol van spiritualiteit in hulle lewens sal verstaan.

Corinne Ware (1995) bou op die werk van Urban Holmes (1980) wat 'n tipologie van hoofspiritualiteitsvoordeure ontwikkel het. Ware se model sal in hierdie studie benut word om insig te verkry in die wyse waarop mense met verskillende spirituele voorkeure in gemeentes van die Gereformeerde tradisie, eredienste beleef. Die insigte wat hieruit verkry word, kan moontlik aandui waar hoofstroomkerke te kort skiet wanneer dit kom by mense se spirituele behoeftes. Die insigte kan lei tot 'n beter verstaan van wat mense graag in die kerk wil beleef en wat dit is wat kan bydra tot hulle geestelike groei. Op grond hiervan kan sinvolle aanpassings in die praktyk gemaak word, sodat die gemeentes van die Gereformeerde tradisie meer inklusief kan wees wat spiritualiteitsvoordeure betref, en beter voorsiening kan maak vir verskillende spirituele behoeftes.

## 1.2 Probleemstelling

Dit is 'n uitdaging om verskeidenheid en verskille ten opsigte van mense en hulle behoeftes in 'n erediens te akkommodeer, spesifiek verskille wat betref spiritualiteit. Leraars wat insig het in die verskeidenheid van individue wat eredienste bywoon, en erns daarmee maak, het 'n meer inklusiewe benadering wanneer eredienste beplan word. Die doel van hierdie ondersoek is om insig te verkry in gelowiges se belewenisse van tradisionele eredienste van die NG Kerk. Die bevindinge kan 'n bydrae lewer om hulle behoeftes beter te verstaan en 'n aanduiding wees van wat hulle graag in eredienste sal wil ervaar. Met hierdie insigte kan sinnvolle aanpassings gemaak word om die verskeidenheid mense en voorkeure meer effektief in eredienste van die NG Kerk te akkommodeer. Die kerke van die Gereformeerde tradisie kan steeds 'n Gereformeerde aanslag behou terwyl aanpassings in die erediens gemaak word om die hedendaagse mens se behoeftes beter aan te spreek. Menslike tradisies beskik oor die vermoë om by nuwe omstandighede aan te pas en dit is tradisies wat effektief by veranderende omstandighede aanpas, wat oorleef (Nicol 2000:10).

## 1.3 Literatuuroorsig en navorsingsleemte

Verskeie ondersoeke oor die NG Kerk se identiteit en plek in 'n postmoderne samelewing en in die lig van groot verandering in Suid-Afrika, is reeds gedoen (Burger 2001; Hofmeyr en Kruger 2011; Strauss 2014; Schoeman 2015). Hierdie literatuur is relevant vir die studie aangesien dit die agtergrond skets van die NG Kerk se situasie binne die hedendaagse samelewing. Dit is van belang vir 'n refleksie oor die kerk se bediening en eredienste. Die verhouding met God kan nooit losgemaak word van die verhouding tot die wêreld nie. Die kerk en gemeente is nie van die samelewing geïsoleer nie, maar funksioneer binne 'n sosio-kulturele konteks. 'n Individu se geloofsbelewing word beïnvloed deur die familie, gemeente en samelewing (kyk Smit 1988; Jonker 1989; Louw 1992).

Willem Nicol (2000) beskryf in sy werk, *Godsdiens wat werk*, die rol wat die NG Kerk in die samelewing gespeel het en hoe dit beïnvloed is deur die verandering wat na 1994 plaasgevind het. In 'n kritiese ondersoek vergelyk hy die kenmerke van die Gereformeerde, Charismatiese en Evangeliese tradisies met mekaar en lig elkeen se verhouding tot die samelewing uit. Hy bespreek ook die bydrae wat die

Gereformeerde tradisie in die postmoderne tyd kan lewer. *Christian spirituality in South Africa*, onder redaksie van Celia Kourie en Louise Kretzschmar (2000) fokus op spiritualiteit in Suid-Afrika se veranderende politieke en sosiale konteks en binne verskillende kerklike tradisies. Coenie Burger (2001), in sy publikasie, *Ons weet aan wie ons behoort: Nuut nagedink oor ons gereformeerde tradisie*, beklemtoon dat 'n waardevolle wesenskenmerk van Gereformeerdeheid die fokus op verskeidenheid is. In Brouwer (2008) se werk, *Hybrid identity: Exploring a Dutch Protestant community*, lig hy uit dat geloofsgemeenskappe se identiteit ontwikkel in samehang met die veranderinge in samelewing en kultuur. Dit is daarom 'n nimmereindigende proses van aanpassing en ontwikkeling.

In hulle 2011 werk, *Boustene vir die toekoms van die NG Kerk*, beskryf Hoffie Hofmeyr en Pieter Kruger die uitdagings van die politieke en kulturele situasie, sowel as die invloed van postmoderne denke op die NG Kerk in Suid-Afrika. Ben du Toit (2005) se werk, *Sprakeloos oor God: Hoe bly ek glo in 'n vreemde wêreld?*, beskryf die geskiedenis van die Gereformeerde tradisie in Suid-Afrika en bespreek die identiteitskrisis van die NG Kerk binne die veranderde omstandighede. Volgens hom beskik die kerk oor die potensiaal om 'n verskil in die samelewing te maak. Kobus Schoeman (2013) se werk, *Exploring identity and community in congregations: A perspective from South African congregations*, beskryf hoe die veranderende konteks voortdurend die godsdiensstige identiteit van gemeentes beïnvloed. Schoeman identifiseer drie lense naamlik geloof, verbondenheid en betrokkenheid, om die situasie van die NG Kerk te verduidelik. Hy identifiseer ook tendense. Hy vergelyk die sterkpunte van die NG Kerk met dié van die Presbiteriaanse gemeentes in die VSA wat die vinnigste groei en kom tot die bevinding dat 'n groter betrokkenheid by die sosiale omgewing en kultuur die grootste uitdaging vir gemeentes van die NG Kerk is.

Die kenmerke van 'n Gereformeerde erediens word beskryf in Dirkie Smit (1998) se werk, *Wat beteken "Gereformeerd"*? Hierin beskryf hy onder andere die Gereformeerde belydenisskrifte en die eie aard van die Gereformeerde erediens. *Ontdekking in die erediens*, 'n versamelwerk met Johan van der Merwe en Cas Wepener (2009) as redakteurs, beskryf die elemente van 'n Gereformeerde erediens, onder andere liturgiese praktyke, nagmaal, doop en geloofsbevestiging. In

die 2011 werk van Wepener, *Soos 'n blom na die son draai*, bied hy riglyne vir eietydse eredienste binne die Gereformeerde tradisie.

Internasionale en plaaslike literatuuroor “spiritualiteit” en “Gereformeerde spiritualiteit” kom vervolgens aan die orde. In sy inleiding tot spiritualiteit, *A history of Christian spirituality*, bied Urban T Holmes (1980) ‘n oorsig oor die geskiedenis van Christelike spiritualiteit sedert die tyd van die vroeë kerkvaders tot en met die moderne era. In die 1997 werk van Michael Downey, *Understanding Christian spirituality*, duï hy die plek van Christelike spiritualiteit in ‘n wêreld waar ‘n verskeidenheid van spiritualiteite voorkom, aan. *A spirituality of everyday faith* deur Declan Marmion (1998) bespreek die verhouding tussen spiritualiteit en teologie. Gordon Wakefield (2001) bespreek in sy werk, *Groundwork of Christian spirituality*, verskillende Christelike tradisies se eiesoortige spiritualiteite. Kees Waaijman (2002) se werk, *Spirituality: Forms, foundations, methods*, werk die teoretiese grondslae van spiritualiteit uit. Hy bespreek die groot spirituele tradisies en die kenmerke van verskillende soorte spiritualiteit. David Perrin bespreek in sy 2007 werk, *Studying Christian spirituality*, die tradisie van Christelike spiritualiteit en bied ‘n oorsig oor akademiese ondersoeke op die terrein.

Wat Gereformeerde spiritualiteit in Suid-Afrika betref wys Willie Jonker (1989) in sy werk, *Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit*, op die groeiende belangstelling in “spiritualiteit”. Hy duï aan hoe bepaalde geloofs- en ervaringstradisies ‘n rol speel in die vorming van individue se spiritualiteit. Hy beklemtoon dat, hoewel spiritualiteit primêr te doen het met die verhouding tot God, die verhouding tot God nooit losgemaak kan word van die verhouding tot die wêreld nie. Spiritualiteit en etiek is dus nou verweef met mekaar.

Dirkie Smit (1989) se werk, *Kan spiritualiteit beskryf word?*, fokus op spiritualiteit as individuele ervaring. Smit identifiseer ses verskillende soorte spiritualiteit. In sy 1998 werk, *Wat beteken “Gereformeerd”?*, beklemtoon Smit dat geen vorm van spiritualiteit, ook nie Gereformeerde spiritualiteit nie, tylloos kan wees nie. Die sosio-historiese konteks moet altyd in ag geneem word. Willie Jonker (1998) lig die sterk- en swakpunte van die Gereformeerde spiritualiteit uit. Hy identifiseer drie soorte spiritualiteit en bring dit in verband met die manier waarop verlossing verstaan word.

Hoffie Hofmeyr se 2009 werk, *Spiritualiteit in die NG Kerk van die 21ste eeu teen die agtergrond van Calvyn en die Nadere Reformasie*, ondersoek verskillende definisies van spiritualiteit wat in die NG Kerk bestaan, en beskryf die kerk se worsteling ten opsigte van identiteit en spirituele ontwikkeling. Hy beklemtoon dat mistieke spiritualiteit wêreldwyd op die voorgrond tree weens mense se behoefté aan stilte en afsondering. Schoeman (2015) beklemtoon in sy werk, *Identity and community in South African congregations*, dat gelowiges in die NG Kerk van die kerk verwag om aan hulle persoonlike spirituele behoeftes te voldoen. Hy wys daarop dat 'n groeiende spiritualiteit deel vorm van lidmate se individuele en private identiteit. Hy bevind dat dit vir hedendaagse mense belangriker is dat aan hulle persoonlike spirituele behoeftes voldoen word, as wat dit is om lid van 'n gemeente te wees.

Ondersoek is gedoen na die invloed van die voorganger se spirituele voorkeure op die wyse waarop eredienste ingerig word. Ben Campbell Johnson in sy 1988 werk, *Pastoral spirituality: A focus for ministry*, ondersoek die invloed wat die voorganger se spiritualiteit op die bediening het. Ben Johnson en Andrew Dreitcer se 2001 publikasie, *Beyond the ordinary: Spirituality for church leaders*, fokus op kerkleiers se spirituele bewussyn en die besef van hulle verantwoordelikheid tot spirituele groei. Volgens hulle het kerkleiers in die verlede die aspek van spiritualiteit afgeskeep en is kerke dikwels nie in staat om lidmate spiritueel te begelei nie. Om hierdie rede behoort gemeentes ernstig te begin fokus op spiritualiteit.

Die bydrae van hierdie studie is om insig te bied in die wyse waarop individue met verskillende spirituele voorkeure die NG Kerk se tradisionele eredienste beleef. Die doel van die empiriese deel van die ondersoek is om vas te stel of mense die NG Kerk se tradisionele eredienste as eksklusief beleef en of daar 'n verwantskap is tussen dié belewenis en die afname in lidmaatgetalle. Die studie het ten doel om 'n bydrae te lewer tot die besinning oor die wyse waarop eredienste ingerig kan word om van 'n meer inklusiewe benadering te getuig.

#### **1.4 Metode van ondersoek**

Hierdie ondersoek is binne die vakgebied van die praktiese teologie. Praktiese teologiese ondersoek fokus op geloofspraktyke van mense. Dit ondersoek die ervaring en handelinge van mense met die doel om insig te verkry in wat mense in

hulle geloofspraktyke motiveer. Dit het ‘n van-onder-af-boontoe benadering, want dit begin by praktyk om ‘n verantwoordelike bydrae te maak tot godsdiens midde-in die alledaagse lewe. Die kennis wat verkry word, het handelinge tot gevolg (Pieterse 2001:11; vgl Smit 2002:19-20).

Die paradigma waarbinne hierdie ondersoek plaasvind, is postmodern. “Postmoderniteit” erken dat mense se lewens- en wêreldbekouings verskil. Geen individu se ervaring is ‘n presiese weergawe van die realiteit nie, daarom maak “postmoderniteit” ruimte vir pluraliteit en diversiteit (Klopper 1993:19,21).

Vir die teoretiese begronding van die ondersoek word relevante literatuur oor Gereformeerde identiteit, die Gereformeerde liturgiese tradisie, die konsep “spiritualiteit”, “Gereformeerde spiritualiteit” en spiritualiteitstipologieë benut. Die resultate van die empiriese deel van die ondersoek word dan in gesprek gebring met die teoretiese raamwerk en theologiese nadenke (kyk Pieterse 2001:13).

‘n Kwalitatiewe benadering is gepas vir hierdie ondersoek aangesien dit ten doel het om insig te verkry in mense se belewenisse. In die geval van hierdie studie is die fokus op mense se ervaring van tradisionele eredienste van die NG Kerk. ‘n Kwalitatiewe benadering is ook aangewese omdat die ervaring van ‘n klein aantal individue in hierdie studie in diepte bestudeer word (kyk Osmer 2008:50). In die ondersoek staan die betekenis wat individue aan hulle ervarings toeken, op die voorgrond. Met kwalitatiewe ondersoek is die beskouings van binnestaanders ten opsigte van die spesifieke saak wat ondersoek word, die vertrekpunt. Kennis word hoofsaaklik verkry deur subjektiewe beskouings te interpreteer. Verder is ‘n kwalitatiewe metode gepas, omdat die ondersoek ten doel het om te beskryf en te verstaan, eerder as om te verduidelik en te voorspel (kyk Babbie en Mouton 2001:53). Volgens ‘n kwalitatiewe benadering is ‘n “objektiewe” ondersoek nie moontlik nie, en word erken dat ‘n onderzoeker nie anders kan as om op subjektiewe wyse deel te vorm van die ondersoek nie (kyk Engelbrecht 2016:110).

Die ondersoek is interpreterend: verandering in eksterne faktore het ‘n direkte invloed op gebeure en bevindinge. Die sosiale konteks waarbinne die ondersoek

plaasvind, speel 'n deurslaggewende rol in die bevindinge van die ondersoek. Daarom word erns gemaak met kontekstualiteit.

Die empiriese deel van die studie berus op die response van vrywilligers wat hulleself beskikbaar gestel het om deel te neem. In die NG Gemeentes van Klerksdorp-Noord is lidmate deur afkondigings bewus gemaak van die ondersoek en genooi om deel te neem. 'n Vereiste was dat deelnemers oor genoegsame kennis en ervaring van tradisionele eredienste van die NG Kerk beskik. Die deelnemers wat aangemeld het vir deelname, is gevra om Corinne Ware se spiritualiteitstoets te doen. In Corinne Ware (1995:48) se werk, *Discover your spiritual type*, gee die outeur algemene toestemming vir die aanwending van haar spiritualiteitstoets. Hierdie spiritualiteitsvraelyste, sowel as die ingelige toestemmingsvorms, is aan elkeen ge-*epos*.

Nadat die bevindinge van die spiritualiteitsvraelyste verwerk is, is deelnemers geïdentifiseer vir semi-gestruktureerde onderhoude. Deelnemers hiervoor is gekies op grond van die bevindinge van die spiritualiteitsvraelyste, sodat elke spirituele voorkeurgroep verteenwoordig word.

Die semi-gestruktureerde onderhoude het ten doel om insig te verkry ten opsigte van deelnemers se belewenisse van NG Kerke se tradisionele eredienste. Semi-gestruktureerde onderhoude vind plaas in die vorm van 'n vloeiende gesprek. Leiding word gegee en dan word ander relevante temas toegelaat om te ontwikkel. Die doel is nie dat net die ondersoeker se doelwitte bereik word nie, maar dat die proses ook van waarde sal wees vir die deelnemers (Morgan 2000:4).

Aangesien mense hierby betrokke is, word erns gemaak met etiese norme en standaarde om te verhoed dat deelnemers se regte en waardes geskaad word. Die reëls vir etiese navorsing, soos neergelê deur die Universiteit van Pretoria, word gevolg. Etiese klaring is verkry voordat daar begin is met enige onderhoude. Vrywillige deelname word beklemtoon, sowel as die feit dat 'n persoon enige tyd kan onttrek.

Met die beplanning vir die ondersoek is besluit om semi-gestruktureerde onderhoude persoonlik te voer by elke deelnemer se huis. Weens die gevolge van die Covid-19 virus, was dit egter onmoontlik om onderhoude op hierdie wyse te doen. Die nodige aanpassing is gedoen en die onderhoude is telefonies gedoen. Die nadeel hiervan is dat nie-verbale kommunikasie verlore gegaan het. Tog is daar steeds waardevolle inligting ingesamel.

## 1.5 Program van ondersoek

**Hoofstuk 2** ondersoek die Gereformeerde tradisie sowel as kenmerkende eienskappe en liturgiese inrigting van tradisionele eredienste binne die Gereformeerde tradisie.

**Hoofstuk 3** fokus op spiritualiteit en in die besonder Christelike spiritualiteit en Gereformeerde spiritualiteit. Die vier “spiritualiteittypes” wat Corinne Ware (1995) aandui in haar werk, *Discover your spiritual type*, word bespreek.

**Hoofstuk 4** bespreek die metodologiese werkswyse van die empiriese ondersoek. Die metode wat gebruik word om spiritualiteitsvoorkeure en -tipes te onderskei, soos ontwikkel deur Corinne Ware, word verduidelik.

**Hoofstuk 5** bied die resultate van die spiritualiteitstoetse, sowel as die bevindinge van die semi-gestruktureerde onderhoude. Die data word geprossesseer en die bevindinge van die empiriese ondersoek word uiteengesit.

**Hoofstuk 6** bied die bevindinge van die studie, sowel as aanbevelings en praktiese voorstelle om eredienste van gemeentes van die NG Kerk meer inklusief in te rig ten opsigte van spirituele verskille en voorkeure.

## HOOFSTUK 2

# GEREFORMEERDE IDENTITEIT EN GEREFORMEERDE EREDIENSTE

### 2.1 Inleiding

Die ondersoek fokus op een van die bedieninge van die NG Kerk, naamlik die erediens. Die erediens is die gemeentelike aktiwiteit waarby gewoonlik die grootste hoeveelheid mense betrek word. Julian Müller (1990:9), in sy werk, *Die erediens as fees*, stel dit soos volg: "Die basiese kern van gemeenteweес is opgesluit in die erediens. Daarom dat die Tweede Vatikaanse Konsilie die erediens met reg beskryf het as die toppunt en bron van alle kerklike aktiwiteite. Die erediens is die barometer van die geloofsdiepte van die gemeente."

Die erediens is die hart van die Gereformeerde tradisie. Die wyse waarop 'n erediens ingerig word, verraai 'n gemeente se identiteit en karakter (Smit 2009:106) en hoe die kerk die evangelie verstaan (kyk König 1998:65; Strauss 2014:373). Erediensvorme ontstaan binne die raamwerk van 'n geloofstradisie. Die karakter van 'n kerk se eredienste word onder andere bepaal deur die geloofsgemeenskap se verstaan van God. Wie God vir 'n Christelike geloofsgemeenskap is, bepaal wat in daardie geloofsgemeenskap se eredienste gebeur en watter betekenisse daaraan toegeken word (Smit 2002:129). Onderliggend aan die verskillende elemente waaruit 'n erediens bestaan en al die handelinge wat tydens die erediens uitgevoer word, is dus spesifieke geloofsoortuigings en 'n spesifieke geloofstradisie. Hoe eredienste in NG gemeentes ingerig word, kan nie losgemaak word van die Gereformeerde geloofstradisie nie. Die betekenisse wat erediensgangers heg aan die gebeure tydens die erediens, en hulle gepaardgaande ervaring van die erediens, sal direk beïnvloed word deur hulle Gereformeerde agtergrond. Die formele elemente in die erediens dra 'n belangrike onderliggende boodskap oor. Smit (2009:97) stel dit soos volg: "Ook gereformeerd-wees het te make met die habitus, met die karakter wat onder die erediens handelinge verborge en geïmpliseer lê en daardeur opgeroep en versterk word, veel meer as net met die blote handelinge self." Die betekenisse wat

aan die formele elemente geheg word, is egter nie onveranderlik nie, maar verander voortdurend in elke nuwe tyd en konteks.

Liturgiese handelinge is simboliese handelinge in die sin dat daar spesifieke betekenisse aan hierdie handelinge toegeken word binne die konteks waarin dit voorkom. Die betekenisse wat aan spesifieke simboliese handelinge geheg word, verskil van mens tot mens en word bepaal deur verskeie faktore. Die kultuur waarbinne 'n persoon leef, die persoon se agtergrond, persoonlikheid, spiritualiteit en geloofstradisie is onder andere faktore (Barnard 2009:121-23; vgl Smit 2009:97-103).

## 2.2 Die Gereformeerde tradisie

Aangesien simboliese handelinge verskillende betekenisse binne verskillende geloofstradisies het, word vervolgens eers die Gereformeerde tradisie ondersoek voordat die elemente van eredienste van 'n NG Kerk bespreek word. Die vraag wat dus eerste beantwoord moet word, is: "Wat beteken dit om Gereformeerd te wees?" Insig hierin sal lei tot 'n begrip van die geloofsoortuigings en Godsbeeld wat onderliggend is aan die Gereformeerde tradisie. Hierdie insig is noodsaaklik wanneer individue se belewenisse van eredienste van die NG Kerk ondersoek word. Oor hierdie identiteitsvraag is daar wêreldwyd en in Suid-Afrika reeds vir 'n geruime tyd gedebatteer. Dirkie Smit het veral sedert 1988 verskeie bydraes op hierdie gebied gelewer. Dit is nie die náám "Gereformeerd" wat kerke en gelowiges inderdaad Gereformeer maak nie. Wat 'n kerk Gereformeer maak is die belydenis waaraan hulle verbind is en die wyse waarop daardie belydenis in die wêreld sigbaar uitgeleef word (Smit 2002:139; kyk Smit 2009:210-211).

Die vraag oor wat presies "Gereformeerd" beteken, is nie so eenvoudig om te beantwoord nie, aangesien daar in Gereformeertheid baie verskeidenheid voorkom (Smit 2013:22-23). "Gereformeertheid" beteken vir verskillende mense verskillende dinge, want mense heg op verskillende maniere betekenisse aan dinge. Sekere mense plaas klem op aspekte wat vir 'n ander persoon nie veel betekenis het nie. Dit is 'n fout om van "gereformeertheid-in-die-enkelvoud" te praat en om te dink dat ons eie manier van doen en aanbid die enigste tipies Gereformeerde manier is (Smit 2009:92).

Strauss (2016:216) wys daarop dat die “Gereformeerde” deel van die kerk se naam meer rigtinggewend is as die “Nederduitse” deel. Die kerk is in beginsel ’n belydeniskerk waarin die kernwaarhede van die Bybel oor God en God se verlossing, die kernwaarhede van die Christelike geloof, die toon aangee. Die term “Gereformeerde” verwoord die ideaal om nie te stagneer nie (kyk Strauss 2016:219-226). Die strewe is dat die hele lewe voortdurend “gereformeerd” of hervorm word volgens God se Woord. Hierdie hervorming sluit gelowiges se persoonlike lewe, kerklike lewe sowel as die openbare lewe in. Solank die wêreld nog nie lyk soos God se ideaal nie, gaan die reformasie voort (Pillay 2017:6; vgl Smit 2002:130-133,140). Strauss (2014:365) verduidelik dit as dat ‘n “verstokte gereformeerde kerk ‘n innerlike teenstrydigheid” is. Dit is dus duidelik dat egte Gereformeertheid “nié in enige historiese episode of waarheid of leerstuk of figuur vasgevang” kan word nie (Smit 2002:40). Daar bestaan geen ewige onveranderlike kern van Gereformeertheid nie (Smit 2009:94-95). Lochman (1999:415) beklemtoon dat reformasie in die kerk, ‘n veelkantige en omvangryke beweging is. Die beskrywing daarvan moet met omsigtigheid benader word, want om dit te probeer vasvang en in ‘n historiese vorm te giet, sal die betekenis daarvan verarm.

Een van die belangrikste beginsels waarop die Gereformeerde tradisie gebou is, is die bereidwilligheid om voortdurend te bly reformeer in steeds groter gehoorsaamheid aan die Woord. Die Gereformeerde tradisie wil aanpas by veranderde kontekste en die waarheid van God se Woord in elke nuwe konteks hoor, om relevant te wees in nuwe omstandighede (kyk Burger 2001:7, 18-24). Op grond hiervan herformuleer Smit (2009:95) die vraag na die eie aard van die Gereformeerde erediens: “Ten beste beteken die vraag na die eie aard van die gereformeerde erediens dus: Wat behoort vandág, nou, vir ons onverhandelbaar te wees aan die gereformeerde erediens, gegee die tydsgees en suigkrag waarmee ons vandag moet reken?”

Die hart van die Gereformeerde tradisie word telkens saamgevat as die belydenis dat die lewe *coram Deo* geleef word. Die Godsbeeld wat teenwoordig is, bepaal die wyse waarop hierdie belydenis verstaan word. Smit (2002:134) verduidelik dit as “n lewe voor Gods aangesig, ‘n wandel met die lewende God, ‘n lewe in die wêreld, in

die geskiedenis, in Gods aanwesigheid.” Dit het te make met die “konkrete werklikheid van elke dag” van ‘n individu sowel as ‘n Christelike geloofsgemeenskap (Smit 2002:126-129). Vir Gereformeerde gelowiges is hierdie God voor wie se aangesig hulle leef die Drie-enige God van die geskiedenis en van die ganse werklikheid. Deur die menswording van Jesus Christus, is God se aangesig histories aan mense sigbaar gemaak. Jesus Christus handel as Middelaar met God se gemeente deur die Woord (Smit 2002:129).

Die Woord van God is een van die pilare van die Gereformeerde tradisie. In die Gereformeerde tradisie word geglo dat God deur die Bybel tot gelowiges spreek, en dat die Christelike lewe volgens die riglyne van die Woord ingerig moet word. Geloof is egter nie in die Bybel self nie, maar in God wat deur die Bybel spreek (Smit 2002:129). Die belydenis *sola Scriptura* staan in die kern van die Gereformeerde teologie. In die tyd voor die Reformasie is die Skrif beskou as een van vele goddelike instellings in diekerk. Die Skrif is gelykgestel aan die sakramente, priesterskap en dogmatiese leerstellings. Daar is geglo dat al die verskillende elemente aanspraak het op goddelike gesag en op verskillende maniere God se genade aan gelowiges bemiddel. Die Reformasie het die verstaan hiervan dramaties verander. Daar is klem geplaas op die Skrif as enigste gesaghebbende bron om waarhede oor God te openbaar. Alle ander bronne is verklaar as ondergeskik aan die Skrif, met die verstaan dat dit slegs tekens en dienaars van die Bybel se boodskap is (McGrath en Marks 2007:254). Die Protestantse Reformatore het verwys na die Skrif as die *norma normans*, dit wil sê die eerste norm en bron met die hoogste gesag, wat dien as die norm vir alle ander leerstellings, belydenisse en tradisies. Die belydenisse is beskryf as die *norma normata*, dit wil sê die tweede norm wat ondergeskik is aan die Skrif en van die Skrif afgelei is (Strauss 2017:6). Kerklike tradisies en belydenisse is dus nie verwerp nie, maar aan die Skrif gemeet.

Die NG Kerk beskou die Skrif as getuie van God se handelinge in die geskiedenis, maar dit word nie as ‘n vaste entiteit verstaan nie. Die wyse waarop die Skrif geïnterpreteer word, is ‘n saak van groot belang. Die verskillende maniere waarop die Bybel geïnterpreteer word, veroorsaak dikwels onenigheid in die kerk. Daar is die vraag na watter “hermeneutiese lens” gebruik word om die Skrif te interpreteer (Pillay 2017:2). Gereformeerde Skrifgebruik het ‘n sterk fokus op die intellektuele

uitleg van die Bybel (Smit 2002:130,136; kyk Strauss 2016:219). Die Kerkorde van die NG Kerk (2015:128) beklemtoon dat die mens se denkvermoë, as ‘n gawe van God, gebruik moet word om die Skrif te interpreteer. Die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg moet gevind word. Die Kerkorde van die NG Kerk (2015:131) verklaar: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.” Daarmee saam word verklaar:

Dat die belydenis nie beteken dat die Bybel gesien kan word as ‘n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van ‘n verantwoordelike interpretasie van die Skrif. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg.

Die Bybel se waarheid en lering bly histories en kontekstueel. Dit sal ‘n verloëning van die Gereformeerde tradisie wees om die Bybel te probeer interpreteer asof dit ‘n tydlose en kontekslose boodskap wil oordra. Deur die Woord bly die lewende God aktueel tot mense spreek (Smit 2002:131). Dit is nie net belangrik om te vra wát vanuit die Skrif geïnterpreteer word nie, maar ook wié dit interpreteer (Pillay 2017:3). Wie die leser van die Skrif is, bepaal hoe die Skrif geïnterpreteer word. Die leser se kultuur, ideale, beelde, filosofiese en etiese aannames speel ‘n deurslaggewende rol. Die leser benader die Skrif met sekere verwagtinge en voorveronderstellings en interpreteer die Bybel vanuit daardie perspektief. Die leser moet daarom die Skrif met ‘n “hermeneutiek van suspisie” benader (Melano 1999:157). Daardeur word voorkom dat teologie of die Bybel self verafgod word. Indien dit gebeur sal die eenheid van die kerk, sowel as die geloofwaardigheid van die kerk, in gedrang kom (Melano 1999:154-156).

Die waarheid van die Bybel is nie objektief of subjektief nie, maar eerder relasioneel (Potgieter 2008:1015). Dit staan in ‘n bepaalde verhouding met die skrywer en die leser. Daar moet ‘n voortdurende aktiewe proses van interaksie tussen die Skrif en ‘n geloofsgemeenskap wees. Die Skrif as uitdrukking van geloof en die werking van die

Heilige Gees word saam verstaan. Die Heilige Gees lei gelowiges in elke nuwe tyd tot 'n verstaan van die Skrif (kyk Potgieter 2008:1015-1016). Strauss (2014:367) stel dit soos volg: "Die lewe voor God is 'n lewe in die kragveld van die Gees." Artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis verklaar dat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om God se wil te gehoorsaam.

Die gesag van die Skrif behels nie net teoretiese leerstellings en dogma nie. Dit is ook 'n praktiese saak. Die vraag is hoe die Skrif werklik in die lewe van die kerk funksioneer (Dreyer *et al.* 2013:1). Smit (2002:130) som die rol van die Skrif in die Gereformeerde tradisie op: "Presies om dié rede leef die gemeente voor die aangesig van hierdie lewende God en sy Christus deur voortdurend weer te luister na hierdie lewende Woord, as die stem van die sprekende Drie-Enige God. Niks kan die lees van en die luister na die Bybel ooit vervang nie. Dit is die pilare van die gereformeerde vroomheid – of dit nou in die erediens of tuis plaasvind."

Die Gereformeerde tradisie is *beliggaamde geloof*. Dit wat deur die Woord geleer word, moet gestalte kry in woord en daad. Dit is 'n bewuste wyse van leef in hierdie wêreld, volgens God se wil. Dit is die Gereformeerde tradisie se strewe dat gelowiges alles wat hulle doen, sal beskou as deel van hulle roeping, om in dankbare gehoorsaamheid aan God te lewe. Só word die ganse lewe 'n erediens (Nicol 1996:41; kyk Smit 2013:24-28). Jonker (1989:299) verduidelik hierdie strewe soos volg: "Die koningsheerskappy van Christus oor alle terreine van die lewe is vir die Gereformeerde belangrik. Hy soek die eer van God ook daarin, dat elke duimbreedte van hierdie werklikheid aan Christus onderwerp moet word."

Die diepste geestelike motief agter die Gereformeerde hartstog, is die eer van God en die verheerliking van God se Naam, *soli Deo Gloria* (Smit 2002:138). Die Westminster Shorter Catechism, verwoord iets hiervan met die belydenis: "The chief end of human beings is to glorify God, and enjoy Him forever". Calvyn het die betekenis van die Christelike lewe opgesom met die belydenis "We are God's; to Him, therefore, let us live and die". Alhoewel die mens nie God se almag volledig kan begryp nie, maak God wel iets van God se heerlikheid bekend deur die skepping. Calvyn stel dit soos volg: "Die hele wêreld is die teater van God se heerlikheid" (Smit

2002:134). God se heerlikheid word bowenmal geopenbaar in die persoon van Jesus Christus se menswording, lyding, kruisiging, opstanding en lewende teenwoordigheid (Smit 2009:3; kyk De Gruchy 1992:84-88; vgl Melano 1999:154). Dit is die doel van Christus se verlossingswerk dat God alleen daardeur verheerlik sal word (Westminster Confession of Faith 3.5; kyk Lamport 2017:722). God se heerlikheid is verweef met die mens se verlossing en die mens se welsyn. In die Gereformeerde tradisie is die oortuiging dat die beliggaming van die Christelike lewe in die wêreld en die werklikheid afspeel. Daar is 'n betrokkenheid by die werklikheid in die hede, sowel as die oortuiging dat dit krities beoordeel en gereformeer moet word, om gestalte te gee aan God se wil, sodat God daardeur vereer word (kyk Smit 2002:13-138). Smit (2002:41) verduidelik dit soos volg:

Dit sou onaanvaarbaar wees indien gereformeerdes hulleself uit onbetrokke apatie afsluit van die nood en die vrae van die wêreld, die samelewing, dieomgewing en die oomblik waarin hulle leef, aangesien dit die hartstog vir die verheerliking van Gods heilige Naam in die volle werklikheid sou prysgee.

Die eerste Reformatore het besef dat daar verskeie elemente in die werklikheid van die kerk en die samelewing is, wat nie aan God se wil onderwerp is nie. Die Gereformeerde verstaan van die kerk is dat die kerk 'n teken van God se koninkryk is. Die kerk het deur God se werking tot stand gekom en deur die kerk word gelowiges in die wêreld ingestuur. Dit beteken dat die kerk gehoorsaamheid aan God op alle lewensterreine en in alle samelewingstrukture sal bevorder (Strauss 2014:368; kyk Strauss 2016:219). Die eerste Reformatore het die kerk se wanpraktyke en tekortkominge geïdentifiseer en uitgewys dat die kerk nie voldoende bydra tot geregtigheid in die samelewing nie. Hulle strewe was om die kerk te transformeer en te laat "her-ontwaak", om Christenskap te hervorm, om daardeur die samelewing te transformeer. Die idee was nie om 'n nuwe kerk te begin nie, maar om die wyse waarop die bestaande kerk funksioneer, te verbeter (Pillay 2017:1-2). Hulle het nooit ten doel gehad om hulleself van ander te onderskei nie, maar om algemeen Christelik te wees in betrokkenheid in die wêreld, saam met alle ander Christene (Smit 2002:127-128). Die doel was dus ook nie om 'n unieke liturgiese tradisie te vorm nie. Hulle wou aanbid volgens die Skrifte en getrou wees aan wat

soms beskryf word as die “klassieke patronे” van die vroeë kerk (Smit 2009:93). Die Gereformeerde tradisie en Gereformeerde eredienste het dus nie “eksklusiewe kenmerke” wat nie by ander Christelike tradisies ook gevind kan word nie. Lategan (2008:381-382) som die Gereformeerde identiteit soos volg op:

Wie buig voor die gesag van die Woord, erken die oueriteit van God oor die lewe van die mens en volg die beginsels wat in die Bybel vir die mens se lewe neergelê is. Hierdie beginsels moenie as rasionele denkkonstrukte verstaan word nie, maar as die uitdrukking van die kern van die Christelike geloofslewe. Om gereformeerd te wees, is nie net om aan ‘n kerklike verband te behoort nie, maar om binne die Christelike leer bepaalde waarhede uit te leef wat op hierdie leer gebasseer is. Gereformeerde-wees is méér as ‘n belydenis: dit is ‘n denk- en sienswyse waarvolgens ‘n mens sy/haar lewe oriënteer. Om gereformeerd te wees, beteken dat daar voortdurend ‘n proses van vernuwing – reformering, hervorming – moet wees. Gereformeerde-wees (staties) moet altyd deur gereformeerde-word (voortdurende vernuwing) gevolg word. Dit beteken dat die gereformeerde kerk hom ook voortdurend in die lig van die Skrif moet oopstel vir nuwe insigte en ook bereid moet wees om gekorrigeer te word. Die gereformeerde karakter is relevant vir elke tyd deurdat dit nie net die waarhede van die Bybel onderskryf nie, maak ook met die verstaan van die Bybelse boodskap vir elke nuwe tyd en nuweomstandigheid worstel.

### **2.3 Gereformeerde eredienste**

Die erediens neem ‘n onmisbare plek in die Gereformeerde tradisie in. Smit (2009:106) stel dit soos volg: “Wat vas staan, is dat juis die erediens in die hart van die gereformeerde lewe staan. Daarsonder is daar eenvoudig geen gereformeerde tradisie, geloof en lewe meer oor nie – en ook dít is alreeds dalk anders as vir sommige ander Christelike tradisies.” Die Gereformeerde erediens kan beskryf word as “die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van ‘n Christelike gemeente” (Clasen et al 2007:11). Dit is ‘n ontmoeting tussen God en mens waar God die inisiatief neem, deur die mens te roep uit die gewone gang van die lewe, om in geloof opgebou en versterk te word.

Alhoewel die erediens in die hart van die Gereformeerde tradisie staan, is daar al hoe meer diversiteit in die wyse waarop verskillende gemeentes van die NG Kerk se eredienste ingerig word. Daar het oor die jare baie verandering plaasgevind in die mate van vryheid waarvolgens die liturgie van 'n erediens van die NG kerk ingerig word. Daar is tans nie'n gemeenskaplike Gereformeerde liturgiese styl in gemeentes van die NG Kerk nie (Wepener 2009:69; vgl Strauss 2016:221). Wepener (2009:70) verwoord dit soos volg:

So veertig jaar gelede sou iemand wat 'n NG erediens op bykans enige plek in Suid-Afrika besoek het, presies geweet het wat om te verwag. Wanneer iemand vandag 'n NG erediens besoek, sal dit nie altyd liturgies gesproke so duidelik vir die persoon wees of sy haarself in 'n NG erediens bevind al dan nie."

Die diversiteit in eredienste van die NG Kerk word egter nie as problematies beskou nie. Diversiteit binne die eenheid was nog altyd deel van die Gereformeerde tradisie. Die NG Kerk erken dat gemeentes nie in alles eenders hoef te wees nie, maar maan dat die Gereformeerde kern behou moet bly. Strauss (2014:363) verduidelik dit soos volg: "Die eenheid van die NG Kerk is nie 'n eenvormigheid in alles nie, maar 'n gemeenskaplike kern te midde van 'n diversiteit."

Al hoe meer gemeentes besef dat groter erns gemaak moet word met die wyse waarop eredienste ingerig word. Daar is 'n groter bewustheid van die ryke betekenis van simbole en rituele. Daar is gemeentes wat die waarde van eeuue oue gebruikte besef en weer daarvan gebruik maak wanneer eredienste ingerig word. Daarmee saam vra erediensgangers na meer "lewendige" en meer kontemporêre aanbiddingstyle in eredienste (Van der Merwe 2009:165). Die gevaar bestaan egter dat 'n wye verskeidenheid gebruikte en style bloot bymekaargegooi word in een erediens, sonder nadenke oor die onderliggende betekenis van die verskillende elemente. Die onderliggende betekenis van baie van hierdie elemente, strook dikwels nie met die Gereformeerde Godsbeeld nie. Van der Merwe (2009:165) beskryf dit as "hoog-liturgiese (formelete) en laag-liturgiese (informele) kerke" wat se gebruikte met mekaar vermeng word. Dit lei dan tot 'n "supermarkbenadering" (Van der Merwe 2009:166). Met hierdie benadering bly die Gereformeerde identiteit

dikwels in die slag. Sekere soort liturgiese handelinge en aanbiddingstyle bevorder sekere Godsbeelde. In dieselfde sin ondergrawe sekere soorte liturgiese handelinge en aanbiddingstyle sekere Godsbeelde (Smit 2009:102). Tradisionele elemente en kontemporêre elemente kan saamgevoeg word in een erediens, sonder dat verskillende style onnadenkend vermeng word. Die godsdiensstige tradisies se identiteit hoef nie verlore te gaan nie. Kerke van die Gereformeerde tradisie kan steeds hulle eredienste Gereformeerder inrig, terwyl die verskillende elemente in die erediens verryk word deur 'n meer kontemporêre benadering. Van der Merwe (2009:168) verduidelik dit soos volg: "Eerder moet gereformeerdes hulle eie identiteit herontdek en dan hulle aanbidding verruim sodat dit steeds binne hulle tradisie sin maak."

Godsdienstige tradisies het klemverskille betreffende die elemente in die erediens. Verootmoediging kry byvoorbeeld groter klem in eredienste van die Gereformeerde tradisie as in Charismatiese eredienste. Van der Merwe (2009:169) verduidelik dit soos volg: "Dit is belangrik dat ons keuse van liturgiese vorms, hetsy tradisioneel of kontemporêr, deur 'n vaste norm geïntegreer sal word. Daardie norm is nie te vind in die liturgiese mode van die dag nie, maar in die Woord (en gereformeerdes behoort dit te weet)."

'n Christelike tradisie se kultuur en belydenis bepaal die styl van die erediens. Die erediensstyl dra teologiese oortuigings oor. Daarom moet aanpassings in die styl van die erediens baie versigtig benader word (Van der Merwe 2009:170). In 'n poging om die Gereformeerde kern en styl binne die eredienste van NG Kerke te behou, het die Algemene Sinode van die NG Kerk in 2007 'n nuwe handleiding saamgestel wat nie-voorskriftelike riglyne bied waarvolgens die liturgiese orde van eredienste ingerig kan word. By die Algemene Sinode van 2007 is daar amptelike goedkeuring verleen dat gemeentes dit kan aanpas volgens elkeen se eie situasie en konteks (NGK 2007:201). Die handleiding reflekteer die tradisionele styl van eredienste binne die tradisie van die NG Kerk. Deur hiervan gebruik te maak, kan eredienste van die NG Kerk getrou bly aan die Gereformeerde tradisie, terwyl kontemporêre elemente nadenkend en op sinvolle wyse in die erediens geïntegreer word. Strauss (2014:370) lig uit: "Vaste credo's of belydenisse en formuliere is nie

dwangbuise nie, maar daar om aan die band met mekaar en die wyer ekumeniese kerk uitdrukking te gee.”

## 2.4 Gereformeerde liturgie

Een van die kenmerke van eredienste van NG gemeentes is ‘n ordelike verloop binne die raamwerk van ‘n bepaalde liturgiese orde. Barnard (2009:117) verduidelik dit soos volg: “God se omgang met mense het tyd en ruimte, woord en daad; kortom, dit het vorms nodig. Liturgie is een van die vorms. Vorm is herkenning van God se wese.” Dit is belangrik om te onderskei tussen “liturgie” en die “liturgiese orde” van die erediens, want “liturgie” is veel meer as net “liturgiese orde”. Die Afrikaanse woord “liturgie” is afgelei van die Griekse woord *λειτουργία*. Die woord is ‘n samestelling tussen twee woorde, naamlik *λειτος*(van die volk) en *εργον* (werk).

Oorspronklik was die betekenis hiervan “dienswerk van die volk” (Muller 1992:23). In die hedendaagse konteks verwys liturgie na handelinge wat plaasvind wanneer God vereer word, maar dit word nie net tot die erediens beperk nie, want daar behoort ‘n wisselwerking te wees tussen die liturgie van die erediens en die liturgie van die lewe. Die liturgie wat tydens die erediens plaasvind, behoort te lei tot liturgie in die alledaagse lewe. Die liturgie van die alledaagse lewe behoort weer te lei tot liturgie in die erediens (De Klerk 2000:90-91). In die ware sin van die woord behels “liturgie” dus alle aktiwiteite van ‘n gemeente en daarom moet “liturgie” en “liturgiese orde” nie aan mekaar gelykgestel word nie.

Die liturgiese orde binne ‘n erediens dien ‘n belangrike doel en die funksionaliteit daarvan is belangrik. Die liturgie is veel meer as bloot ‘n raamwerk vir die Woordverkondiging, want dit is op sigself ‘n uitdrukking van geloof en ‘n vormgewing van die gemeente se ontmoeting met God. God is handelend teenwoordig in die erediens deurdat God self die gemeente daartoe lei om in die erediens eer te bring aan God. Daarom kan die werksaamhede van God en mens nie eenvoudig van mekaar onderskei word nie (Barnard 2009:118). Liturgiese handelinge is nie net die taak van die leraar of ampsdraers terwyl gemeentelede die rol van toeskouers inneem nie. Die hele gemeente neem saam deel aan die liturgie. Müller (1992:11-12) beklemtoon dat die liturgiese orde in die erediens funksioneel moet wees, deur te verduidelik: “Die kriterium is nie hoe effektief die gemeente vermaak word met ‘n

verskeidenheid van interessanthede nie, maar hoe effektief die gemeente betrek is by ‘n teologies-verantwoordbare liturgie.”

Liturgiese handelinge is simboliese handelinge. Daar word spesifieke betekenisse aan hierdie handelinge toegeken binne die konteks waarin dit voorkom. Simbole en rituele speel ‘n onmisbare rol in mense se lewens. Dit verwys na ander werklikhede as dit wat op daardie oomblik gesien en ervaar word. Deur liturgiese handelinge in die erediens kom God se wêreld in die mens se wêreld na vore. Die simboliese betekenisse wat mense aan simboliese handelinge heg, word moeilik verduidelik of uitgedruk in woorde. Cilliers (2008:43) beskryf dit soos volg:

Liturgie is by uitstek ‘n simboolgebeure (die Griekse *symballein* beteken letterlik: om saam te voeg), waarin lewe en geloof, menslike en religieuse ervarings tot ‘n sinvolle eenheid saamgebring word. Liturgie nooi mense trouens uit om hulle lewenservaring te bring, dit ‘in te meng’ in die liturgie, en so in verband te bring met die heilsgeskiedenis wat God met mense maak, met die evangelie.

Dit is veral van toepassing wanneer daar nagedink word oor die nagmaal. Jesus het sy volgelinge beveel om brood te eet en wyn te drink in herinnering aan Hom. Hierdie alledaagse werklikhede in die handelinge van eet en drink en alledaagse middele van brood en wyn, verwys na ‘n “tweede werklikheid” (kyk Barnard 2009:121-23). Wanneer simboliese handelinge saam verrig word, dra dit daartoe by dat mense op emosionele vlak met mekaar verbind word. So kan simboliese handelinge ‘n wyse wees waarop identiteit uitgedruk word of gevorm word. Liturgie en simboliese betekenisse word kultureel en kerkhistories bepaal en is onlosmaaklik verbonde aan mense se leefwêrelde (Cilliers 2008:43). Daarom kan simboliese handelinge en erediensstyle binne verskillende geloofstradisies aansienlik verskil. Daar is dikwels ook groot klemverskille.

In die Gereformeerde tradisie beklemtoon die liturgie die ontmoetingskarakter van die erediens. Die kansel met die Bybel staan sentraal as ‘n simbool wat hierdie ontmoetingskarakter uitbeeld. Dit beklemtoon dat die erediens plaasvind in die vorm van ‘n gesprek tussen God en die gemeente. Die mens se ontmoeting met God vind

plaas deur bemiddeling van die Woord en die werking van die Heilige Gees. Die klem in hierdie ontmoetingsgebeure is nie alleen op die kognitiewe aspek van menswees nie, want die mens is liggaamlik en sintuiglik daarby betrokke. Van der Merwe (2009:172) verduidelik dit soos volg: "En dit is die natuurlike dinamika van 'n ontmoeting waar ons nie bloot van mekaar se 'woorde' op 'n kognitiewevlak bewus raak nie, maar van mekaar se teenwoordigheid."

## 2.5 Liturgiese elemente

"*Vir die erediens: 'n Handleiding*" (2007), wat deur die NG Kerk se algemene sinode voorgeskryf is, beskryf die verloop van die erediens in vier fases. Die vier fases beklemtoon die ontmoetingskarakter van die erediens. Die fases vloeи op 'n natuurlike en logiese wyse, soos 'n gesprek, inmekaar in. Hierdie vier fases is soos volg (Clasen *et al.* 2007:13-15):

### 1) Die aanloop of toetrede

In hierdie fase word God se teenwoordigheid erken en die gemeente se reaksie word gekenmerk deur verwondering, aanbidding en lofprysing. In God se teenwoordigheid word gelowiges bewus van Wie God is in teenstelling met wie die mens is. Die toetrede bestaan tradisioneel uit drie bewegings.

Eerstens word die gemeente bewus van God se teenwoordigheid. Tweedens bring die bewustheid van sonde die mens tot verootmoediging. Derdens word die gelowige in God se vryspраak bewus van sy/haar vryheid.

### 2) Die Woorddiensfase

Die Woord van God en prediking staan sentraal.

### 3) Die tafeldiensfase of sakramente

Jesus se verlossingswerk word bevestig deur die bediening van die nagmaal en doop.

### 4) Die afloop- of uitsendingsfase

Die aanbidding wat in die erediens plaasgevind het eindig nie wanneer die erediens eindig nie. In hierdie fase word die gemeente teruggestuur na die normale gang van die lewe om aanbidding voort te sit.

Binne elkeen van hierdie vier fases word verskillende liturgiese elemente aangetref. Daar is 'n voorgestelde orde as riglyn gegee, maar daar is vryheid ten opsigte van die orde en die wyse waarvolgens die verskillende liturgiese oomblikke ingerig word.

Die erediens begin met 'n *aanvangswoord*. Die amptelike beginpunt van 'n erediens kan egter nie werklik vasgestel word nie. Vir baie kerkgangers neem die erediens 'n aanvang wanneer hulle in die kerkbanke gaan sit. Alhoewel die erediens dan nog nie amptelik begin het nie, is die kerkganger dan alreeds in die atmosfeer van die erediens waar godsdiens beoefen word. Die begrip wat deur "aanvangswoord" oorgedra word, is dus gepas aangesien dit nie die idee van 'n amptelike begin oordra nie, maar meer 'n boodskap oordra van iets wat geleidelik plaasvind. Die aanvangswoord staan ook bekend as "votum" vanuit die Latynse taal met die betekenis van "begeerte", "gebed" of "verlange". Die gemeente is bewus van hulle verlange na God se teenwoordigheid en besef terselfertyd hulle afhanklikheid van God. Dit dra dus ook die karakter van 'n verklaring. Hiervoor kan verskeie teksgedeeltes gelees word, daar kan gebid of gesing word. Soms word die gemeente saam met die voorganger hierby betrek deur die gebruik van responsoriële formules of gemeentesang (Müller 1992:57; vgl Clasen *et al.* 2007: 18-19).

Die vraag na die wyse waarop die Gereformeerde tradisie God se teenwoordigheid in die erediens verstaan, is van kritieke belang. Daar word geglo dat God groter is as ons werklikheid en dat God nie bevat kan word in die beperkinge van die mens se werklikheid nie. God is teenwoordig deur die bemiddeling van die Heilige Gees en die mens is afhanklik van die genademiddels wat deur God geskenk is, soos die Skrif daarvan getuig. God se teenwoordigheid kan nie gemanupileer of bemiddel word deur simboliese handelinge, liturgiese kreatiwiteit of deur pogings om belewenisse te skep nie. Smit (2009:100) som die Gereformeerde siening hieroor op:

Vir die gereformeerde lewensgevoel is 'die lewende God en sy Christus' (Calvyn) by ons aanwesig nie in die kerk self nie, en nie in ons eie subjektiewe gevoelens nie, maar deur die Heilige Gees, wat deur die beloftes van die gepredikte Woord, verseël deur die sakramente, geloof in

ons hart werk. Dié diepe oortuiging kenmerk die gereformeerde geloof en tradisie meer as enigiets anders.

In eredienste van die Gereformeerde tradisie word die votum en *seëngroet* bymekaar geplaas. Dit dra ‘n belangrike theologiese boodskap oor. Terwyl die votum getuig van ‘n toetrede tot God se teenwoordigheid, getuig die *seëngroet* daarvan dat God die gemeente met ope arms ontvang. Müller (1992:61) stel dit soos volg: “Die samevoeging van hierdie twee elemente aan die begin van die erediens getuig dus van ‘n fyn liturgiese aanvoeling by ons Nederlandse vaders – ‘n stukkie tradisie wat ons vir die erediens van die toekoms moet bewaar.” Die *seëngroet* herinner aan die verskillende groetwoorde aan die begin van verskeie Nuwe-Testamentiese briewe. Dit het tradisioneel bestaan uit: “Mag die Here by julle wees” of “Vrede vir julle”. Die voorganger spreek dit uit saam met ‘n gepaste handgebaar. Dit bevestig die betekenis van die *seëngroet* op ‘n nie-verbale wyse. Die fokus is God se guns en die uitdrukking van die liefdesverhouding wat God met die gemeente wil hê. Dit kan aansluit by die skrifgedeelte waaruit gepreek word. Die gemeente kan ook betrek word om op aktiewe wyse hieraan deel te neem met ‘n responsoriële groet (Clasen et al. 2007:20).

‘n Besef van God se teenwoordigheid en God se guns lei tot *lofprysing*. Musiek en sang het ‘n belangrike rol in ‘n Gereformeerde erediens en dit vervul verskeie funksies. Strydom (1997:26) beskryf gemeentesang as ‘n “wesenlike liturgiese handeling”. Deur musiek kry die hele gemeente die geleentheid om aan die erediens deel te neem en om saam geestelik opgebou te word deur die werking van die Heilige Gees. Müller (1992:11) beklemtoon dat die erediens ‘n feestelike karakter moet hê en dat ‘n mens nie kan feesvier sonder sang en musiek nie. Müller (1992:7) vra: “Sou dit vergesog wees om te beweer dat sang die ware barometer is van die geestelike lewe in ‘n gemeente?” Musiek is een van die mees doeltreffende middele wat gebruik kan word om die regte atmosfeer te skep (Müller 1992:33). Musiek is deur die eeu beskou as ‘n belangrike kunsvorm waardeur mense iets van hulle belewenisse probeer uitdruk deur meer as net woorde. Die woorde van musiek het op verskeie maniere beter kommunikatiewe moontlikhede as die gesproke woord. Deur musiek word meer as slegs die mens se intellektuele kant betrek, want daar word ook op ervaringsvlak gekommunikeer (Barker-Reineke 2000:140; vgl Kloppers

1997:178). Ludik (1994:67) verduidelik dit soos volg: "Kerkmusiek kan dinge oor God sê wat nie met woorde gesê kan word nie."

Gemeentesang het 'n belydeniskarakter en 'n getuieniskarakter, want dit kan gebruik word om mense se geloof in God te bely. Müller (1992:40) stel dit soos volg: "n Kerk kan moeilik iets beter doen om sy belydenis uit te bou en mense daarvoor in te skerp, as om entoesiastiese sang, wat in ooreenstemming is met die belydenis, te bevorder." Deur musiek word kragtige metafore gebruik om mense se geloof in God uit te druk (Dille 2004:2). Deur die liedere wat 'n gemeente sing word hulle geloof bely en daarom onthul dit wat gesing word belangrike dinge aangaande die gemeente se teologie. So kan 'n kerk se liedbundel as 'n tipe belydenisskrif gesien word. Dit sluit aan by die riglyne wat voorgeskryf word in "*Vir die erediens: 'n Handleiding*" wat beklemtoon dat lof en aanbidding op die Drie-enige God behoort te fokus in ooreenstemming met die belydenisskrifte van die kerk (Clasen et al. 2007: 22)

Die styl van musiek ontwikkel voortdurend. Die keuse van musiek wat in die erediens gebruik word, is 'n moeilike taak sowel as 'n sensitiewe saak. Vernuwing in kerkmusiek moet versigtig benader word sodat Bybelse beginsels gehandhaaf word (Grové 2005:11). Liedere se estetiese en funksionele waarde moet in ag geneem word om daardeur te verseker dat selfdienende liedere nie gebruik word vir gemeentesang nie. Alhoewel dit belangrik is om gemeentesang te geniet, mag dit nooit die enigste motief wees nie aangesien die eer van God sentraal moet staan. Daar bestaan 'n weselike gevaaar dat musiek deur middel van instrumente, koorsang en solosang aangewend kan word om mense te vermaak. Alle elemente in die erediens moet die doel hê om gesprek tussen God en die gemeente te bevorder (Müller 1992:38).

Die besef van God se teenwoordigheid in die erediens bring mee dat daar 'n atmosfeer van heilige ontsag, eerbied en nederigheid heers. Dit kan lei tot oomblikke van *stilte*. Stilte in die erediens is veel meer as die passiewe afwesigheid van klank. Dit is 'n oomblik waarin aktiewe gemeenskap met God kan plaasvind. Stilte gee erdiensgangers die geleentheid om op God te fokus en bewus te word van dit wat besig is om te gebeur. Stilte kan sinvol op enige plek in die erediens gebruik word.

Müller (1992:33) verduidelik dat daar “min instrumente is wat meer effektief is in die skep van atmosfeer, as ‘n stilte of pouse op die regte plek.” Stilte ter wille van stilte sal geen bydrae lewer tot ’n ontmoeting met God nie.

Ontsag vir God en die heiligeheid van God kan aanleiding gee tot ‘n besef van die mens se onheiligeheid. Die *wet* as liturgiese element is uniek aan kerke in die Gereformeerde tradisie. Die voorlees van die Tien Gebooie is baie kenmerkend van ‘n Gereformeerde erediens. Jonker (1989:298) beskryf die karakter van die wet in die Gereformeerde tradisie soos volg:

Beter as enige ander tradisie in die Christenheid kan die gereformeerdes hulle in die tien gebooie en vandaar ook in die hele Tora tuis voel. Die liefde vir die Ou Testament kom daarin uit dat die gereformeerde mens glo dat die wet van God op alle terreine van die lewe gehoorsaam moet word. Daar is geen terrein van die lewe wat nie onder die tug van die Woord van God gebring moet word nie. Dit beteken dat die dualisme tussen ‘n heilige en ‘n profane sfeer in die lewe opgehef word. Alles val onder die diens aan God. Die heilige word nie net iets van die binnekamer en die individuele innerlike nie, maar iets openbaars, iets uiterlik. Ook daarom, het gereformeerde vroomheid minder van ‘n entoesiastiese karakter en meer van ‘n gedissiplineerde, selfs ‘n gestrenge karakter.

Die wet word op verskillende plekke in die erediens aangetref en verskillende Skrifgedeeltes uit beide die Ou en Nuwe Testament word gebruik. Gepaste liedere of responsoriële formules kan ook gebruik word.

Die aanhoor van God se wet, lei die gelowige tot ‘n besef van sonde en ‘n *skuldbelydenis*. Die gedagte dat ‘n mens skuld voor God moet bely is ‘n belangrike Christelike geloofoortuiging en een van die kernbeginsels van die Gereformeerde tradisie. Die liturgiese oomblik van skuldbelydenis neem ‘n belangrike plek in Gereformeerde eredienste in. Op verskeie plekke in die Bybel word gelowiges opgeroep tot ‘n openbare skuldbelydenis. Die klem is op openbare kollektiewe skuldbelydenis van die gemeente se sonde. Dit dra ‘n belangrike boodskap oor wanneer die gemeente saam hieraan deelneem, want dit is ‘n belydenis van die

mensdom se globale skuld voor God. Dit herinner aan een van die bedes in Jesus se modelgebed in Matteus 6 toe Hy gebid het “vergeef ons ons oortredings”.

Individuele persoonlike skuldbelydenis word egter nie uitgesluit nie. Die klem op skuldbelydenis kan die idee laat ontstaan dat ‘n Gereformeerde erediens ‘n swaarmoedige karakter het. Dit is egter nie die geval nie, want verlossing in Christus en die vreugde wat daarvan saamgaan, neem ‘n belangrike plek in. Die vreugde van verlossing kan egter nie ten volle ervaar word, voordat ‘n mens bewus word van sy/haar diepe skuld nie. Die skuldbelydenis moet nie verkeerdelik as ‘n goeie werk geag word waarop die gelowige kan roem nie.

God se *genadeverkondiging of vryspraak* beklemtoon dat gelowiges voor God as sondaars staan, maar ook as mense wat deur God begenadig is. Die vryspraak is in ’n sekere sin die kernagtige samevatting van die evangelieboodskap en is ryk aan betekenis. Daar is klem op die belydenis dat verlossing alleen deur genade verkry word en nie deur enige goeie werke of op grond van enige menslike verdienste nie. Die vryspraak funksioneer in samehang met die eis van egte berou en ware geloof. Geloof in die evangelie is gelyk aan verlossing (McGrath en Marks 2007:253). Geloof behels nie net kennis en die korrekte leerstellings nie, maar eerder vertroue in God en in God se vergifnis (Appold 2011:259; vgl Wengert 2011:291). Die mens het ‘n passiewe rol en kan slegs in geloof en vertroue in God die verlossing ontvang wat God skenk. Selfs geloof is nie van die mens self nie, maar is ‘n geskenk van God. Dit is goddelike werk binne die mens (Olin 2000:16; vgl Cunliffe-Jones 2006:326). Calvyn het klem daarop geplaas dit genade nie goedkoop is nie en dat dit gepaardgaan met opregte berou. Hy het graag die verklaring gebruik wat lui: “Almal wat in ware berou na Jesus Christus kom vir verlossing, verklaar ek vrygespreek in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.” Dit is nie ongewoon dat ‘n teks van vermaning ook hier sal voorkom nie. Johannes 3:18, 36 is ‘n voorbeeld hiervan: “Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie. Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom (Clasen et al. 2007:29).” Jesus is die toonbeeld van God se genade en daar word klem geplaas op die belydenis dat verlossing alleen deur die werk van Christus verkry word. Die hart van die Bybel se boodskap is dat God in oorweldigende liefde en genade na die sondige mens

uitgereik het en Christus as enigste Middelaar aan die mensdom geskenk het. Jesus Christus het deur sy gehoorsaamheid die mens se sonde op Homself geneem (McGrath en Marks 2007:253). Deur die genade wat in Christus geopenbaar is, is die mens geregtig voor God. Die uitdrukking “regverdigmaking” word dikwels gebruik wanneer God se vrysspraak van die verlosde gelowige beskryf word.

Die begrip “regverdigmaking” is nou verwant aan “geregtigheid” en het ‘n Bybelse oorsprong. In die Nuwe Testament is dit afkomstig van die Griekse woord *dikaiosunē*. Hierdie beskrywing word op die mens van toepassing gemaak wanneer ‘n persoon deur God geoordeel word en regverdig verklaar word. God se werk van “regverdigmaking” vind dus buite die mens plaas, in Christus. Dit is ‘n begrip wat dikwels deur Paulus gebruik is, wanneer hy verwys het na die verhouding tussen ‘n verlosde mens en God. Hierdie begrip kom ook in die Ou Testament voor en het die Hebreeuse stam *sādēq*. Dit verwys na gelykvormigheid aan ‘n norm. Geregtigheid is die norm wat deur God gestel is en deur God se karakter bepaal is. ‘n “Geregverdigde” mens word beskou as iemand wat voldoen aan die norm wat deur God gestel is. Om “geregverdig” te wees beteken nie net om in die regte verhouding met God te staan nie, maar ook om verbind te wees aan God se eie geregtigheid (Parsons 2013:2-3). Alhoewel hierdie regverdiging die gelowige transformeer, is transformasie nie ‘n voorwaarde vir regverdiging nie. Dit is eerder die gevolg daarvan. Genade kan misbruik word as ‘n verskoning om te sondig, maar die beginsel van genade soos die Skrif dit openbaar is ‘n aansporing tot persoonlike heiligeid vir gelowiges wat deur die Gees geleei word (Cilliers 2008:1019; kyk Potgieter 2008:1018; vgl Clasen et al. 2007:26; Nel 2008:377; Strauss 2014:365-366 en Pillay 2017:5-6).

Die verlossing en vrysspraak wat verkry is deur God se genade, soos geopenbaar in Jesus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding is ‘n motivering tot ‘n *hertoewyding* of nuwe *verbintenis* aan God. Die gelowige dink opnuut na oor die betekenis van ‘n nuwe lewe en identifiseer met diebeeld van hergeboorte tot ‘n nuwe lewe, na die afsterwe van die ou lewe. Die aansporing tot persoonlike heiligeid beteken om jouself tot beskikking of in diens van God te stel en om jouself vir God af te sonder vir ‘n betekenisvolle lewe. Die gelowige se nuwe identiteit as geregtigde voor God behels dat die gelowige se lewe volledig aan God oorgegee word. Dit is ‘n

besluit om weg te keer van bepaalde sondes na ‘n lewe van gehoorsaamheid. In die Gereformeerde erediens gaan dit nie gepaard met emosionele opsweping nie. Die klem is op ‘n oregte begeerte en bewustelike besluit. Blote menslike pogings deur wilskrag en gehoorsaamheid aan reëls lei nie tot toegewyde lewens nie. Dit word moontlik gemaak deur die krag van die Heilige Gees wat in gelowiges woon. ‘n Simbool van die begeerte van die mens om aan God toegewy te leef, is die bekende beeld van Calvyn, waar ‘n brandende hart as ‘n offer vir God aangebied word (Smit 1988:190; vgl Clasen *et al.* 2007:29-30; Clasen 2003:82).

Die liturgiese element van die *geloofsbelidens* neem ‘n belangrike plek in die Gereformeerde erediens in. Dit is ‘n belydenis teenoor God, maar ook teenoor mekaar en word gewoonlik hardop uitgespreek of gesing. Smit (2013:71) verduidelik: “Die Gereformeerde tradisie is ‘n belydenistradisie.” Geloofsbelidensse en belydenisskrifte het van die begin af ‘n sleutelrol gespeel in die Gereformeerde tradisie se selfverstaan. Belydenisdokumente is die manier waarop die Gereformeerde tradisie uitdrukking gee aan hulle eie verstaan van die evangelie van die Drie-enige God. Smit (2009:209) som dit op:

Die kerk hoor die evangelie as hy bely dat hy nie aan homself behoort nie, maar aan Jesus Christus, as hy daarna strewe om hierdie belydenis ook in sy eie konkrete gestalte en orde sigbaar en herkenbaar te maak, en as hy hierdie belydenis prakties uitleef deur woord en daad in diens van die koninkryk.

Geloofsbelidensse is ‘n openbare getuienis van presies wat die kerk glo en druk ‘n geloofsgemeenskap se identiteit uit. So dra dit daartoe by om onderlinge eenheid onder gelowiges te bevorder. Dit verskaf dit ook die taal waarmee God aanbid word. Verder verskaf dit die kernwaarhede waarvolgens die Bybel geïnterpreteer moet word. Dit kan as ‘n bron gebruik word om nuwe gelowiges te onderrig. Dit lig ook uit wat die geloofstradisie as die waarheid beskou en voorkom op hierdie wyse leerdwaling (Smit 2013:72).

‘n Kenmerk van die Gereformeerdes tradisie, naamlik die voortdurende strewe om kontekstueel relevant te wees, is ook sigbaar in die wyse waarop die Gereformeerde

geloofsgemeenskap oor die belydenisskrifte dink. In die Gereformeerde tradisie is belydenisskrifte ten diepste histories van aard. Die belydenisskrifte word beskou as 'n produk van die konteks en die tyd waarbinne dit ontstaan het. Daar is nie belydenisskrifte wat ten alle tye vir almal geld nie. Daarom is eksegese van die belydenisskrifte nodig, sowel as 'n goeie uitleg van die oorspronklike betekenis daarvan. Op hierdie wyse kan dit ook in die hede lewende getuienis bly en steeds gesaghebbend wees (Smit 2009:76-77). Smit (2002:131) stel dit soos volg:

Hulle is nie tydlose en daarom universeel-geldige formulerings van die waarheid in die vorm van presiese proposisies nie, maar veeleer historiese, gesitueerde reaksies op heel konkrete behoeftes, vrae en uitdagings. Dit is 'n poging om die waarheid van die evangelie te bely in daardie oomblik en teenoor daardie uitdagings. Ander tye en plekke kan en sal ander belydenisskrifte hê - vandaar die veelvoud van belydenisskrifte in gereformeerde geledere, reeds vanaf die vroegste jare.

In die Gereformeerde tradisie het belydenisskrifte relatiewe gesag. Belydenisskrifte is onderhewig aan hersiening en is aan die gesag van die Skrif onderwerp. Die NG Kerk se Kerkorde (2015:131) verklaar dat die Skrif as die eerste norm funksioneer en dat die belydenis die hieraan ondergesikte tweede norm is (Smit 2013:75; vgl Strauss 2016:217).

Die NG Kerk het drie algemene belydenisskrifte naamlik die Apostoliese geloofsbelidnis, die Belydenisse van Nisea en Athanasius, asook die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelidnis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls (Strauss 2014:370). Die drie algemene belydenisskrifte het hoofsaaklik ontstaan as 'n reaksie op die verskillende sienings oor die drie-eenheid van God (Potgieter 2008:371-372). Die geloofsbelidnis wat tradisioneel die meeste gebruik word tydens eredienste van die NG Kerk is die Apostoliese geloofsbelidnis, ook bekend as die Twaalf Artikels. Daar is vryheid in die eredienste van die NG Kerk om ander geloofsbelidnisse in 'n verskeidenheid van formate ook te gebruik (Clasen *et al.* 2007:31-32).

Voordat daar uit die Woord van God gelees word, word 'n gebed gedoen waarin gevra word vir die verligting van die Heilige Gees. Hierdie liturgiese oomblik staan bekend as die *epiklese*. Die term is afkomstig van die antieke Griekse woord ἐπίκλασθαι. Dit het dieselfde betekenis as die Latynse woord *invocatio*. Dit kan vertaal word met "inroeping" (Müller 1992:71). 'n Gemeente bly altyd bewus van die voortdurende afhanklikheid van God om 'n ontmoeting met God te hê. Die mens beskik nie oor God se Woord nie en kan God nie aan die Woord stel nie, maar slegs in vertroue op God wag. Die versoek om verligting deur die Heilige Gees word egter met vrymoedigheid en verwagting gedoen op grond van Jesus se belofte om die Heilige Gees in sy plek te stuur.

God praat met mense deur die Woord en daarom staan die gebeure van Skriflesing en prediking sentraal in die Gereformeerde erediens. Hierdeur kom die gemeente tot 'n nuwe besef van God, hulself en die betekenis van die lewe. Die *Skriflesing* word as 'n selfstandige element in die erediens beskou en dien nie net as 'n aanloop tot die prediking nie. Die Skriflesing staan sentraal en die prediking bou daarop. In sommige gemeentes word die Kanselbybel aan die begin van die erediens in die kerk ingedra. Op hierdie wyse word op 'n simboliese wyse uitdrukking gegee aan die sentrale rol wat die Woord van God in die erediens het.

Kerke van die Gereformeerde tradisie plaas tradisioneel klem op die gebeure van die kerklike jaar en Skriflesings sluit gewoonlik daarby aan. Dikwels word 'n leesrooster gebruik, byvoorbeeld *the Revised Common Lectionary*. Dit werk oor 'n drie-jaar siklus en maak voorsiening vir vier Skriflesings per Sondag, naamlik tekste vanuit die Ou Testament, Nuwe Testament, die Psalms en die Evangelies. Die gebruik om uit verskeie tekste te lees is waarskynlik afkomstig vanuit 'n tyd toe die Bybel nie vir almal toeganklik was nie. Hedendaagse predikers kies gewoonlik om nie al die Skrifgedeeltes vir 'n bepaalde Sondag te gebruik nie, maar slegs een of twee. Die teksgedeelte wat gekies word, word dan in diepte ondersoek en uitgelê. Predikers kan egter ook vryelik teksgedeeltes kies om uit te preek (Clasen et al. 2007:34-36; vgl Müller 1992:72-73).

Die prediker doen tradisioneel *Woordverkondiging* vanaf 'n kansel of kateder wat sentraal geplaas is. Dit beklemtoon dat die Gereformeerde tradisie die verkondiging

van die Woord as die merktekens van die kerk beskou (Smit 2009:200). Smit (2009:208) verduidelik dit soos volg:

Wat anders maak 'n mens Gereformeer, as die passie vir die luister na die Skrif as die betroubare Woord van God wat in alle dinge gesag oor ons het en elke gedagte gevange wil neem tot gehoorsaamheid aan Christus? Wat is meer Gereformeer as die hartstog vir die heerskappy van Christus oor elke 'duimbreed van ons werklikheid'?

Die Gereformeerde tradisie is 'n "hoor-tradisie" en die erediens het 'n "Woordantwoord karakter". Die hele erediens is 'n "Woorddiens", maar die prediking is 'n verkondiging van die Woord (Müller 1992:70; kyk Strauss 2014:369; vgl Strauss 2016:219). Alhoewel die prediking die hoogtepunt van die liturgiese handelinge is, is dit nie 'n geïsoleerde element in die erediens nie. Dit word geïntegreer in die hele liturgie en die preek se tema vorm 'n eenheid met die res van die liturgie. Die voorafgaande liturgiese elemente behoort dus 'n aanduiding te wees van wat die sentrale tema van die prediking gaan wees (Müller 1992:71-72). Tog is elke voorafgaande liturgiese element belangrik en dit mag nie beskou word as blote aanhangsels tot die prediking nie. Müller (1992:73) stel dit soos volg: "Die verskil tussen die Woordbediening in die ander elemente van die liturgie en die Woordverkondiging in die prediking, is dat dit by eersgenoemde om algemeen-geldende waarhede gaan, terwyl dit in die prediking om toegespitste, aktuele verkondiging gaan."

In eredienste van die NG Kerk het predikers gewoonlik 'n fokus op hermeneutiese uitleg van die Skrif. "Hermeneutiek" dui op die "kuns van verstaan". Dit is belangrik dat die prediker oor die vaardigheid beskik om die teksgedeelte, die oorspronklike konteks, die geskiedenis van interpretasie en die vertaling daarvan binne die hedendaagse konteks, bymekaar te kan bring (Nel 2008:897). Martin Luther het gesê dat die mens die voetspore van God in die Bybel moet ontdek. Dit is nie die teks wat gepreek moet word nie, maar die lewende God van Wie die teks getuig. Om die voetspore te volg benodig 'n mens goeie oë, om in die teks te sien, en om deur die teks ons wêreld te sien. Prediking moet mense in staat stel om hulle wêreld op 'n nuwe wyse te sien, omdat God se wêreld in hierdie wêreld aangebreek het (Cilliers

1998:1). In hedendaagse Gereformeerde eredienste vind Woordverkondiging plaas in die vorm van ‘n intieme gesprek met mense eerder as ‘n formele redevoering of optrede (Müller 1992:34).

Nadat die gemeente God se Woord gehoor het, word daar deur *gebed* geantwoord. Na die prediking volg gewoonlik ‘n *voorbiddingsgebed*. Die voorafgaande liturgiese elemente en veral die Woordverkondiging behoort daar toe te lei dat die gemeente vir die wêreld wil intree in gebed. Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 54) lig voorbidding uit as een van gelowiges se vernaamste take (Müller 1992:72). Gebed kan voorkom in die vorm van spraak, sang of stilgebed. In gebed gaan dit ten diepste oor ‘n verhouding met God. Gereformeerde gelowiges beklemtoon dat alleen in die Naam van Christus gebid mag word en nie in die naam van engele of heiliges of mense nie (Plaatjies 2008:113). Clasen *et al.* (2007:37) dui daarop dat ses duidelike fasette van erediensgebede onderskei kan word vanuit die Skrif en tradisie, naamlik verootmoediging en skuldbelydenis, aanroeping en lofprysing, epiklese, danksegging, aanbidding en voorbidding.

Die bediening van die *sakramente* hoort saam met Woordverkondiging. Müller (1992:85) verduidelik dat die “naelstring tussen Woord en sakrament nooit deurgesny” mag word nie. Deur die Woordverkondiging word die sakramente binne ‘n bepaalde konteks geplaas. Strauss (2014:369) beskryf sakramente as die “sigbare Woord”. Sakramente is sigbare en tasbare gebeurtenisse wat in die erediens belangrike waarhede van geloof uitbeeld. Barnard (2009:114) verduidelik dit soos volg: “Die sakramente versterk die geloof wat deur die evangelie gewek is. Hulle is sigbare tekens en seëls om die evangelie beter te verstaan. Die sakramente vorm die skakel tussen die ‘sekere wete of kennis’ aan die een kant en die dade aan die ander kant: tussen die geloofsleer en die geloofspraktyk.” Die Gereformeerde tradisie beklemtoon dat die rol van sakramente belangrik is vir die gelowige se identiteit. Die evangelie handel oor hoe gelowiges behoort te leef, maar ook oor wie die geloofsgemeenskap is (Burger 2007:440).

Terwyl daar sewe sakramente in die Katolieke tradisie is, beskou kerke van die Gereformeerde tradisie slegs die doop en nagmaal as sakramente. Daar is ‘n ongemak met die ander vyf sakramente soos dit voorkom in die Katolieke kerk

aangesien dit nie in die Bybel deur Jesus ingestel is nie (Burger 2014:23). Die kerk se standpunt oor die sakramente, het 'n groot rol gespeel tydens die Reformasie. In daardie tyd was daar redelike verskille onder die teoloë oor die betekenis van die sakramente en die wyse waarop God teenwoordig is met die bedien van die sakramente (Burger 2014:28-29). Beide Luther en Calvyn het die sakramente en die Bybel met mekaar verbind as middelle om die gelowige se geloof te versterk en van verlossing te oortuig. Sakramente is gelykydig die mees primitiewe en die mees moderne kommunikasiemiddelle in die erediens. Die woord "primitief" verwys in hierdie sin na die basiese behoeftes en gebruikte van die mens, naamlik om te eet en drink (nagmaal) en te bad (doop) (Müller 1992:75). As gevolg van die multidimensionele karakter wat dit verleen aan kommunikasie tydens die erediens, kan dit as "modern" beskryf word. Alle sintuie word betrek wanneer die sakramente gebruik word en so voldoen dit aan die vereistes van moderne kommunikasiewetenskap (Müller 1992:75).

Müller (1992:76) beskryf die sakramente as 'n "driekantige gebeurtenis", naamlik 'n handeling van God, deelname aan God se beloftes en gemeenskap met mekaar.

Sakramente is 'n *handeling van God*. Die sakramente is so besonders omdat dit 'n Goddelike instelling is en nie iets wat deur die mens self uitgedink is nie (Heidelbergse Katechismus, Sondag 25). Die doop is nie 'n gebruik wat die kerk ingestel het om nuwelinge in te lyf nie, maar die gebaar van God wat uitreik na 'n individu om deel gemaak te word van die liggaam van Christus. Die kerk mag nie die doop se betekenis aanvul tot 'n tipe "toegang tot die gemeente" nie (kyk Buitendag 2001:553). So ook is die nagmaal nie maar net 'n maaltyd met die doel om verhoudings tussen mense te versterk nie. Dit is 'n teken van God se handelinge waardeur die mensdom verlos is. Die sakramente mag nie ligtelik opgeneem word nie en daarom heers daar 'n atmosfeer van gewyde erns in die erediens wanneer die sakramente bedien word. In die sakramente is die Heilige Gees teenwoordig en daardeur werk die Gees in mense se lewens (Burger 2014:31). Die doop en die nagmaal is twee verskillende wyses waarop Jesus se offer aan die kruis uitgedruk word. Dit is 'n terugwysing na 'n gebeurtenis in die geskiedenis waar God se genade deur Christus se werking gestalte kry. Dit is sigbare tekens daarvan dat ons deel het

aan Jesus se verlossingswerk aan die kruis en dat dit die enigste wyse is waarop ons saligheid verkry (Buitendag 2001:548).

Sakramente is ‘n *deelname aan God se beloftes*. Met die sakramente neem ‘n persoon in totaliteit deel in dit wat gebeur, want al die sintuie word betrek. Die sakramente is ‘n bevestiging van God se liefde op kognitiewe, emosionele en sintuiglike vlak. Hierdeur is die sakramente ‘n effektiewe wyse om die mens se behoefté aan ‘n eksistensiële belewenis aan te spreek.

In die NG kerk word kinders van gelowige ouers toegelaat om in die nagmaal deel te neem aan God se beloftes. Vir lank was daar meningsverskille oor die vraag of die nagmaal ontvang mag word voor geloofsbelofte plaasvind en of die doop dien as “toelatingsvereiste” vir die gebruik van die nagmaal (Buitendag 2001:535-536). Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1998 besluit dat kinders wel deelnemers aan die nagmaal mag wees (Prins 2003:466). Die ouers se verantwoordelikheid om die betekenis daarvan aan hulle kinders te verduidelik, word egter beklemtoon (Buitendag 2002:537). Die gemeente se eenheid word deur die nagmaal beklemtoon. Kinders, as deel van hierdie eenheid, mag nie uitgesluit word wanneer die nagmaal gevier word nie (Müller 1992:78).

Sakramente is *gemeenskap met mekaar*. Sakramente gaan nie oor die individu nie, maar oor die gemeenskap van gelowiges. ‘n Individu word gedoopt, maar die doop funksioneer as ‘n teken aan die hele verbondsgemeenskap. Dit is veral belangrik as daar gedink word aan die kinderdoop. Die nagmaal het ‘n kollektiewe karakter, want dit gaan nie net oor gelowiges se verhouding met God nie, maar ook die verhouding met mekaar (kyk Müller 1992:78-88). Die woorde van 1 Korintiërs 11:24 vorm deel van die kerke van die Gereformeerde tradisie se nagmaalformulier. Dit lui soos volg: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis” (NAV). Dit is ‘n bevestiging daarvan dat daar nie net gemeenskap met die Here is nie, maar ook met mekaar. Koinonia word ook hierdeur beklemtoon en maak dit duidelik dat die nagmaal nie net ‘n individualistiese godsdiensstige handeling is nie (kyk Buitendag 2001:546-547). Buitendag (2001:548) verduidelik dit soos volg: “Die doop is die simbool van die vereniging van gelowiges *met* Christus en die nagmaal is die simbool van die vereniging van gelowiges *in* Christus.” In die samelewing wat

gekenmerk word deur isolasie en individualisme is dit belangrik om te beklemtoon dat 'n gemeente individue in gemeenskap met mekaar is (Van der Merwe 2009:134).

Die oorsprong van die *sakrament van die doop* word verbind aan Jesus se opdrag voor sy hemelvaart soos dit opgeteken is in Matteus 28:19: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (NAV). Kerke van die Gereformeerde tradisie bedien die verbondsdoop en daarom word kinders van gelowige ouers gedoopt. Dit is 'n simboliese handeling waardeur die gedoopte toetree tot die verbondsgemeenskap. Regdeur die Bybel loop 'n verbondsteologie. Smit (2002:135) beskryf die Gereformeerde verstaan van die verbondsteologie as "gebore in die oortuiging dat die lewende God bemoeienis maak met die geslagte, in die talle kulturele, historiese en organiese verbande waarin konkrete mense hulself bevind". Die verbondsdoop verwys terug na die verbond wat God met Abraham gesluit het waarvan Genesis 17:7 vertel, naamlik: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (NAV). As sigbare teken van hierdie verbond, het elke manlike persoon in die familie die besnydenis ontvang. Elke seun wat gebore is, is ook besny.

In die Nuwe Testament het Jesus Christus die nuwe verbond bewerkstellig, naamlik die doop. Die doop het die besnydenis vervang as teken van God se verbond met die mens. Dit word ondersteun onder andere Kolossense 2:11-12 waar die besnydenis en doop soos volg met mekaar verbind word:

Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het (NAV).

In die Nuwe Testament word die teken van God se verbond, naamlik die doop, aan alle lede van gelowige gesinne gegee. Die kerke van die Gereformeerde tradisie

plaas klem op God as die handelende party. Dit is nie nodig vir 'n dopeling om die betekenis van die doop te verstaan voordat die doop kan plaasvind nie. Luther het dit soos volg verduidelik (Van der Merwe 2009:129):

Wie die doop op die geloof van die dopeling wil fundeer, mag nooit 'n mens doop nie. Want al sou 'n mens honderd maal doop, sal jy nog nie één keer weet of hy regtig glo nie. Iemand kan sê: toe ek as kind gedoop is, het ek nog nie geloof gehad nie. Wel nou, wanneer die duiwel more kom en sê: O wee, eers nou voel ek die egte geloof, gister het ek nie werklik geglo nie, komaan, ek moet my nog 'n keer vir die derde maal laat doop, word die tweede doop weer niks werd nie. Ja, leer hom maar ken, hy kan nog veel meer, liewe vriend!

Die verbondsdoop verklaar dat God na die mens uitgereik het nog voordat die mens geweet het hoe om na God uit te reik. Die doop definiëer wie die gelowige werklik is, naamlik God se kinders. Die doop is 'n openbare viering van God se onvoorwaardelike liefde vir gelowiges (kyk van der Merwe 2009:136-139). Die doopformulier soos dit gevind word in "*Vir die erediens: 'n Handleiding*" gee die opdrag duidelik:

Kinders van gelowiges moet gedoop word omdat God die kind van die begin af insluit in sy verbond met die gelowige ouers. Al verstaan die kinders nog nie die doop nie, verander dit niks aan die geldigheid daarvan vir hulle nie. Trouens, dit beklemtoon juis die feit dat dit God is wat uit vrye genade ook in hulle geval die inisiatief in hulle verlossing neem (Clasen et al. 2007:51).

Die NG Kerk bedien ook die doop aan volwassenes wat tot bekering kom later in hulle lewe en nooit voorheen gedoop is nie. Die NG Kerk laat verder ook ruimte vir persone wat sterk voel oor die bekeringsdoop. 'n Konsep is daaroor geformuleer. Dit lui soos volg (kyk Van der Merwe 2009:143):

Ons erken beide die kinderdoop en volwasse doop. Wanneer lidmate wat as kinders gedoop is, hulle in die vernuwingsgemeente as volwassenes

laat doop, sien ons dit nie as ‘n vervanging van die kinderdoop nie, maar as ‘n herbevestiging daarvan.

Gereformeerdes glo dat die doop mense by God se verbond insluit, maar dat dit nie noodwendig geloof by ‘n persoon bewerkstellig nie. Verlossing berus op die mens se persoonlike aanneming van Christus se verlossingswerk. Persone wat gedoop is, word dus nie outomatis gered nie (kyk Burger en Wepener 2007:55).

Soos die doop aan die verbond verbind word, beskryf die NG Kerk die *nagmaal* as ‘n “verbondsmaaltyd”. Die nagmaalformulier beklemtoon belangrike eienskappe van die nagmaal (kyk Clasen *et al.* 2007:70-72). Die nagmaal word beskryf as ‘n “gedagtenismaaltyd”. Die nagmaal word gevier om gelowiges te herinner aan Jesus se lyding, sterwe en opstanding. Daar word terugverwys na Jesus se laaste maaltyd saam met sy dissipels toe Hy brood en wyn gebruik het as simboliese tekens van sy gekruisigde liggaam (Clasen *et al.* 2007:41-42). Dit herinner gelowiges aan Jesus se woorde soos dit opgeteken is in Lukas 22:19: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis” (NAV).

Die nagmaal word as ‘n “waarborg” beskryf. Die brood en wyn as werklike tekens, simbolies van Jesus se liggaam, waarborg dat die verlossing wat Jesus bewerkstellig het ‘n werklikheid is waaraan gelowiges deel het. Die nagmaal is die viering van van “gemeenskap met die lewende Here en met mekaar”. Die nagmaal is ‘n herinnering daaraan dat Christus teenwoordig is en dat gelowiges met God in ‘n verhouding moet leef. Die nagmaal herinner gelowiges ook daaraan dat hulle een geloofs familie is wat in ‘n verhouding met mekaar staan. Die motivering hiervoor word gevind in 1 Korintiërs 10:17: “Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood” (NAV). Die nagmaal bevestig dat gelowiges ‘n “toekomsverwagting” het. Gelowiges wag in afwagting vir Jesus se wederkoms en die dag wanneer die bruilofsmaaltyd van die Lam saam gevier sal word.

Die nagmaal is ‘n “vreugdefees”. Alhoewel die nagmaal ‘n herinnering is aan droewige gebeure lei dit wat Jesus Christus aan die kruis bewerkstellig het daartoe dat gelowiges kan uitsien na die vreugde wat in die toekomstige eeu sal aanbreek.

Die nagmaal is 'n "fees van dankbaarheid". Gelowiges word oortuig van die verlossing waarin mense kan deel. Dit is 'n geleentheid waar hernude dankbaarheid lei tot hertoewyding aan God.

Gereformeerde kerke plaas klem daarop dat gelowiges wat die nagmaal wil gebruik, berou sal hê oor die sondes wat nog deel is van hulle lewens. Hierdeur word daar gehoor gegee aan die opdrag en waarskuwing wat aangetref word in 1 Korintiërs 11:27-29:

Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself (NAV).

Die instellingswoorde van die nagmaal gaan gepaard met simboliese handelinge wat die betekenis van die tekens van brood en wyn verder verhelder. Na die gebruik van die tekens van brood en wyn, volg 'n lofverheffing. Dit behoort vir gelowiges 'n natuurlike reaksie te wees om lof aan God te betoon na die ervaring van die nagmaal.

Gelowiges se dankbaarheid en toewyding word sigbaar gedemonstreer deur die gee van offergawes. Dit het 'n Bybelse oorsprong en is simbolies van gelowiges se dankbaarheid vir God se gawes, veral die gawe van verlossing wat gelowiges deelagtig is deur die werk van Jesus aan die kruis. Müller (1992:100) verduidelik die belangrikheid van die liturgiese oomblik soos volg: "n Mens kan nie net 'geestelik' reageer op God se blye boodskap nie, jy moet dit ook in dade en in materie antwoord gee. Eers wanneer dit gebeur, word dit duidelik dat die evangelieboodskap die diepste kamers van jou hart bereik het." In die vroegste Gereformeerde eredienste is offergawes na die preek of na die voorbiddingsgebed ingesamel en dit is vandag nog hoofsaaklik die gebruik. Dit is veral gepas aangesien offergawes in die Nuwe Testamentiese tyd veral gebruik is om hulp te verleen aan behoeftiges (Clasen et al. 2007:45).

Die *antwoordlied*, ook bekend as die slotsang is 'n belangrike deel van die gemeente se antwoord op die voorafgaande gebeure in die erediens. Deur hierdie lied kan die boodskap van die Woordverkondiging versterk word en 'n blywende indruk laat. Die keuse van die regte lied is belangrik, want 'n verkeerde liedkeuse kan die positiewe belewenis wat deur die voorafgaande liturgiese oomblikke bewerkstellig is, in 'n negatiewe belewenis verander.

Die Reformatore het die gebruik voortgesit wat in die Ou Testament en die vroeë kerk aangetref is, naamlik om 'n erediens af te sluit met 'n seën. Dit illustreer dat die hele erediens aan God behoort. Die erediens begin by God se aanvangswoord en word afgesluit deur God seën, vanwaar God ook saam met die gelowiges weer die lewe buite die erediens betree. Dit is 'n wegsending met die oog op die wêreld. Van der Merwe (2009:177) beskryf dit soos volg: "Die ervaring wat die wegsendingsbeweging wil suggereer is die ervaring van 'n ernstige verbintenis om dit wat in die erediens beleef en gehoor is in God se wêreld te gaan waar léef." Die gebruik dat die prediker sy of haar hande ophef, is afkomstig van gebruiken in ou Israel. Die gemeente ontvang die seën staande. Die seën word kollektief oor die gemeente uitgespreek, maar is bedoel om elke lidmaat persoonlik aan te spreek.

In die Gereformeerde tradisie het die seën die karakter van 'n gawe of reeds verhoorde gebed, eerder as 'n begeerte of 'n wens. Dit dien as 'n bevestiging van God se genade, liefde en teenwoordigheid wat gelowiges vergesel (Müller 1992:103-104). Müller (1992:23) stel dit soos volg: "Ware liturgie eindig nie aan die einde van die erediens nie, dit loop altyd uit op die erediens van die lewe. Daarom dra die seën aan die einde van die erediens nie die karakter van 'n afsluiting nie, maar van 'n wegsending – 'n stuur in die wêreld in met 'n taak." Die woorde van 2 Korintiërs 13:13 word dikwels gebruik as klassieke Gereformeerde seën: "Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees" (NAV). Die Aäronitiese seën soos dit gevind word in Numeri 6:24-26 word ook dikwels gebruik: "Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!" (Clasen et al. 2007:47-48).

Hoewel die erediens ‘n einde bereik het, gaan God se diens in die wêreld voort. Dit word gedemonstreer deur die *aankondigings*. Dit word teologies begrond deur lidmate se werkzaamhede en uitrek na die samelewing as ‘n belangrike deel van gelowiges se lewe. In die erediens is gelowiges se oë geopen vir die wyse waarop daar in die wêreld geleef moet word. Die seën is die uitsuur na die liturgie van die wêreld. Clasen *et al.* (2007:46) stel dit soos volg: “So vervul die aankondigings ‘n skarnier- of brugfunksie tussen die wêreld, geloof en die erediens, en tussen die gemeente-aktiwiteite van die week en erediens.”

## HOOFTUK 3

### SPIRITALITEIT

#### 3.1 Die begrip “spiritualiteit”

In hierdie hoofstuk word die breë begrip “spiritualiteit” kortlik bespreek. Dan vernou die fokus eerstens na Christelike spiritualiteit en dan verder na Gereformeerde spiritualiteit. Die vier spirituele voorkeurgroepe, soos geïdentifiseer deur Corinne Ware, word verduidelik. Haar indeling word benut vir hierdie ondersoek na erediensgangers se persoonlike ervarings van eredienste in die NG Kerk teen die agtergrond van hulle spirituele voorkeure. Kenmerke van elke voorkeurgroep word beskryf, sowel as gevare wanneer daar nie 'n gesonde spirituele balans gehandhaaf word nie.

Spiritualiteit is 'n wye begrip wat moeilik saam te vat is in 'n enkele beskrywing. Dit beteken verskillende dinge vir verskillende mense (kyk Dreyer 1998:290). Daar is geen universeel aanvaarbare verstaan van wat spiritualiteit beteken nie. Die betekenis van “spiritualiteit” word gekleur deur die konteks. Spiritualiteit is nie iets wat waargeneem kan word nie (Perrin 2007:16). Dit word meesal met godsdiens geassosieer, maar is 'n algemeen-menslike verskynsel wat nie beperk is tot spesifieke religieë nie. In dié sin kan mense “spiritueel” wees, sonder om noodwendig “godsdienstig” te wees. Daar bestaan selfs ook iets soos “ateïstiese spiritualiteit” (kyk Bras 2001:14).

Spiritualiteit is 'n akademiese veld wat op verskillende vakterreine ondersoek word. Voorbeeld daarvan is die vakterreine van die opvoedkunde, gesondheidsorg, ekonomiese en bestuurswetenskappe en kultuurstudie. Ook buite akademiese kringe is dit 'n relevante en veelbesproke onderwerp (Perrin 2007:11; vgl Sheldrake 2013:13-14). Spiritualiteit is een van die vlakke van menswees waar mense uitdrukking gee aan ervaring. Dit kan onder andere deur media soos geskrewe tekste, kuns en musiek gedoen word (kyk Perrin 2007:20).

Spiritualiteit is die ervaring van betekenisvolle betrokkenheid by wat verder strek as die individuele en persoonlike grense. Spiritualiteit is deel van menslike ervaring selfs voordat mense nog daardie ervaring kan identifiseer en in verband bring met

spesifieke godsdienstige of spirituele oortuigings en praktyke. Dit kan enigiets wees wat sin aan mense se lewens gee of hoop bied vir die lewe. Die meeste mense beskik dus oor 'n vorm van spiritualiteit, omdat hulle op die een of ander wyse sin soek in iets groter as hulleself. Schneiders (2005:1) verduidelik dit soos volg: "Spirituality as lived experience can be defined as conscious involvement in the project of life integration through self-transcendence toward the ultimate value one perceives." Hierdie "ultimate value" kan na God verwys, of nie.

Spiritualiteit kom tot uitdrukking in mense se lewenswyse. Dit speel 'n rol in hulle keuses, optrede en lewensbeskouing. Spiritualiteit gaan ten nouste gepaard met mense se soeke na geestelike vervulling. Mense word nie net gemotiveer deur uiterlike materiële dinge wat hulle wil bereik nie, maar het ook innerlike doelwitte (Sheldrake 2013:16). Spiritualiteit is 'n geleefde realiteit van rituele, praktyke en gedrag wat saam 'n lewenswyse vorm (Downey 1997:7). Mense is komplekse wesens wat voortdurend ontwikkel en verander. Ook hulle spiritualiteit is vloeibaar omdat dit verband hou met die wisselende omstandighede van die alledaagse lewe (Ware 1995:48).

### **3.2 Christelike spiritualiteit**

Van die breë beskrywing van spiritualiteit vernou die fokus van hierdie studie eerstens na "Christelike spiritualiteit". Ook in die Christelike godsdiens is daar 'n groot verskeidenheid sienings wat spiritualiteit betref. Jonker (1989:288) stel dit soos volg: "Die betekenis wat daaraan geheg word, is nie altyd sonder meer duidelik nie, omdat dit nie altyd in dieselfde sin gebruik word nie."

Beskrywings van Christelike spiritualiteit gaan ver terug na klassieke skrywers van eeu geledewat oor "Christelike spiritualiteit" nagedink het, hoewel dit nie altyd so benoem is nie. Julian van Norwich uit die veertiende eeu, en Theresa van Avila uit die sesentiende eeu, is twee voorbeelde. In meer resente tye kan die werk van byvoorbeeld Andrew Murray beskou word as nadenke op die terrein wat vandag spiritualiteit genoem word. Sy werk is derhalwe vandag steeds gewild (Jonker 1989:289). "Christelike spiritualiteit" is nie 'n term wat gelowiges noodwendig ken of gebruik nie. Die saak waarna dit verwys, word verskillend benoem. Christelike "spiritualiteit" is 'n hedendaagse term vir wat vroeër beskryf is as "vroomheid,

godvresendheid of godsvrug". In die Nuwe Afrikaanse Bybel-vertaling word dit met "toewyding" of "diens aan God" weergegee (Jonker 1989:288).

Hoewel Jonker (1989:288) spiritualiteit reeds in 1989 beskryf het as "hoog in die mode", het dit nie soos 'n modegier verbygewaai nie. Inteendeel, gesprekke en studies oor spiritualiteit het toegeneem. Die groeiende belangstelling in spiritualiteit is kenmerkend van 'n postmoderne samelewing. Die moderne era se klem op die rationele kant van die mens, het plek begin maak vir 'n groter klem op ervaring en die spirituele kant van die mens (Louw 1980:143). Hedendaagse mense het 'n behoefte aan ervaring en spiritualiteit het te doen met ervaring. Spiritualiteit geniet nie net toenemend aandag binne kerklike gemeenskappe nie, maar ook in die breër gemeenskapslewe (Van den Beek 1996:3; vgl Dreyer 1998:290).

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat "Christelike spiritualiteit" 'n manier is waarop individue met hulle unieke persoonlikheid en agtergrond God beleef. Christelike spiritualiteit word dikwels omskryf as "*n lewe coram Deo*". Dit behels die besef dat die totale lewe met al die fasette daarvan elke dag voor die aangesig van God geleef word (Dreyer 1998:294). Smit (1989:86) verduidelik spiritualiteit as die wyse waarop 'n mens persoonlik met God omgaan. Dit sluit in mense se "verstaan en vertolking van die teenwoordigheid en aktiwiteit van God in die wêreld". Aangesien dit nie deur ander waargeneem kan word nie, kan dit nie beskryf word nie (Smit 1995:24).

Ware (1995:10) beskryf spiritualiteit as die manier hoe 'n persoon die transiente ervaar, asook alle menslike pogings om met God, kontak te hê. Emosie en belewenis is belangrike aspekte van spiritualiteit. Daarom het mense nie beheer daaroor nie en kan gelowiges soms ook onverwagse en onbeplande spirituele ervarings hê. Jonker (1989:288) beskryf spiritualiteit as dit wat "na die geestelike lewe van die mens in verhouding tot God verwys". Spiritualiteit gaan oor wat plaasvind in die diepste wese wanneer die mens se gees met God se Gees kontak maak. Perrin (2007:26) beskryf Christelike spiritualiteit as die verhouding tussen die Heilige Gees en die mens se gees. God se teenwoordigheid staan dus sentraal. Perrin (2007:26) stel dit soos volg: "Spirituality becomes Christian when the Christian God is the ultimate concern of one's life; self-transcendence refers to modeling one's

life after the life of Jesus; and the ‘spirit’ in spirituality is identified with the Holy Spirit.”

Christelike spiritualiteit behels ‘n lewe in verhouding met God deur die teenwoordigheid van die Gees in die mens. McGrath (1999:2) beskryf Christelike spiritualiteit soos volg: “Christian spirituality concerns the quest for a fulfilled and authentic Christian existence, involving the bringing together of the fundamental ideas of Christianity and the whole experience of living on the basis of and within the scope of the Christian faith”. Elizabeth Dreyer (1995:216) verduidelik “Christelike spiritualiteit” as ‘n alledaagse lewe wat uitdrukking gee aan dit waarin ‘n persoon glo. So ‘n lewe word gekenmerk deur die leiding van die Heilige Gees wat individue bemagtig om met hulself, hulle naaste en die wêreld om te gaan met selfopofferende liefde soos die van Jesus. Downey (1997:31) verduidelik dat Christelike spiritualiteit uitgeleef word wanneer ‘n persoon in die teenwoordigheid van die Heilige Gees leef, geloof in Jesus Christus bely en hom volg. Bras (2001:14) beskryf Christelike spiritualiteit as ‘n lewe onder die inspirasie van Jesus Christus en ‘n soeke om in verbondenheid met God te leef. Dit is die eksistensiële ervaring van geloof soos dit persoonlik sowel as gemeenskaplik beoefen word. Die mens leef deur God se Gees. Lewensin kan net in God gevind word. Daarvoor is die herskepping van die mens deur God nodig. Bras (2001:16-17; vgl Dreyer 1998:379) verwys na hierdie herskeppende verhouding tussen God en mens as “spiritualiteit”. Dit gaan oor die hele proses van herskepping en het nie net te make met emosie, siel en ervaring nie. Dit is ‘n dinamiese begrip wat ook die rede en liggaam insluit. Joan Wolski Conn (1986) beskryf spiritualiteit as “allesomvattend in die gelowige se lewe”. Conn (1986:3) stel dit soos volg:

Christian spirituality involves the human capacity of self transcending knowledge, love and commitment as it is actualized through the experience of God, in Jesus, the Christ, by the gift of the Spirit. Because God’s Spirit comes to us only through experience and symbols inseparable from human community and history, Christian spirituality includes every dimension of human life.

“Christelike spiritualiteit” verwys dus nie na iets bonatuurliks of buitengewoons nie. Dit is die egte ervaring van mense met God. Elke persoon se geestelike reis is uniek en die werking van die Heilige Gees is onvoorspelbaar. Spiritualiteit is ‘n stille krag onderliggend aan mense se daaglikse lewens en word op diverse maniere beleef (Waaijman 2002:1).

### **3.3 Spiritualiteit en godsdiens**

Spiritualiteit hou nie primêr verband met godsdiestige geloof of verpligtinge nie, maar met die ervaring van die gelowige (Downey 1997:8). Downey (1997:13) beskryf die verhouding tussen spiritualiteit en godsdiens soos volg: “If spirituality is subjective, religion is objective, external, less personal.” Nicol (2008:18) onderskei soos volg tussen spiritualiteit en godsdiens: “Die woord ‘spiritualiteit’ praat van die manier waarop ons ons verhouding met God ervaar. Ons kan immers op twee maniere oor die geloof praat. Die een is om te sê *wat* ons glo (geloofsleer, dogmatiek, die Kategismus) en die ander is om te sê *hoe* ons ons geloof beleef (spiritualiteit).” Perrin (2007:44-46) beskryf godsdiens as iets wat geïdentifiseer kan word met gesaghebbende spirituele tradisies en strukture, met praktyke, simbole en tekste. Hierdie aspekte kom op eiesortige wyse in elke spesifieke geloofstradisie voor. Dit strek verder as die individu en sluit die groter geloofsgemeenskap, waarvan elke individu deel is, in.

Geloofsgemeenskappe het bepaalde algemene leerstellings, gesagstrukture, wêreldbekouings en grense. Godsdiens bepaalnorme en gedragskodes waarvolgens mense moet lewe. Die kenmerke waaraan spesifieke geloofsgemeenskappe herken kan word, word oor ‘n lang tydperk gevorm. Spirituele ervarings, daarteenoor, is onverwags omdat mense dit nie kan lâat plaasvind nie. Dit is vanself teenwoordig. Rituele, liturgieë en tradisies is nie nodig om ’n ervaring van God te hê nie. Die lewende God word in die alledaagse lewe ontmoet (kyk Perrin 2007:44-46). Volgens Perrin (2007:32) kan “Christelike spiritualiteit”, die Christelike tradisie en geloof ten volle benut terwyl dit terselfdertyd die grense van gevestigde godsdiens en teologie oorstyg. Christelike spiritualiteit is altyd oop vir nuwe maniere waarop die Gees se teenwoordigheid waargeneem word, binne en buiten die Christelike gemeenskap.

Spiritualiteit gaan nie in die eerste plek oor godsdienslike strukture, gewoontes en gebruiks nie. Daarom is die eerste prioriteit ook nie om strukture en ou maniere van doen te beskerm nie. Spiritualiteit, anders as godsdiens, skryf nie duidelike norme voor waarvolgens geleef moet word nie. Vir Ware (1995:4) is die primêre doel van godsdiens om 'n verbintenis tussen die persoon en die Skepper te bewerkstellig. Dit word gefasiliteer deur godsdienslike praktyke. Spiritualiteit, aan die ander kant, is uitdrukking van die ervaring van God.

Daar bestaan wel konkrete en beplande spirituele praktyke met spesifieke doelwitte. Dit is egter nie 'n wesenskenmerk van alle spirituele praktyke nie. Sommige spirituele praktyke kan nie beskryf en herhaal word nie. Daar is geen waarborg dat dieselfde spirituele praktyke dieselfde uitkoms sal hê nie. Soms kan God op so 'n "onmiddellike" wyse deur mense ervaar word en so kragtig in mense se lewens werk dat die ervaring van God nie binne die raamwerk van gewone geloofpraktyke geplaas kan word nie (Marmion 1998:66). Sommige spirituele praktyke is fisiese handelinge, terwyl ander weer dinge is wat net vanself binne in 'n persoon gebeur. Soms behels dit om net in God se teenwoordigheid te verkeer (Perrin 2007:272;290). Vir Marmion (1998:62) is een van die primêre take van die Christelike teologie om te toon hoe die eenvoudigste tekens van hoop, liefde en geloof in die alledaagse lewe terugverwys na die teenwoordigheid van God.

### **3.4 Spiritualiteit en konteks**

Christelike spiritualiteit is ten nouste verbonde aan die konteks, omdat die konteks 'n beduidende invloed het op die identiteit en spiritualiteit van individue en gemeenskappe (Perrin 2007:12). Spiritualiteit is dus spesifiek tot 'n konteks. Faktore soos ligging, kultuur, geskiedenis, geografie, asook politieke, sosiologiese en kerklike kwessies beïnvloed die vorm en ontwikkeling van spiritualiteit. Konteks vorm persoonlike identiteit en die omgewing beïnvloed wie mense is en hoe hulle leef in verhouding tot God, ander, hulself en die wêreld (Perrin 2007:58-59). Dreyer (1998:295-296) beklemtoon dat spiritualiteit veranderlik is in die sin dat dit deur konteks, kultuur, tradisie en theologiese denke beïnvloed word. Derhalwe moet die konteks krities ondersoek word om die invloed daarvan op spiritualiteit vas te stel.

Spiritualiteit is nie net 'n persoonlike saak nie. Individue se spiritualiteit is ingebed in die bepaalde samelewing, gemeenskap en geloofsgemeenskap waarvan hulle deel is. Binne die Christelike godsdiens kom verskillende spiritualiteite verskillend tot uitdrukking in die onderskeie belydenistradisies, kulture en maatskaplike kontekste. Jonker (1989:289) verduidelik dit soos volg: "Daar is 'n innige verband tussen spiritualiteit (geloofsbelewing) en belydenis (geloofsverstaan) binne 'n geloofsgemeenskap." Verder kan die konteks en geloofstradisie nie van mekaar geskei word nie. Volgens Michael Downey (1997:2) word egte Christelike spiritualiteit uitgedruk in verhouding met die geloofstradisie. Tradisie is volgens hom veral belangrik vir 'n studie oor spiritualiteit in 'n onsekere wêreld. Vir Perrin (2007:12) is historiese bewussyn 'n belangrike faktor, omdat mense die produk is van die geskiedenis.

Geloofsgemeenskappe behoort bewus te wees van die dinge wat hulle spiritualiteit en identiteit vorm. So 'n bewussyn kan dan bydra tot die behoud van die kern van die geloofstradisie terwyl die nodig vernuwing steeds bly plaasvind (Dreyer 1998:304). Dreyer (1998:304-305) verduidelik dat mense dikwels vashou aan ou tradisies en gewoontes omdat hulle meen dat dit deel is van die geloofsgemeenskap se identiteit. Dit is nie noodwendig die geval is nie. As die geloofsgemeenskap gewortel is in hulle unieke identiteit, kan daar sonder bedreiging gesoek word na wyses om te vernuwe. Daar is 'n noue verband tussen die spiritualiteit en die "etos" van 'n denominasie. 'n Denominasie of gemeente se etos vind neerslag in bepaalde gebruiks en gewoontes (Dreyer 1998:14; vgl Dreyer 1999:362). 'n Christelike geloofsgemeenskap se etos behoort inklusief te wees en ruimte te laat vir menslike verskille. Dit sluit in verskille betreffende kultuur, ouderdom en geslag (Dreyer 1999:362).

Beide tradisie en teologie speel 'n groot rol in 'n gemeenskap se spiritualiteit. Verskille in spiritualiteit binne dieselfde tradisie is onder andere as gevolg van verskillende wyses waarop die Skrif verstaan en geïnterpreteer word (Dreyer 1999:360-361).

Dreyer (1998:301-302) verduidelik dit soos volg:

Spiritualiteit word dus nie slegs gekleur deur breë teologiese tradisies nie, maar word nouer begrens tot die spiritualiteit van 'n bepaalde kerk, wat die identiteit van daardie geloofsgemeenskap vorm. 'n Mens sou waarskynlik deur navorsing kon aantoon dat selfs binne 'n bepaalde kerk verskillende gemeentes nuanse verskille in spiritualiteitstipes verteenwoordig.

### **3.5 Gereformeerde spiritualiteit**

Hierdie ondersoek fokus spesifiek op die spiritualiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Soos die naam aandui, is die NG Kerk 'n denominasie binne die breër Reformatoriiese tradisie. Gereformeerde spiritualiteit is nie volkome eiesoortig of eksklusief nie, maar deel verskeie elemente met ander Christelike tradisies (Smit 1989:183). Elemente wat gemeenskaplik is met ander Christelike tradisies kan as "ekumeniese spiritualiteit" benoem word (Smit 1989:84). Elemente wat gemeenskaplik is in Gereformeerde kringe, kan beskryf word as "Gereformeerde spiritualiteit".

Binne die Gereformeerde tradisie bestaan daar ook verskillende spiritualiteite. Daarom kan 'n mens "sekere tipiese trekke van die gereformeerde vroomheid" uitlig, maar dit is nie moontlik om "egte en normatiewe gereformeerde vroomheid" te beskryf nie (Smit 1988:182-183). Verskillende gemeentes met elkeen se eiesoortige konteks, gebruikte en gewoontes, het verskillende spirituele kenmerke. Dit kan gesien word as "gemeentelike spiritualiteit" binne die oorkoepelende "Gereformeerde spiritualiteit". Verder is daar ook "persoonlike" of "individuele" spiritualiteit wat nou verwant is aan 'n individu se persoonlikheid (Smit 1989:86). Vervolgens word van die "tipiese trekke" van Gereformeerde spiritualiteit bespreek.

Spiritualiteit verander voortdurend en daarom sal Gereformeerde spiritualiteit ook met tyd verander. Die kern van Gereformeerde spiritualiteit kan egter wel aangedui word (kyk Smit 1989:183-186). Die vertrekpunt van Gereformeerde spiritualiteit is dat God teenwoordig is in die alledaagse lewe. Die klem is op die grootheid van God. Die mens se bestaan voor God se aangesig, in God se teenwoordigheid. Aanbidding en lofprysing van God in die totale lewe kry sterk klem. Tradisioneel fokus die

Gereformeerde spiritualiteit meer op *geloof* as op *ervaring* (Nicol 1996:40-41). Godsdiens word nie in afsondering of in isolasie beoefen nie, maar kry gestalte in die praktyk van 'n gelowige se lewe van elke dag. Dit is 'n geïntegreerde spiritualiteit en omvat die totale lewe van gelowiges (Smit 1988:186; kyk Nicol 1996:41).

Spiritualiteit kan gesien word as die patroon waarvolgens mense hulle lewens inrig as reaksie op God se teenwoordigheid (Pillay 2017:5). Dit beteken om erns te maak met God se teenwoordigheid en op so 'n wyse te leef dat God se teenwoordigheid sentraal staan in alles wat gelowiges doen. Spiritualiteit keer nie weg van die wêrelde nie, maar huis na die wêrelde toe. Gereformeerde spiritualiteit is daarop gerig om op so 'n wyse in die wêrelde betrokke te wees dat die wêrelde op 'n positiewe wyse getransformeerd word en gemeenskappe opgebou word. Gereformeerde spiritualiteit wil in die hier en nou met 'n transformerende proses besig wees. Die Reformatore se uitgangspunt was dat spiritualiteit nie buite die werklikhede van die lewe staan nie. Die samelewing moet getransformeerd word tot eer van God. Strukture van kerke in die Gereformeerde tradisie is derhalwe dikwels betrokke by skole, kinderhuise, universiteite en sosio-politieke ontwikkeling. Echte Gereformeerde spiritualiteit is nie eensydig op 'n individu se eie ervaring gerig nie, maar fokus ook op ander (Burger 1995:95). Spiritualiteit en etiek kan nie los van mekaar gesien word nie, want die verband tussen 'n verhouding met God kan nie losgemaak word van alledaagse lewenspraktyke nie (Jonker 1989:291).

Gereformeerde denke kom voort uit 'n moderne paradigma. Lering neem 'n belangrike plek in. Gereformeerde spiritualiteit plaas klem op die rede. Daar word gesteun op belydenisskrifte en dogma (Dreyer 1999:375-376). God se Woord en beloftes staan sentraal. Een van die grootste bydraes wat die Reformasie tot spiritualiteit gelewer het, was om die Skrif toegangklik te maak vir alle gelowiges sodat hulle dit self kan lees. Gereformeerdes glo egter nie "in die Bybel nie", maar eerder "in die lewende Verbods-God" wat deur die eeue met mense praat deur die Woord en Gees (Smit 2002:129).

Die Gereformeerde tradisie beklemtoon die gelykwaardigheid van die drie persone van die Drie-eenheid. Christus is die Middelaar, nie in 'n mistieke sin nie, maar in 'n etiese sin. Die behels vir gelowiges 'n lewenslange afsterwe van die ou mens en die

opstaan van die nuwe mens. Die Heilige Gees word ten nouste gekoppel aan die Woord (Smit 2013:28-29). Genade en geloof is verder belangrike elemente van Gereformeerde spiritualiteit. Die hoofkous is op God en God se genade en nie op die mens nie. In Reformatoriese spiritualiteit gaan dit primêr om God en die wyse waarop God by mense betrokke is (Dreyer 1999:375). Die mens kan niks bydra nie. Daar is geen sprake van verdienstelikheid nie. Daarom kan die mens met vrymoedigheid voor God leef (Dreyer 1998:297).

In hierdie tradisie is die fokus op Christus as die handelende party buite die mens, eerder as op menslike ervaring. Die klem is minder op die subjektiewe geloof van mense as op die objektiewe heilsgeskiedenis. God se verbond met en genade vir mense word beklemtoon (Dreyer 1998:299). Die gevolg van verlossing uit genade is 'n dankbare lewe van gehoorsaamheid aan God, deur die werking van die Heilige Gees. So 'n lewe van gehoorsaamheid behels voortdurende toewyding aan God. Die Wet verwoord 'n heilige lewenswyse wat met selfverloëning gepaard gaan (Jonker 1989:293-299). Gereformeerde spiritualiteit word nie gekenmerk deur euforiese vreugde nie. Dit is eerder 'n matige vreugde omdat mense voortdurend bewus is van die sondige menslike natuur. Dit is waarom mense in hierdie tradisie normaalweg nie met groot entoesiasme oor hulle eie geestelike belewenisse getuig nie (Dreyer 1998:299).


### **3.6 Persoonlike spiritualiteit en spirituele voorkeure**

#### **3.6.1 Die spiritualiteitswiel**

Binne die Gereformeerde spiritualiteit, soos in elke Christelike geloofstradisie, het mense verskillende spirituele voorkeure. Die uitgangspunt van hierdie studie is dat daar in die algemeen nie voldoende ruimte gemaak word vir die verskeidenheid van menslike spiritualiteit en spiritualiteitsvoordeure in die eredienste van NG gemeentes nie. Die studie ondersoek dus NG lidmate en oud-lidmate se spirituele voorkeure en belewenisse. Insig in spirituele verskille en voorkeure kan daartoe bydra dat eredienste met groter omsigtigheid beplan word (kyk Ware 1995:xii).

Spirituele voorkeure moet benoem kan word. Mense moet hulle eie plek en voorkeure binne die breër Christelike tradisie kan identifiseer en verstaan. In 1981

het Urban T Holmes 'n inleidende handboek oor spiritualiteit geskryf met die titel *A history of Christian spirituality*. Holmes se waardevolle bydrae is 'n tipologie van spirituele voorkeure, spesifiek gefokus op die praktyk van gebed. Hy ontwikkel die *Circle of sensibility* om dit uit te beeld. Corinne Ware (1995:2) bou op Holmes se werk en fokus onder ander op hoe mense op verskillende aanbiddingspatrone reageer. Ware het Holmes se sirkel aangepas tot vier kwadrante wat vier spirituele voorkeurgroepe aandui. Sy noem die spiritualiteitsvoordeure "spiritualiteitstipes" en benoem die tipes as "kop", "hart", "mistiek" en "hand". Die "spiritualiteitswiel" van Ware (1995:30) lyk soos volg:



Die vertikale as verteenwoordig die manier waarop mense tot kennis van God kom. Dit staan bekend as die *spekulatief-affektiewe as*. Mense kan tot kennis kom deur die rede (kop) of deur gevoelens (hart). Deur middel van die rede kan kennis op 'n spekulatiewe wyse ingewin word. Dit behels logiese feite waar die intellektuele of kognitiewe sy van die mens dominant is. Die ander moontlikheid is om op 'n affektiewe wyse tot kennis kom. Die hart is hier sentraal en die fokus is op gevoelskennis, instinktiewe kennis en intuïtiewe kennis in. Alhoewel daar by individue en gemeentes dikwels 'n groter neiging is na slegs een van hierdie twee wyses om tot kennis te kom, is albei van belang (Ware 1995:31-32).

Die horisontale as stel die wyse voor waarop Goddelikheid verstaan word. Dit staan bekend as die *apofaties-katafatiiese* as (kyk Perrin 2007:111). Mense kan oor God praat, maar God is nooit gelyk aan wat mense oor God sê nie. Al die simbole en tekens wat gebruik word om God se teenwoordigheid in die wêreld uit te beeld, kan nooit die Goddelike realiteit ten volle beskryf nie. God kan slegs beskryf word op grond van menslike ervaring.

Die twee terme, “apofaties” en “katafatiës” is aan Grieks ontleen. Ware (1995:8) vervang die terme met meer algemene gebruikswoorde, naamlik *mystery* vir “apofaties” en *imaging* vir “katafatiës”. Die begrip “apofaties” is afgelei van die Griekse woord *apophasis* wat “ontkenning” beteken. Volgens McGrath (1999:118) kan die term “apofaties” die beste vertaal word met “negatief”, aangesien dit verwys na ‘n benadering wat positivistiese idees oor die kenbaarheid van God verwerp en eerder die onkenbaarheid van God beklemtoon. Hierdie apofatiiese wyse van tot kennis kom staan ook bekend as die *via negativa* (negatiewe wyse). Die klem is op die beperking van wat die mens direk of selfs indirek van God kan weet. Dit erken dat God buite enigiets is wat mense kan ken en buite bereik van menslike taal, hoewel mense nie anders kan as om hulle ervaring van God te probeer verwoord nie. Die klem val op die transcendensie van God (kyk Perrin 2007:112-113). Die benadering word veral gevind in die monastiese tradisie van die Oosterse Ortodokse kerk (McGrath 1999:197). “Apofaties” beteken om aan God te dink in nie-konkrete terme, as ‘n onverklaarbare en onverstaanbare mysterie (Ware 1995:32). Dit druk die besef uit dat die mens nie in staat is om God se wese te ken nie. Daar is ‘n groot kloof tussen God-self en God se skepping. Geen bekende beeld of menslike taal kan God werklik beskryf nie.

Hoewel die mens God nie kan ken nie omdat God ver bo die menslike verstand is, is God tog nie onpersoonlik nie (Perrin 2007:112). Volgens Gregorius van Nyssa (c.330-395) bevind mense hulle, as gevolg van menslike beperkinge, in ‘n “goddelike nag”. Die onkenbare God is tog oral teenwoordig (McGrath 1999:105). In die veertiende eeu is heelwat geskryf oordie onkenbaarheid van God. In sy werk, *The cloud of unknowing*, verwys Walter Hilton na die “wolk van onkenbaarheid” tussen God en die gelowige. Dit sinspeel op die wolk waarin Moses God ontmoet het (Eks 14:18). Die beeld verduidelik dat daar wel geleenthede is wanneer mens iets van

God se grootheid kan ervaar. Dit is egter eers na hierdie tydelike aardse lewe dat 'n volledige verstaan van God moontlik sal wees (McGrath 1999:105). Johannes van die Kruis (1542-1591), in sy bekende werk, *Darknight of the soul*, gebruik die beeld van die "donker nag van die siel" om te beskryf hoe 'n mens se siel gestroop word van selfversekerdheid en selfvertroue om 'n weg te open vir 'n meer nabye verhouding met God. Hierdie "donker nag van die siel" kan op twee maniere verstaan word. In die een is *God aktief* en in die ander is die *gelowige aktief*. Waar gelowiges aktief is, behels dit 'n vrywillige onderwerping aan God met die doel om sonde te vermy en hulle los te maak van aardse en geestelike versoeking. Deur die verbeelding word 'n beeld van God verkry wat hulle lei tot volkome toewyding aan God. Die meeste Christen-gelowiges leef hulle geloof op die manier uit.

Die ander siening is dat *God aktief* is terwyl die *gelowige passief* is. Die gelowige kom deur middel van kontemplasie tot dieper insig. Ou bekende maniere van bid word agtergelaat terwyl God oorneem en lei. Hierdie passiewe rol beteken dat alles wat 'n gelowige gedink het van God verstaan kan word, agtergelaat word (McGrath 1999:106). Johannes van die Kruis beklemtoon dat menslike kennis van God beperk is en beskryf die ontsteltenis wat hierdie "donker nag" by gelowiges laat ontstaan. Hulle voel alleen, verlate en verward. Hedendaagse mense wat leef in 'n wêreld vol angs en onsekerheid, vind dikwels aanklank by hierdie werk. 'n Ander soortgelyke beeld uit die Christelike spirituele tradisie is die van 'n donker woud waarin die mens verdwaal. Dit is die tema van vele Europese volksverhale. Dante se *Divina Comedia* gebruik hierdie beeld as simbool van menslike verloreendheid as 'n gevolg van sonde (McGrath 1999:106).

*Stilte* word geassosieer met die apofatiese tradisie. Menslike taal kan God se grootheid nie beskryf nie. Die mees gepaste reaksie op die misterie van God is stilte. Stilte bevry die verstand en verbeelding en 'n mens kan diep bewus word van God se teenwoordigheid. Dit bied die geleentheid om te reflekteer oor God en te luister eerder as om te praat. Dit bied die geleentheid om tot selfkennis te kom op maniere wat nie moontlik is te midde van lawaai nie (kyk McGrath 1999:107). Die Griekse term vir stilte is *hesychia*. Dit verwys wel na uiterlike stilte, maar veral na innerlike stilte. Wanneer nikks anders 'n gelowige se aandag in beslag neem nie kan daar net op God gefokus word (McGrath 1999:108). Johannes Chrysostomos (347-407) skryf

in sy werk, *On the incomprehensibility of God*, dat God die enigste een is wat God kan ken (kyk McGrath 1999:118):

Let us invoke him as the inexpressible God, incomprehensible, invisible and unknowable. Let us affirm that he surpasses all power of human speech; that he eludes the grasp of every mortal intelligence; that the angels cannot penetrate him; that the seraphim cannot see him clearly; that the cherubim cannot fully understand him. For he is invisible to the principalities and powers, the virtues and all creatures, without exception.

Met die benadering word die denkfout dat die mens God kan ken, voorkom (McGrath 1999:118). Beelde oor God moet altyd onderskei word van die werklikheid van God (McGrath 1999:118). Hoewel mense na God se beeld geskape is, kan 'n mens nie direkte toegang tot God kry deur die dinge van die skepping nie. Beelde vervul egter 'n belangrike rol vir mense wat oor God wil nadink en tot God wil bid (McGrath 1999:119).

Teenoor die *via negativa* van die apofatiese, staan die *via positiva* van die katafatiese. Hierdie "positiewe weg" is om oor God te kan dink in konkrete terme. Sheldrake (2013:204) benoem dit "the 'affirmative way' or 'positive theology'" en beskryf dit as "an approach to spirituality and theology that seeks to express the reality of God through images or positive terminology". God is geopenbaar aan die mens en daarom kan die mens God ken. God word beskryf met behulp van menslike eienskappe en kenmerke. Beelde en positiewe taal word gebruik. Beelde soos "Vader" of "Moeder" word gebruik. Jesus se menswording waardeur God sigbaar geword het, word sterk beklemtoon. Gedagtes uit die Bybel en tradisie word gesien as die maniere waaop God verstaan kan word. Hierdie manier van dink is veral tipies van Westerse kulture (Ware 1995:32). Gelowiges is meer daarop ingestel om oor God en geloof te praat as om in stilte in God se teenwoordigheid te wéés. Robert Ornstein (1972:12) verduidelik hierdie denkwyse as verbaal, rasioneel en ordelik. Volgens hierdie benadering kan God self en ervarings van God benoem en beskryf word, hoewel erken word dat dit altyd onvolledig sal wees. Taal word gebruik om God te benoem en te beskryf hoe God in Jesus ervaar word deur die Heilige Gees.

(Perrin 2007:97). Dit is dus hiervolgens moontlik dat die ervaring van God in menslike taal verwoord kan word.

Nicol (2002:50) verduidelik die verskil tussen die katafatiiese en apofatiiese verstaanswyse soos volg: "lig-mistiek (katafatis), waarin gedagtes 'n bepalende rol gespeel het; donker-mistiek (apofatis), die innerlike pad om verby alle gedagtes te beweeg." Volgens Nicol (2002:25) is hierdie twee wyses tog ook van mekaar afhanklik:

God se geopenbaardheid en verborgenheid het mekaar nodig. Wanneer 'n mens te veel aan een van die twee kante funksioneer, verarm jy jouself. As 'n mens sou dink jy kan Hom deur sy openbaring so goed leer ken dat jy Hom met jou gedagtes kan omvat, het jy vir jouself 'n erg verkleinde beeld van God gemaak.

Die horizontale en vertikale asse van die spiritualiteitswiel kruis mekaar en vier kwadrante word gevorm. Die kwadrante verteenwoordig vier spiritualiteitsstipes:

- Dieeerste kwadrant is die *kopspiritualiteit*, 'n kombinasie van katafatiiese en spekulatiewe eienskappe.
- Die tweede kwadrant is die *hartspiritualiteit*, 'n kombinasie van katafatiiese en affektiewe eienskappe.
- Die derde kwadrant is die *mistieke spiritualiteit*, 'n kombinasie van affektiewe en apofatiiese eienskappe.
- Die vierde kwadrant is die *handspiritualiteit*, 'n kombinasie van spekulatiewe en apofatiiese eienskappe.

Elke kwadrant verteenwoordig dus 'n kombinasie van denkwyses oor God en maniere om tot kennis te kom. Die spiritualiteitswiel bied 'n raamwerk om spirituele voorkeure te beskryf en spirituele ervaring te verstaan (kyk Ware 1995:6-7). Elke kwadrant vervul 'n belangrike rol. Nie een kwadrant kan belangriker as 'n ander geag word nie. 'n Mens se spirituele voorkeur kan tereg kom in 'n spesifieke kwadrant van die spiritualiteitswiel. Die teenoorgestelde kwadrant verteenwoordig die rigting waarin spirituele groei sal kan plaasvind. Holmes (1980:3-5) beklemtoon dat 'n mens

nie beperk moet bly tot die een kwadrant van voorkeur nie. Al vier kwadrante lewer 'n belangrike bydrae. Mense moet hiervoor 'n "sensibility" ontwikkel (Ware (1995:9). Die sirkel duis op die interafhanklikheid van die vier kwadrante en die waarde van die geheel vir menslike heelheid en 'n gesonde spiritualiteit (Ware 1995:31). Die benaming, "Circle of Sensibility", duis daarop dat mense 'n sensitiwiteit behoort te ontwikkel vir die verskillende style van godsdiensbeoefening. Dit sal vrugbare dialoog met medegelowiges bevorder. Elke kwadrant het spesifieke kenmerke, maar saam vorm die vier 'n eenheid. Die sirkel duis op eenheid en interafhanklikheid (Ware 1995:31). Die geheel én die uniekheid en verskille moet in die oog gehou word. Integrasie én individuasie is belangrik (Ware 1995:9). Hoewel die twee begrippe paradoksaal klink, moet hulle in wisselwerking met mekaar wees om balans te verleen. Vervolgens word die twee begrippe kortliks bespreek.

### 3.6.2 Individuasie

Individuasie kan ook "differensiasie" of "skeidings-individuasie" (*separation-individuation*) genoem word. Mahler (1975:87-93) gebruik hierdie dubbele term om te duis op die kind se skeiding van die moeder, om deur individuasie 'n eie persoonlikheid en unieke karakter te ontwikkel. Individuasie is die ontwikkeling na 'n persoon se eie individuele aard volgens die eie unieke gawes (Ware 1995:12-13; kyk Jung 1921:1-7).

Skeidings-individuasie is nie 'n gemaklike proses nie. Daarvoor is die bewustheid van individualiteit en die eie unieke persoonlikheid nodig (Ware 1995:13). Ware (1995:19) verduidelik dit soos volg: "To be individuated is to become uniquely oneself, realizing one's innate capabilities." Dit geld ook die vormingsproses van mense se spiritualiteit. Hulle moet eers hulself en hulle eie individuele plek binne die groter godsdienstige gemeenskap vind, voordat hulle deur ander se godsdienstige ervaring kan verryk word. 'n Persoon identifiseer met 'n gemeenskap. In vergelyking met ander in die gemeenskap is hulle uniek en kan hulle dus ook van die gemeenskap differensieer of onderskei. Chenu (1981:204) verduidelik hoe hierdie proses mense help om hulle eie unieke identiteit te vind: "Each individual is radically insufficient in realizing his or her own nature fully. People are persons only in a community with all other persons".

Inviduasie beteken nie om rebels te wees teenoordie tradisie of die gemeenskap nie, hoewel dit ook 'n moontlikheid is (Ware 1995:20). Dit beteken eerder om te spesialiseer, om die eie unieke aard en persoonlikheid te ontdek en te vorm. 'n Persoon kan eers volledig ontwikkel wanneer hulle ander manier om geloofservaring uit te druk kan waardeer en evalueer, terwyl hulle maniere vind om hulle eie unieke geloofservaring uit te leef (Ware 1995:25-26). Volgens die praktiese teoloog, Howard Clinebell (1979:108), behoort 'n gesonde geloofservaring innerlike vryheid en outonomie te ondersteun. Dit is belangrik om nie net te luister na wat voorgesê word nie, maar om ook na die eie innerlike stem te luister. Die eie innerlike stem word stil wanneer mense net staatmaak op wat ander sê (Ware 1995:26). Dit kan lei tot skuldgevoelens, verwarring en 'n gevoel van onvermoë om die eie godsdienstige ervaring uit te leef.

### 3.6.3 Integrasie

Integrasie behels om verskillende dele op 'n effektiewe manier bymekaar te bring om 'n geheel te vorm (Maslow1964:vii). Gesonde spiritualiteit verg 'n holistiese benadering ten opsigte van spiritualiteit. Hoewel alle vorme van spirituele uitdrukking nie sonder meer aanvaar of geïntegreer hoef te word nie, is openheid vir die waarde van ander maniere van doen en wat daaruit geleer kan word, belangrik vir groei en ontwikkeling. Verryking van 'n mens se spiritualiteit kom deur die beste gebruik te maak van die insigte en gawes van mense uit die verlede en hede (Ware 1995:24-25).

Die psigoloog, Abraham Maslow (1964:vii), wys op twee gevare met betrekking tot integrasie. Die een gevhaar is dat mense hulle innerlike godsdienstige ervaring sal verwaarloos ter wille daarvan om met die gemeenskap te integreer. Dan sal 'n persoon se geloofservaring uit leerstellings en praktyk wat van buite af opgelê word, bestaan. Die mistieke element van 'n lewe voor God kan op die manier verlore gaan. Die ander gevhaar is dat die mistieke so oorheers dat die persoon wegdraai van die wêreld. Die gevolg is 'n selfgerigte klem op die eie subjektiewe spirituele ervaring. Dit is belangrik dat ruimte geskep word vir mense met verskillende spiritualiteite om saam te aanbid.

Net soos institusionele godsdienst alleen negatiewe uitkomste kan hê, so ook 'n klem op spiritualiteit alleen. Onkritiese spirituele integrasie aan die een kant en 'n oordrewe klem op die skeiding van die kwadrante aan die ander kant, kan ook negatiewe uitkomste hê. Spiritualiteit is dus nie noodwendig net goed en positief nie. 'n Gebalanseerde spiritualiteit sal 'n mate van spanning tussen die kwadrante handhaaf. Oormatigheid na enige kant toe kan spirituele groei belemmer. Ware (1995:5) verduidelik dit as "falling out of the safety of the circle". Holmes (1980:5) wys op die uitwasse van elke kwadrant. Vervolgens word die kenmerke en uitwasse van elke spirituele kwadrant bespreek.

### 3.7 Die vier spiritualiteitstipes

#### 3.7.1 Kwadrant 1: Spekulatief/katafatis - 'n Kopspiritualiteit

Vir hierdie tipe is rasionele denke en die konkrete belangrik. Beelde van God is konkreet, bevoorbeeld "vader" of "regter". Konkrete daaglikse werklikhede staan sentraal. In hierdie werklikheid moet 'n gelowige se roeping vervul word. Die Bybel word ondersoek om te verneem wat die gedeelte oor God sê en wat dit presies beteken. Die betekenisse word in terme van konkrete beelds verstaan. Woorde en die betekenis van die woord is vir mense met 'n kopspiritualiteit belangrik en daarom sal hulle graag lees en skryf.

Sistematiese nadenke is kenmerkend van hierdie groep. Dit is mense wat oor teologiese leerstellige kwessies sal publiseer. Omdat inhoud belangrik geag word, is die fokus die lirieke van kerkliedere wat die geloof in God genoegsaam moet verwoord. Die woorde van liedere moet ooreenstem met die tradisie se belydenisskrifte. Die refleksie oor religieuse ervaring is ook konkreet. Orde en struktuur is belangrik. Tradisie moet oorgedra word aan die volgende geslagte. Gebede het 'n ryk inhoud, is ordelik en woordgebruik is belangrik.

Besprekingsgroepe en Bybelstudies bevredig die behoeftie aan rasionele en intellektueel stimulasie. Kritiese denke is kenmerkend van hierdie groep. Hulle glo nie alles wat hulle vertel word nie (Ware 1995:86). Ware (1995:38) verduidelik die kop-spiritualiteitstipe soos volg: "This style produces theological reflection and crafts positionpapers on ethical issues. It supports education and publications and causes us to examine the texts of our hymns to see if we are singing what we actually

believe. Content is primary with this group, as is systematic congruence of thought and believe.”

Wanneer mense wat in hierdie kwadrant val nie ’n goeie balans handhaaf nie, is ’n uitwas dat hulle uit voeling raak met die emosionele kant van hulle menswees en in rasionalisme verval (Ware 1995:86). Dan is oorintelkualisering, rigiditeit en ’n oorbeklemtoning van leerstellige korrektheid die gevolg. Rasionalisme kan lei tot ’n droë ortodoksisme en lesingagtige preke. Die geloofspraktyk kan verval in betekenlose rituele en afgesaagde gebruikte. ’n Te groot klem op die lirieke van liedere kan daar toe lei dat die diepgang van die ervaring van die musiek as geheel, verlore gaan.

Om die gevare van rasionalisme teen te werk, kan die teenoorstaande kwadrant (nommer 3), die mistieke, ’n goeie aanvulling tot die kopspiritualiteit wees. Met die fokus op stilte en introspeksie moet die intellektuele kant minder word sodat die mens stil kan wag op God se teenwoordigheid om dit diep te kan ervaar. Mense met ’n kopspiritualiteit moet emosionele ervaring nie as oppervlakkig afmaak nie (Ware 1995:86). Vir hulle is dit soms moeilik om net stil in God se teenwoordigheid te wees sonder om enigiets te doen. Hulle sien nie die “nut” daarvan in nie. Dit is belangrik vir hierdie groep om te besef dat dit moontlik is om God ook op ander maniere te leer ken as net die intellektuele. Menswees bestaan uit meer as net die intellektuele.

### **3.7.2Kwadrant 2: Affektief/katafatis – ’n Hartspiritualiteit**

Hierdie kwadrant kombineer die hart (emosie) en die konkrete. Dit is die spiritualiteitsvoordeur wat veral in Pentekostalistiese en charismatiese kerke aangetref word. Kenmerkend is die uitdrukking van gevoel, spontaniteit en entoesiasme. Hoewel hierdie groep ook “God ken” op katafatische wyse, is die manier van ken van die “kop”- en die “hart”-spiritualiteit verskillend. Ware (1995:39) beskryf dit soos volg: “While kataphatics of the mind may charge, ‘My doctrine is purer than yours’, kataphatics of the heart counter with ‘My walk with the Lord is closer than yours’.” Vir persone met ’n hart-voordeur is ’n lewe van heiligheid en persoonlike vernuwing die vernaamste doel. ’n Persoonlike verhouding met God is sentraal. Gemoedelikheid en interpersoonlike warmte is ’n verdere kenmerk. Die Bybel is sentraal en dit word gekombineer met ’n affektiewe spiritualiteit. Die Bybel word

gelees om te verneem wat dit vir hulle persoonlik sê. Gebede is minder formeel as by mense met 'n kop-spiritualiteit. Gebede is vry en spontaan met 'n hart vir God en mense (Ware 1995:104). Ervaring word gedeel en getuienis word beklemtoon. Musiek speel ook 'n groot rol want dit ontlok emosie. God word as immanent ervaar. Die daaglikske spirituele dissipline is nie te streng is nie. Negatiewe emosies soos woede, teleurstelling of twyfel kan skuldgevoelens veroorsaak. Omdat hulle sterk emosie-gedrewe is, kan hulle hoogte- en laagtepunte in hulle godsdienstige lewe ervaar. Hulle hoogtepunte word dikwels deur ander gelowiges beny, maar die keerkant daarvan is ook ernstige laagtepunte. Die voordeel van hierdie oriëntasie is dat mense God in die hede as teenwoordig beleef. God is altyd teenwoordig, ook wanneer hulle laagtepunte beleef in hulle spirituele ervaring (Ware 1995:87-88).

Oordrewe piëtisme is een van die uitwasse by hierdie groep. Hulle kan hulself en hulle eie godsdienstige ervarings bokant die van ander stel. Hulle kan oor-emosioneel wees en hulle eie ervaring verhef tot die maatstaf vir ander. Hulle is geneig om te oordeel dat ander wat nie ervaar wat hulle ervaar nie, op die een of ander manier tekort skiet in hulle geloof. Holmes (1980:3) beskryf die uitwas as volg: "The focus can become too exclusive, resulting in an 'it's us against the world' mentality that does not acknowledge the experiences of others, especially if it differs in any way from a heart spirituality." Deur hulle sterk emosie is hulle in staat om ander te kan oortuig of beïnvloed. Dit kan positief of gevaaarlik wees. Emosionele manipulasie en eksklusiwisme is dus 'n gevaaar by hierdie groep. 'n Verdere gevaaar is dat emosie afgestomp kan raak en steeds meer gedoen moet word om dieselfde effek te verkry. Hulle kan anti-intellektueel voorkom en glo wat hulle hoor sonder om dit krities te evalueer.

Om hierdie uitwasse teen te werk, kan 'n fokus op die teenoorstaande kwadrant (nommer 4), die handspiritualiteit, balans bring. In kwadrant 4 is die klem op aksie en konkrete dade, 'n gerigtheid op die wêreld. God is nie net vir die eksklusieve groep teenwoordig nie, maar ook vir mense wie se spiritualiteit van hulle s'n verskil. Al die spirituele tipes het hulle sterkpunte en gevare. Emosies en ervaring is nie die enigste regte manier om in verbondenheid met God te lewe nie. Die uitdaging vir hierdie groep kan wees om hulle entoesiasme te kanaliseer om ook 'n sosiale doel te bereik wat ander sal bevoordeel. Die uitdaging is om konstruktief buite die eie groep te tree.

Die hartspiritualiteit het sterk na vore gekom in die vyftiende eeu sowel as in die laat sewentiende en agtiende eeu en weer sedert die 1960's. Dit is 'n gevolg van piëtisme as reaksie op intellektualisme. In sulke tydvakke ontbreek duidelikheid oor morele waardes en sosiale rolle dikwels (Ware 1995:110). Piëtistiese bewegings probeer dan die gaping vul.

### **3.7.3 Kwadrant 3: Affektief/apofaties - 'n Mistieke spiritualiteit**

Mistieke spiritualiteit is die bewussyn van 'n Transendente teenwoordigheid buite die mens om. Vir mense met hierdie spiritualiteitsvoorkleur is geloof 'n reis met God. God is die skeppende mag wat nie beskryf kan word nie, want God is te hoog, verhewe, groot en anders. God is in alle opsigte heeltemal anders as enigiets wat mense kan ken. Taal is te beperk om God te beskryf. Mense kan net indirek oor God praat.

Ware (1995:41) stel dit soos volg: "Instead of a God who possesses characteristics similar to human ones, God is ineffable, unnamable, and more vast than any known category." Perrin (2007:97) verduidelik dat God vanuit hierdie perspektief beskryf kan word as "niksheid" of "sonder wese", maar ook op positiewe maniere as "egte lig", "absolute vreugde", "rots" of "vriend". God se liefde is beliggaam in Jesus.

Augustinus se beskrywing dat mense kan weet dat God is, maar nie wat God is nie, verwoord hierdie soort spiritualiteit (kyk Ware 1995:109). Johnson en Dreitcer (2001:13) beskryf die mistieke as 'n beliggaming van die Teenwoordigheid. Wie Jesus volg, sal van tyd tot tyd deur die Teenwoordigheid besoek word. Dit sal hulle met verwondering vervul. Nie alle gelowiges het noodwendig eienskappe van 'n kop- of hart- of handspiritualiteit nie, maar elke gelowige hetby geleentheid 'n mistieke ervaring van die een of ander aard.

Die mistieke tradisie het 'n lang geskiedenis en is van groot betekenis in die Christelike spiritualiteit. Dit kan ook bydra tot menslike ontwikkeling in die huidige Christelike konteks en binne die breër parameters van Christelike spiritualiteit (Perrin 2007:238-240). Binne die Christelike tradisie is mistisisme dikwels beskou as 'n gevorderde vlak van spirituele lewe met 'n dieper heiligeheid en buitengewone ervarings. Dit is egter nie 'n akkurate beskrywing nie. Alle gelowiges kan in hulle alledaagse lewens vryelike en spontane mistieke ervarings van God hê. Mistieke ervaring is nie net die voorreg van 'n paar uitverkorenes nie. Dit bestaan nie net uit

visioene en buitengewone oomblikke nie. Dit is ook nie noodwendig 'n teken van 'n gevorderde vlak van spirituele ontwikkeling nie. Die grondslag van die Christelike mistiek is 'n voortdurende intieme teenwoordigheid van God in die alledaagse lewe van Christen-gelowiges. Volgens Perrin (2007:242) gaan dit daaroor om die hele lewe te fokus op die daagliks werklikheid van die Christelike geloof, hoop en liefde. Dit is kommunikasie van God self.

Vir mense met 'n oorwegend mistieke spiritualiteit is die onsigbare innerlike wêreld net so werklik as die sigbare uiterlike wêreld. Hulle is kontemplatief en introspektief. Hulle lewe is 'n reis, 'n voortdurende soeke na méér, 'n soeke na die Gees van God. Die doel is eenheid met God deur die vernuwing van hulle innerlike lewe en meditasie. Die doel word nooit bereik nie, want 'n mens kan nooit so naby aan God wees en bly nie. Daarom is die klem op die reis na God toe. Waarna hierdie mense streef, is om te leef in die *mysterium* wat "God" genoem word (Perrin 2007:241). Dit is 'n lewe saam met God se Gees binne die wêreld wat God en die mensheid met mekaar deel (Perrin 2007:243). Die fokus is op die wegstroop van die self en 'n asketiese lewe met praktyke van streng self-dissipline. Om hulself van wêreldse dinge te weerhou, is wat hulle in staat stel om God se stem te hoor. Mense met hierdie soort spiritualiteit kyk verder as wat materieel gesien en geken kan word. Hulle soek na wat dieper lê, die werklikheid buite die een wat deur mense geken kan word. Die Bybel word gelees met die doel om God te ervaar. Ter wille van hulle geloofsgroei sal die mense baat vind daarby om in voeling te wees met die emosies wat hulle ervaar wanneer hulle 'n teksgedeelte lees sodat hulle daardie emosies in woorde kan omsit en met God daaroor kan praat (kyk Ware 1995:104-105).

Mense met 'n mistieke spiritualiteit voel dikwels meer tuis in die Oosterse tipe godsdiensbeoefening as in georganiseerde godsdienstige instellings soos die Westerse Protestantse tradisie waar godsdienstige byeenkomste dikwels funksioneer soos 'n kulturele samekoms. Mense met 'n mistieke spiritualiteit beoefen hulle spiritualiteit dikwels onder die leiding van geestelikes. Hulle kan skuldig voel wanneer hulle ontrek om stilte en eenheid met God soek, omdat die samelewning dit dikwels beoordeel as luiheid en onproduktiwiteit (Perrin 2007:243).

Mense met hierdie tipe spiritualiteit is dikwels die wat inspirerende geestelike boeke skryf wat ander begelei om die werklikheid van God se nabyheid en heiligeid te ervaar. Die boeke is dikwels topverkopers. Gebedstyd word in stilte deurgebring, want die fokus val op God se ontsagwekkende teenwoordigheid eerder as op menslike woorde. Gebed is 'n soeke na kontak met God en om te luister na God. Wat 'n mens *is*, is belangriker as wat 'n mens *doen*. Aktiwiteit is van verbygaande aard.

Perrin (2007:240-241) verduidelik dat die woord "mistisisme" van die Grieks *muein* iets impliseer wat geslote is. Die misterie van God se liefde is nie mysterieus omdat dit verborge is nie, maar omdat dit onverstaanbaar is. Die kern van Christelike mistisisme is dat daar net een misterie is, naamlik God. God is die God wat ver is, maar wat op 'n mysterieuze wyse naby ervaar word. Hierdie nabyheid word in die Christelike tradisie "mistisisme" genoem. Mistieke ervaring is dus die ervaring van die immanensie van God in kontras met die ervaring van God as verwyderd of transendent. Die klem word geplaas op 'n persoonlike God wat die wêreld met mense deel, eerder as 'n God wat van buite af intree om betrokke te raak by gebeure in die wêreld en in mense se lewens.

Die uitwasse van hierdie tipe spiritualiteit hou verband met quiëtisme, "a passive attitude towards life, with devotional contemplation and abandonment of the will, as a form of religious mysticism" (OEED 1991:1185) en spirituele passiwiteit. Die herhalende en rustige tipe musiek waarby hierdie groep dikwels aanklank vind, versterk die toon van passiwiteit. Mense onttrek hulle aan die werklikhede van die wêreld en ontken dit. Daarmee ontnem hulle hulself van interaksie met ander. Hulle sou vir medegelowiges iets kon beteken as hulle emosioneel en fisies beskikbaar en teenwoordig sou wees. 'n Verdere gevaaar is dat, in die soeke na ander weë om by God te kom, enigiets wat emosioneel stimulerend is, aangegegryp word.

Om hierdie moontlike uitwasse teen te werk en spiritueel te groei, kan mense van hierdie spiritualiteitstipe erns maak daarmee om ook die konkrete, denkende kenmerke van die teenoorstaande kwadrant (nommer 1), kopspiritualiteit te ontwikkel sodat die balans tussen intellek en ervaring gehandhaaf word. Hulle kan hulself

afvra of iets logies en realisties is. As hulle net op hulself fokus kan spirituele praktyke soos 'n verslawing word. Die aandag behoort dus nie net op die eie spirituele lewe te wees nie, maar behoort ander in te sluit.

Mistieke spiritualiteit gedy dikwels in samelewings waar mense in gevaar en onder spanning leef. Hulle wend hulself tot 'n ander-wêrelse spiritualiteit om uit hulle omstandighede te ontsnap. Dit is waarom dit so sterk gefunksioneer het in die vierde, vyfde en veertiende eeu, tydperke wat gekenmerk is deur die ineenstorting van die Romeinse Ryk, die Swart Dood en oorloë. Mense in hierdie eras was minder intellektueel. Skolastiek het plek gemaak vir nominalisme – die idee dat 'n mens niks van die realiteit kan weet nie – en pessimisme (Ware 1995:109). Volgens Ware (1995:109-110) is die voordeel van hierdie spiritualiteit dat dit mense kan help om sin te maak van lyding. Wanneer daar 'n gesonde balans is met Kwadrant 1, kan dit bydra tot besondere geestelike insig.

### **3.7.4 Kwadrant 4: Spekulatief/apofaties - 'n Handspiritualiteit**

Hierdie groep is die kleinste en moeilikste om te beskryf. Dit kom eerder voor by individue as by godsdiensgroepe. Die hoofokus is om aktief te werk vir God en oor die koms van God se koninkryk te getuig. In geloofsgemeenskappe is dit gewoonlik hierdie mense wat aksies inisieer en deurvoer. Hulle het 'n passie vir die transformasie van die gemeenskap en dit word dikwels vir hulle 'n persoonlike missie om die samelewing te verander en onreg reg te stel. Hulle entoesiasme vir betrokkenheid in die wêreld om God se koninkryk op aarde te vestig, kan soms aggressief oorkom. Hulle beskik oor waagmoed en ywer. Dit is dikwels hulle wat martelare word en hulle lewens opoffer in die hoop dat met hulle pogings en opoffering iets van God se koninkryk op aarde sal realiseer. Martin Luther, Johannes Calvyn en bevrydingsteoloë pas in hierdie kategorie. Kenmerke van hierdie groep is 'n breë verwysingsraamwerk en kritiese denke.

'n Bevrydingspiritualiteit kom dikwels na vore waar mense onderdruk en soos ondergesiktes behandel en gemarginaliseer word. Israel se verdrukking in Egipte en hulle uittoog het die klassieke prototipe geword vir verskillende vorme van bevrydingsteologie. Hulle ervaring omvat twee dimensies: die eie ervaring van verdrukking aan die een kant en God se teenwoordigheid aan die kant van die

onderdrukte en die arme aan die ander kant. Spirituele praktyke word bepaal deur sosiale praktyke. Mense met 'n handspiritualiteit meen dat hulle 'n instrument in God se hand is. Hulle roeping is om persoonlik betrokke te wees in prosesse van verandering (kyk Waaijman 2002:217-219). Die Bybel word gelees om vas te stel wat hulle moet gaan dōén, wat dit is wat God van hulle verwag. Gebed en teologie gaan gepaard met aksie en konkrete dade. Gebede fokus op voorbidding en is gerig op die wêreld. Hulle neem dikwels deel aan aksies wat die wêreld moet beweeg na 'n meer ideale stand van sake.

Mense met hierdie soort spiritualiteit sal daarby baat om ook by geleentheid in stilte te reflekteer oor die teks en te luister na hulle intuïsie oor die teks, met die verwagting om moontlik iets uit die teks te ontvang (kyk Ware 1995:106). Wanneer die fokus van God verskuif na 'n oormatige klem op aktiwiteit, kan dit lei tot die uitwas van aktivisme. Gevare sluit in: moralisme, tonnelvisie en om ander te oordeel. Onsensitiewe legalisme kan maak dat mense in hierdie groep ongeduldig raak met ander gelowiges wat God nie met dieselfde ywer as hulle dien nie, en hulle uitsluit. Hulle kan ontwrigtend inwerk op gemeentes as hulle die visie wil afdwing op almal. Ware (1995:44) beskryf dit soos volg:

An excessive and unbalanced spirituality is called 'encratism' and refers to a moralistic and unrelenting tunnel-vision. If you are not supporting 'the cause' with the same selfless effort that they expend, you are not a part of their world. They can trouble our lives, even make us feel guilty, but we find ourselves admiring this person for being willing to make a difference.

Hierdie groep vind aanklank by musiek wat tot aksie aanspoor. Die gevaar van oormatige ywer is uitbranding, veral as hulle intens by 'n projek betrokke raak sonder die hulp en ondersteuning van ander. Hierdie groep vind nie huis aanklank by die ander drie spirituele kwadrante nie en toon veral onbegrip vir kwadrante 1 en 3.

Om die uitwasse van 'n hand-spiritualiteit teen te werk, kan gefokus word op die teenoorstaande Kwadrant 2 wat gekenmerk word deur 'n persoonlike verhouding met die God vir wie daar gewerk word. Innerlike refleksie, bewuswording van die innerlike wêreld en 'n verdieping van spirituele ervaring sal balans bring. God is ook

in die gebroke werklikheid van nou. God is nie net teenwoordig in die ideale wêreld wat hulle visualiseer en waarop hulle hoop vir die toekoms nie.

Vir Ware (1995:44) is die eerste stap om vas te stel waar 'n persoon se spiritualiteit in die sirkel pas en die sterkpunte en gawes van daardie tipe te identifiseer. 'n Tweede doelwit is verdere spirituele groei en ontwikkeling met behulp van die waardering van veral die kenmerke van die teenoorgestelde kwadrant. Ook die voordele van die kwadrante weerskante van die voorkeurkwadrant kan geëvalueer word. Die verskillende spirituele voorkeurgroepe mag nie met mekaar in kompetisie wees nie. Elke kwadrant se kenmerke het waarde en kan waarde toevoeg tot die spiritualiteit van mense in 'n ander voorkeurgroep. Ware (1995:45) stel dit soos volg: "Using this typology, we each come to know more truly our own gifts and to see their value to corporate spiritual life. It is designed to affirm gifts and to reveal differences, not to evaluate the maturity or worth of any particular spiritual style."

## HOOFSTUK 4

### EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 4.1 Konteks: Gereformeerde erediens

Hierdie hoofstuk verteenwoordig die empiriese deel van die ondersoek. Die paradigma ten grondslag van die ondersoek word gemotiveer. Die metode van ondersoek en die rol van die ondersoeker word verduidelik. Die etiese riglyne en hoe daaraan voldoen is, word uiteengesit. Die primêre fokus van hierdie studie is om insigte te verkry in mense se spirituele belewenisse van tradisionele eredienste van die NG Kerk. 'n Persoon se spirituele voorkeure speel 'n groot rol in die wyse waarop hulle eredienste beleef. Spirituele sensitiwiteit en verskille in spirituele voorkeure is 'n belangrike oorweging wanneer eredienste beplan word. Spirituele eksklusiwiteit in eredienste kan daartoe bydra dat lidmaatgetalle van gemeentes van die NG Kerk afneem.

Hierdie ondersoek op die vakgebied van die Praktiese Teologie het te make met die sosiale werklikhede van mense. Daar word gefokus op mense se geloofspraktyke om insigte te verkry in hulle denke oor God en hulle ervarings van God. Die fokus is nie net op mense se handelinge nie, maar ook op wat hulle handelinge motiveer. Die verhouding tussen God en mense beïnvloed die verhoudings tussen mense onderling, sowel as die wyses waarop geloofspraktyke saam beoefen word (Heitink 1993:19). Met die van-onder-af-boontoe benadering is die bedoeling om 'n bydrae te maak tot godsdiens midde-in die alledaagse lewe (kyk Heimbrock 2011:154). Die studie beoog om die praxis inspraak te gee (kyk Heyns en Pieterse 1990:38). Die kennis wat verkry word, het handelinge tot gevolg (Pieterse 2001:11; vgl Smit 2002:19-20). Waar probleme in die praktyk geïdentifiseer word, wil die ondersoek "vasstel watter teorieë ten grondslag aan die praktyk lê en nagaan of dit doeltreffend is. As dit sou blyk dat hierdie teorieë nie doeltreffend is nie, is die taak van die Praktiese Teologie om nuwe teorieë te ontwikkel" (De Wet en Pieterse 2010:537). Die ondersoek het ten doel om godsdiestige praxis te beskryf en daarop te reflekteer om sodoende 'n beter praxis daar te stel in ooreenstemming met die evangelie (Heimbrock 2011:164).

Volgens die beginsels van praktiese-teologiese ondersoek sal kommunikasie op gelyke vlak plaasvind. Deelnemers sal die vryheid hê om self besluite te neem (kyk Heyns en Pieterse 1990:56). Deelnemers se reg op 'n outentieke bestaan sal eerbiedig word (kyk Dreyer 1991:604). Elke individu se wêreldbeskouing is gegrond op sekere paradigma wat hulle oortuigings, aannames en voorveronderstellings beïnvloed en hulle handelinge bepaal (Creswell 2007:19). 'n Persoon se paradigma is die lens waardeur realiteit geïnterpreteer word (Nieuwenhuis 2017:52).

Die ondersoek word onderneem binne 'n postmoderne paradigma. Hierdie denke erken dat mense se lewens- en wêreldbeskouing verskil. Geen individu se ervaring is 'n presiese weergawe van die realiteit nie, daarom is ruimte vir pluraliteit en diversiteit nodig (Klopper 1993:19-21). Die uitgangspunt van die studie is dat daar nie 'n kollektiewe waarheid is wat vir almal geld nie (Niemandt 2007:20). In plaas van "en/of" antwoorde te gee, word "en/en" moontlikhede oorweeg. Binne die gekose postmoderne paradigma van die studie word voorkeur gegee aan subjektiewe ervaring, beskouings en oortuigings. Die klem sal wees op die betekenis wat mense toeken aan hulle werklikheid. Die werklikheid word gesien as 'n sosiale konstruksie en word nie in isolasie gevorm nie. Individue se werklikheid en ervaring word deur sosiale interaksie gevorm. 'n Individu se werklikheidsbeskouing word ook beïnvloed deur die kultuur en die waardes van die geloofsgemeenskap, kultuur en samelewning (kyk Dreyer 1998:35).

Die postmoderne werklikheidsverstaan beïnvloed hedendaagse gelowiges se geloofsbeoefening. Sienings is meer holisties op grond van mense se belewenisse en geloofservarings. Wat vir 'n persoon "waarheid" is, word deur die konteks beïnvloed. Die gesag van dit wat as "waarheid" aanvaar word, word voortdurend getoets, want daar word aanvaar dat daar geen vaste en sekere waarhede is nie. Gesagsfigure se interpretasies word nie noodwendig vertrou nie. Niemandt (2013:46-47) beskryf dit soos volg: "Gelowiges binne kerke eis dat hulle stemme gehoor word. Hulle skryf op blogs en neem deel aan internetgespreksgroepe. Hulle skerp kritiek word helder in brieve in koerante gehoor."

Ook die Bybel word anders benader. Die analise van tekste en die intellektuele verstaan van die Bybel het weinig plek gelaat vir emosie en ervaring. In die

hedendaagse bestel is daar 'n groter vryheid vir lesers om self betekenis te vind in Bybelse tekste en te probeer ontdek wie God vir hulle is. Hulle is ook meer bereid om te erken dat baie dinge onverstaanbaar is en dat God 'n misterie is (kyk Jordaan *et al.* 2011:227).

Die Gereformeerde tradisie se oorspronge kan in die moderne era gevind word (Nicol 2000:168). McLaren (2004; kyk Niemandt 2007:20) beskryf die Reformatoriese tradisie as die hoogste uitdrukkingsvorm van die moderne Christendom. Dit was die era van die boekdrukkuns. Gedrukte tekste loop hand aan hand met rasionele denke. Die Protestante het die Bybel verklaar as die finale bron van gesag en waarheid. Die invloed van die moderne era kan gesien word in die waarde wat Protestante heg aan rasionele verduidelikings van geloofswaarhede in uitgebreide geloofsbelijdenisse. Geloof was grootliks 'n saak van die verstand. Die paradigmaskuif na postmoderniteit het 'n wesenlike invloed gehad op die wyse waarop teologie beoefen word. Wanneer mense se leefwêrelde verander, het dit 'n invloed op die manier waarop hulle oor God dink en God beleef. Veranderinge in mense se sosiale wêreld het 'n invloed op hulle godsdiestige wêreld (Vos 1996:4). McLaren (2004; kyk Niemandt 2007:20) verduidelik dat die verskuiwing weg van modernisme vorme van Christelike geloofuitdrukking wat die beste by modernisme gepas het, in die gedrang bring.

Met die verandering van die verstaan van "kerk-wees" kan die invloed daarvan bespeur word in die bywoning en inrigting van eredienste in NG gemeente. Die bywoning van die Sondag-erediens was baie mense se enigste ervaring van geloofsgemeenskap in die moderne era (Niemandt 2007:85). In die hedendaagse wêreld is daar minder klem op die kerk en meer op geloof, spiritualiteit en die uitlewing van geloof in die alledaagse lewe. Die skeiding tussen die geestelike lewe en die fisiese lewe het tot 'n groot mate verdwyn. Daar is 'n klemverskuiwing weg van "Christendom" na "Christelike lewe" (Niemandt 2007:54, 61).

Die inrigting van kerkgeboue en die wyses waarop die prediking plaasvind het ook verander. Die kansel is nou minder sentraal of het heeltemal verdwyn. Prediking is dikwels meer informeel in die vorm van 'n gesprek. Vaste liturgiese ordes het plek gemaak vir meer vryheid in die liturgiese inrigting van eredienste. Daar is

wegbeweeg van Kategismusprediking en meer gemeentes het stildienste en lofprysingsdienste. In besprekingsdienste kry gelowiges geleentheid tot 'n eie verstaan van Bybelgedeeltes te kom. Nie net die liturgie nie, maar ook die musiek het in sekere NG gemeentes dramaties verander (Pieterse 2011:47). Brits (2016:159) interpreteer dit as die effek van 'n postmoderne wêreld op die kerk.

In die verlede was daar 'n groter klem op ordelikheid en eenvormigheid. Beginsels is belangriker geag as verhoudings. In hedendaagse kerkwees is daar 'n groter klem op verdraagsaamheid en goeie verhoudings. Die programbenadering tot kerkgroei het verander na die siening van die kerk as 'n lewende organisme wat verhoudingsmatig funksioneer.

Hierdie veranderinge is nie kenmerkend van alle gemeentes binne die NG Kerk nie. Daar is steeds gemeentes wat 'n meer tradisioneel modernistiese benadering volg. In ander gemeentes kan 'n vermenging van die moderne en namoderne style aangetref word. Die tipe musiek en lofprysing is gewoonlik 'n aanduiding van waar 'n gemeente op die gelyskaal geplaas kan word

#### **4.2 Benadering tot die empiriese ondersoek**

Hierdie studie volg 'n kwalitatiewe benadering. 'n Klein aantal individue se ervaring word in diepte ondersoek met die doel om insig te verkry in hulle belewenisse van tradisionele eredienste van die NG Kerk. Die fokus is op werklikhede wat sosiaal geskep word (kyk Osmer 2008:50). Pieterse (1993:186) verduidelik hierdie doelwit as dat "kwalitatiewe analises dieper grawe om die sosiale werklikheid, en die verskynsels daarbinne, in al sy kompleksiteit na te gaan en so tot 'n beter begrip daarvan te kom". Binnesstaanders se beskouings en reaksies sal verkry word om te kom tot 'n dieper verstaan van die fokuspunt van die ondersoek deur middel van die interpretasie van hulle subjektiewe ervarings. Die doel van hierdie kwalitatiewe ondersoek is om mense in hulle natuurlike konteks te ontmoet om vas te stel op watter wyse hulle sin gee aan hulle lewe en sin maak van hulle religieuse ervaring deur simbole, rituele, sosiale strukture en sosiale rolle (kyk Nieuwenhuis 2017:53). 'n Kwalitatiewe werkswyse is gepas, omdat die ondersoek ten doel het om te beskryf en te verstaan, eerder as om te verduidelik en te voorspel (Babbie en Mouton 2001:53).

Met hierdie kwalitatiewe ondersoek sal verskillende perspektiewe van gelowiges op eredienste binne die NG Kerk en die spirituele ervaring wat daarmee gepaard gaan, aan die orde kom. Die uitgangspunt is dat individue meervoudige realiteit sosiaal konstrueer as gevolg van verskillende beskouings van dieselfde situasie. Die individue se werklikheidsbeskouings sal in hulle waardes, oortuigings, motiverings en selfverstaan weerspieël word (kyk Henning 2004:19-20). Verskillende faktore wat na vore kom moet in ag geneem word, byvoorbeeld netwerke van verhoudings en kontekste.

In hierdie ondersoek word van 'n interpretivistiese of konstruktivistiese vertrekpunt uitgegaan. Daarmee word die deelnemers se vermoë om betekenis te konstrueer, beklemtoon. Werklikheid word sosiaal gekonstrueer en verskil op grond van tyd en plek. Deur mense in hulle natuurlike omgewing en sosiale konteks te bestudeer, is daar beter geleentheid om te verstaan hoe mense dink oor hulle eie aktiwiteite (Nieuwenhuis 2016:60). 'n Interpretivistiese benadering is gekies aangesien menslike gedrag beskryf word, maar nie ten doel het om menslike gedrag as universele waarhede te verklaar nie. Hierdie ondersoek fokus op individue se eiesoortige interpretasies van hulle belewenisse van die werklikheid in hulle natuurlike omgewing.

Die konteks van die spesifieke geloofsgemeenskap waarin deelnemers hulle bevind, sal verreken word omdat bepaalde betekenisgewing geskied in bepaalde omstandighede. Wat individue as waarheid beskou verskil in verskillende kontekste. Die feite spreek dus nie vir hulself nie, maar moet geïnterpreteer word met inagneming van die konteks (Nieuwenhuis 2016:60; vgl Jansen 2016:23). Ook die geskiedenis het 'n invloed op die hede. In hierdie ondersoek is kennis van die geskiedenis van die godsdiestige erfenis en die gebeure wat aanleiding gegee het tot die stand van hulle huidige sosiale, kulturele, ekonomiese en politieke konteks van belang.

Godsdiens is 'n multidimensionele verskynsel wat sowel die rede as die affektiewe insluit. Teologie kan dus nie net die rasionele beklemtoon en die ervaringsaspek van godsdiens uitsluit nie (kyk Heimbrock 2011:153). Christelike Teologie behels nadanke oor godsdiens, lewe en geloof (Heimbrock 2011:169). Mense se religieuse

ervaring is verweef met hulle totale leefwêreld. Heimbrock (2011:169) stel dit soos volg: "Rather it opens up towards an analysis of the culturally shaped forms and symbolic representations of life in order to describe religious experience as rooted in 'lived experience' – a fundamental category for a fresh understanding of human behaviour." Van der Ven (1993:31) verduidelik dat die proses van empiriese ondersoeke in 'n siklus plaasvind. Teorie moet gedurig in die praktyk getoets en geëvalueer word. So kan nuwe teorieë weer na vore kom. Hoewel die ondersoek fokus op 'n alledaagse ervaringsproses, word daar op 'n doelgerigte, sistematiese en gekontroleerde wyse te werk gegaan (kyk Pieterse 1993:32). Data uit die praktyk word in gesprek gebring met die teologiese nadenke daaroor (kyk Pieterse 2001:13). Die doel is om wat in die praktyk gebeur, te beskryf en verduidelik (kyk Van der Ven 1993:77). Dit einddoel is die wysiging van die praktyk. Kontekstuele en rasionele elemente speel hierin 'n rol (Louw 1993:67). Heimbrock (2011:168) verduidelik dat enige empiriese ondersoek 'n rekonstruktiewe karakter het. Daar vind 'n rekonstruksie van geleefde ervaring plaas.

As ondersoeker is ek terdeë daarvan bewus dat die interpretasies wat gemaak word in die studie beïnvloed word deur my subjektiewe betrokkenheid. In die bevindinge sal iets van my eie perspektiewe, voorveronderstellings en voorkennis, weerspieël word (kyk Engelbrecht 2016:110). Bevindings is relatief vanweë die interafhanklikheid en kompleksiteit van die verskynsels wat ondersoek word (kyk Nieuwenhuis 2017:56). So 'n subjektiewe benadering vereis die perspektief van 'n binnestaander om die betekenis wat individue aan ervarings heg, te verstaan (kyk Habermas 1984:108). Ook as binnestaander is dit vir my nodig om deelnemers se werklikheidbeskouing te respekteer, want dit kan van myne verskil. Met hierdie benadering word die ondersoeker 'n waardevolle reflektiewe venoot in die navorsingsproses (Dreyer 1998:9). Deelnemers word nie net as 'n bron van inligting benader nie, maar as venoot in kommunikasie. In hierdie studie word die ondersoek saam met individue gedoen eerder as oor hulle. 'n Deelnemende en gelyke verhouding tussen my en die deelnemers sal gevëstig word. Hierdeur word die deelnemers bemagtig en aangemoedig om hulle eie betekenis te konstrueer. Die deelnemers word medeskeppers van kennis (kyk Dreyer 1998:9).

Dit is egter nodig dat 'n balans gehandhaaf word tussen die rol van subjektiewe deelnemer en objektiewe waarnemer; tussen die rolle van binnestaander aan die een kant en buitestaander aan die ander kant. Om betroubaarheid van bevindinge te verhoog, is beide metodologiese perspektiewe nodig. Dreyer (1993:14; kyk Ricoeur 1991:265) verduidelik dit soos volg:

The hermeneutical dialectic between belonging and distanciation is thus at the heart of the methodological dialectic between the insider/engaged participant perspective and the outsider/detached observer perspective. An insider perspective implies belonging to the lifeworlds of the research participants, and an outsider perspective presupposes distanciation. As with belonging and distanciation, we need both these methodological perspectives. If we let go of the insider perspective, if we fail to recognise the 'primordial relation of belonging', the result is an *alienating distanciation*. On the other hand, if we ignore the outsider perspective, we lose the possibility of a critique of ideology, with the danger of lapsing 'into full relativism, into complete historicism' and a killing of research itself.

'n Buitestaandersperspektief is dus ook nodig sodat die prosessering van die data ideologies-krities en met 'n hermeneutiek van suspisie aangepak kan word. My eie ideologiese interpretasies en voorveronderstellings, sowel as die deelnemers s'n, moet geïdentifiseer word. Die deelnemers se gedagtes, gevoelens en handelinge moet ondersoek word om die onderliggende en dominante ideologieë te ontdek. Deur die deelnemers se ideologiese interpretasies te verreken, sal ideologiese invloede in my interpretasies en bevindings verminder word.

Interpretasies en bevindings sal noodwendig deur my eie wêreldbeskouing beïnvloed word. In my rol as buitestaander sal ek selfkrities moet reflekter oor my eie kulturele, sosiale en politieke beskouings. Ricoeur (1991:266) waarsku egter dat 'n mens nooit heeltemal in staat is om jou te distansieer van alle vooronderstellings nie. Tog is dit nodig om sover moontlik te waak teen "blikverenging, blindheid en ideologiese ingeperktheid" (De Wet en Pieterse 2010:530). Met die empiriese ondersoek sal hierdie faktore in gedagte gehou word, want dit kan aanleiding gee tot skeefgetrekte interpretasies en bevindings.

Taal speel 'n belangrike rol in kwalitatiewe ondersoek, want mense se woorde en beskrywings is 'n hoofbron van inligting. Die gebruik van taal is 'n interaktiewe proses en 'n mens kom tot 'n verstaan van ander se werklikheidsbeskouing deur middel van taal. Deur taal word betekenis aan ervarings en idees gegee (Schurinck 1998:246). In hierdie ondersoek waar dit gaan oor mense se verstaan van God, hulle Godsbeelde en hulle spirituele ervarings, is die saak van taal 'n selfs groter uitdaging, want die enigste manier waarop hulle dit kan verwoord, is deur middel van beelde en menslike taal. Tog kan God nie in beelde of taal vasgevang word nie, want God is groter as alle menslike pogings om God te beskryf. Godsbeelde is subjektiewe menslike konstrukte.

'n Grondliggende probleem met betrekking tot taal is die afstand tussen waarneming en die interpretasie daarvan, asook tussen beskrywing en verduideliking. Taal het beperkinge, want die betekenisse van woorde, konsepte en simbole word bepaal deur die spesifieke tyd en plek waarin dit voorkom. Taal kan dus dubbelsinnige betekenisse oordra (Nieuwenhuis 2016:50). Heimbroek (2011:168) verduidelik dat 'n herkonstruksie van ervaring plaasvind deur middel van taalbegrippe wat nie werklik ooreenstem met die werklikheid van die "geleefde ervaring" nie, aangesien taal te beperk is om ervaring volledig en akkuraat te kan beskryf. Habermas (1984:107) verduidelik dat daar eintlik twee "werklikhede" is:

The difference in level between perceptible and symbolically prestructured reality is reflected in the gap between direct access through observation of reality and communicatively mediated access through understanding and utterance referring to events. The two pairs of concepts – perceptible reality versus symbolically prestructured reality and observation versus understanding – can be correlated with the concepts of description versus explanation. By using a sentence that renders an interpretation of the meaning of a symbolic formation, I can explicate the meaning of such an utterance.

Daar is dus noodwendig 'n gaping tussen wat 'n deelnemer verwoord en die betekenisse wat die interpreerde daaraan heg. Die simboliese betekenisse wat 'n individu aan ervaring heg, word beïnvloed deur die individu se konteks. Mense is

dikwels onbewus daarvan (Habermas 1984:110). Nieuwenhuis (2006:62) verduidelik dit soos volg: “We try to understand through the eyes of others, but we describe through the filters of our own knowledge and experience as meaning making is a personal enactment.” Die neerskryf van gesproke taal skep ook afstand van die oorspronklike betekenis, want die gesproke taal word losgemaak van die konteks waarbinne dit ontstaan het.

#### **4.3 Ervaring van Gereformeerde eredienste**

##### **4.3.1 Seleksie van deelnemers**

Slegs volwassenes bo die ouderdom van 18 jaar het deelgeneem aan die ondersoek. Hulle is lidmate van NG Gemeentes binne die Ring van Klerksdorp-Noord, naamlik NG Gemeente Klerksdorp-Oos, NG Gemeente Goudkop, NG Gemeente la Hoff, NG Gemeente Wilkruin, NG Gemeente Doringkruin en NG Gemeente Klerksdorp-Noord. Hierdie gemeentes se eredienste word ingerig volgens ‘n taamlike vaste liturgiese orde soos kenmerkend is van tradisionele eredienste in die NG Kerk. In die onderskeie gemeentes is die doel van die studie verduidelik, naamlik om die verhouding van die erediensbelewing van lidmate van die NG Kerk tot hulle spirituele voorkeur te ondersoek. Lidmate is genooi om deel te neem en belangstellendes het met my in verbinding getree. Dit was lidmate wat gereeld eredienste bywoon en in hulle gemeentes betrokke is. ‘n Tweede groep is geïdentifiseer, naamlik lidmate wat selde of nooit eredienste bywoon nie en nie in hulle gemeentes betrokke is nie.


##### **4.3.2 Toets vir spirituele voorkeure**

Corinne Ware se spirituele model en spiritualiteitstoets is gebruik om deelnemers se spirituele voorkeur vas te stel. In Corinne Ware (1995:48) se werk, *Discover your spiritual type*, gee die outeur toestemming vir die algemene gebruik van haar spiritualiteitstoets. Die model identifiseer spirituele voorkeure as “kop”, “hart”, “mistiek” en “hand” (kyk Hoofstuk 3). Die toets bestaan uit twaalf vrae. By elk is daar vier stellings. Die wat hulle spirituele voorkeur die beste beskryf, word geselekteer. Volgens Ware (1995:47-48) lê hierdie meetinstrument se effektiwiteit huis daarin dat meer as een opsie gekies kan word by ‘n vraag. Dit is belangrik dat mense nie net tot een antwoord per vraag beperk word nie, aangesien mense nie beperk is of

vasgevang is binne een spiritualiteitsvoordeur nie en ook nie wat hulle uitlewing van hulle spiritualiteit betref nie. Die doel van die toets is juis om al die voorkeure van 'n persoon te reflekteer (Ware 1995:84). As geen van die oopsies pas nie, kan die vraag onbeantwoord bly. Wat nie gekies word nie, speel net so 'n groot rol in die vasstelling van spirituele voorkeure as wat wel gekies word (Ware 1995:49). Dit is so aan die deelnemers verduidelik voordat hulle die toets afgelê het.

Ware se toets is weer gebruik om deelnemers se ervaring van eredienste in die NG Kerk te bepaal. Deelnemers moes nou by elke vraag die stellings merk wat kenmerkend is van hulle ervaring van die eredienste van die gemeente waar hulle lidmate is. Die doel hiervan was om vas te stel in watter mate daar verskille of ooreenkoms is tussen deelnemers se persoonlike spirituele voorkeure en die spirituele inrigting van eredienste. Die spiritualiteitstoets bestaan uit twaalf temas. Onder elke tema kan keuses gemaak word. Elke keuse het 'n nommer. Elke stelling wat die persoon kies, word deur 'n radiale lyn op die spiritualiteitssirkel aangebring in die kwadrant wat ooreenstem met die nommer van die keuse. Die visuele uitbeelding daarvan vorm 'n wiel met speke. Dit dui die verspreiding van 'n individu se spirituele voorkeure tussen die vier spirituele kwadrante aan.

'n Voorbeeld van 'n voltooide "spiritualiteitswiel" sal soos volg lyk:



Die resultate in die studie word weergegee in persentasies eerder as "speke" omdat dit makliker vergelyk kan word.

#### 4.3.3 Onderhoude

Meer insig is verkry deur middel van onderhoude met deelnemers. Deelnemers vir onderhoude is geïdentifiseer na aanleiding van hulle spirituele voorkeure, soos reeds aangedui is deur Ware se toets. Die fokus van die onderhoude was om insig te verkry in deelnemers se belewenisse van NG Kerke se tradisionele eredienste. Deelnemers is gekies sodat elke spirituele voorkeurkergroep verteenwoordig word uit twee groepe, naamlik lidmate wat gereeld eredienste bywoon, sowel as lidmate wat selde eredienste bywoon. Onderhoude is die mees effektiewe data-insamelingstrategie om insig te verkry in mense se beskouings en hul konstruksie van die werklikheid (Engelbrecht 2016:113). Individue is meer betrokke met onderhoude as met vraelyste en meer volledige inligting word verkry. Deelnemers kan gevra word om uit te brei op antwoorde. Glesne en Peskin (1992:65) verduidelik dat "die geleentheid om te leer van dit wat jy nie kan sien nie, en om alternatiewe verklarings te kry vir dit wat jy kan sien, in die besonder 'n sterk punt van onderhoudvoering in kwalitatiewe navorsing is". 'n Verdere voordeel van onderhoude is dat deelnemers se nie-verbale kommunikasie waargeneem kan word.

Navorsingsvrae is geformuleer op grond van insigte wat verkry is uit die literatuurstudie (kyk Engelbrecht 2016:113) oor die NG Kerk as denominasie binne die Gereformeerde tradisie, asook die Gereformeerde identiteit en die liturgiese inrigting van eredienste van die NG Kerk. Insigte uit die literatuur oor die begrip spiritualiteit is ook benut om te kom van 'n breër verstaan van Christelike spiritualiteit tot 'n nouer fokus op die Gereformeerde spiritualiteit van die NG Kerk. Met behulp van Ware se vier spirituele voorkeurgroepe is temas geïdentifiseer wat die vrae in die onderhouding sou rig. Die literatuurstudies word verder benut wanneer die resultate van die empiriese ondersoek teruggekoppel word aan die teorie om uit te kom by bevindings (kyk Engelbrecht 2016:113).

Gestruktureerde onderhoude word gebruik as die ondersoeker op spesifieke inligting wil fokus. Die vrae kan dan dienooreenkomsdig geformuleer word. Die voordeel is dat antwoorde maklik vergelyk kan word. Dit maak interpretasie eenvoudiger. Die nadeel is egter dat daar nie ruimte is vir onverwagte inligting van die kant van die deelnemer nie. Vir die doel is semi- en ongestruktureerde onderhoude meer doeltreffend. Hoewel ongestruktureerde onderhoude die grootste openheid moontlik maak, kan

baie onnodige en onbruikbare inligting verskaf word, wat die analise proses verswaar en dit moeilik maak om tot bevindinge te kom of vergelykings te tref (Engelbrecht 2016:113). Derhalwe is besluit op semi-gestrukteerde onderhoude. Dit bied die deelnemer 'n mate van vryheid, terwyl daar tog 'n raamwerk gebied word vir die gesprek. Semi-gestrukteerde onderhoude geskied planmatig, maar is nie rigied nie. Die doel is nie dat net die ondersoeker se doelwitte bereik word nie, maar dat die proses ook van waarde is vir die deelnemers (Morgan 2000:4). Deelnemers word beskou as 'n kleiner gemeenskap van die makrokonteks. Hulle demografiese gegewens is in ooreenstemming met die groter konteks sodat die data wat ingewin word, vergelykbaar is (kyk Osmer 2008:677).

#### **4.4 Etiese oorwegings**

Voordat die ondersoek begin het, is deelnemers versoek om 'n ingeligte toestemmingsvorm te voltooi. Die rede daarvoor is aan hulle verduidelik. Omdat mense by die ondersoek betrokke is, word erns gemaak met etiese norme en standarde om te verhoed dat deelnemers se regte en waardes geskaad word. Die reëls vir etiese navorsing, soos neergelê deur die Universiteit van Pretoria, is gevolg. Etiese klaring is van die Universiteit verkry voordat onderhoude 'n aanvang geneem het. Toestemming is ook vooraf by die Ring van Klerksdorp-Noord verkry dat 'n empiriese ondersoek gedoen mag word onder lidmate van die gemeentes in die Ring. Daar is aan deelnemers verduidelik dat hulle deelname vrywillig is en dat hulle enige tyd van die studie kan onttrek. Indien hulle onttrek, sal daar geen negatiewe gevolge vir hulle wees nie. Die inligting wat reeds van hulle verkry is, sal vernietig word. Ek het die deelnemers verseker dat die inligting as vertroulik hanteer sal word. Die algemene resultate van die studie sal gepubliseer word, maar hulle sal anoniem bly en hulle identiteit sal deurgaans beskerm word. Ek het verder verduidelik dat ek nie voorsien dat hulle deelname aan die ondersoek enige risiko inhoud nie.

#### **4.5 Ontleding van data**

Ontleding van data is gedoen aan die hand van Braun en Clarke (2006; kyk Engelbrecht 2016:120) se ses fase model:

- Die eerste fase behels die bekend word met die data deur die lees en herlees daarvan, met aantekeninge oor aanvanklike idees.
- Met die tweede fase word die data krities gelees om moontlike ooreenkomste en/of teenstrydighede tussen die deelnemers se antwoorde te identifiseer. Dit kan bydra tot verdere insigte. Soveel moontlike temas word geïdentifiseer en die konteks van die data word in gedagte gehou.
- In die derde fase word oorvleuelende temas saam gegroepeer. Inligting wat met mekaar verband hou word saamgegroepeer.
- In fase vier word data onder die temas gerangskik op grond van patronen wat na vore kom uit die data.
- In die vyfde fase word herhalende patronen geïdentifiseer en die kern van elke tema word geformuleer. Verhoudings tussen die verskillende temas word geïdentifiseer.
- In fase ses word data geïnterpreter en die bevindings beskryf.

Die einddoel is dat “n samehangende narratief gebied word wat konsekwent die oorkoepelende storie wat die data vertel, weergee” (Engelbrecht 2016:123). Die bevindings word aangebied in die vorm van ’n dialoog tussen die teoretiese begronding en die resultate van die empiriese ondersoek. Vanuit die bevindings van die ondersoek word ’n aantal aanbevelings gemaak en praktiese riglyne gebied vir die inrigting van eredienste van NG Gemeentes. Die bedoeling is om ‘n meer inklusiewe benadering te vind deur erns te maak met verskille in spirituele voorkeure.

#### **4.6 Samevatting**

Hierdie hoofstuk het die konteks van die ondersoek beskryf en die paradigma en benadering van die studie uiteengesit. Die keuse vir ’n kwalitatiewe navorsingsmetode is gemotiveer. Die verhouding tussen die rolspelers, die wyse waarop hulle betekenis aan hulle omgewing en ervaring toeken en die invloed van die konteks op hulle is verduidelik. Die binnestaander-perspektief en die subjektiewe wyse waarop mense sin gee aan hulle lewenservaring, is belig. Die rol van kritiese refleksie en ’n buitestandaander-perspektief is eweneens belangrik om die akkuraatheid van bevindinge te verhoog. Die wyse waarop deelnemers se spirituele voorkeure

bepaal is, is verduidelik. Die keuse vir onderhoude as aanvullende metode om data te verkry, is gemotiveer. Die keuse en proses van die semi-gestruktureerde onderhoude is verduidelik. Die hoofstuk is afgesluit met 'n uiteensetting van die metode van data-analise.

## HOOFSTUK 5

### RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK


#### 5.1 Inleiding

Die doel van die studie is om insig te verkry in hoe mense met verskillende spiritualiteitsvoordeure eredienste van gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ervaar. Die vraag is spesifiek in watter mate die eredienste van gemeentes van die NG Kerk beleef word as uitsluitend van sekere spiritualiteitsvoordeure. Insigte oor die Gereformeerde identiteit, Gereformeerde liturgie en verskillende spiritualiteitsvoordeure bied 'n teoretiese raamwerk vir die studie. Corinne Ware se model van spiritualiteitstipologieë en spiritualiteitsvraelys is gebruik ten einde die spiritualiteitsvoordeure van lidmate uit te wys. Die model is ook gebruik om vas te stel volgens watter spirituele voordeure dideelnemers ervaar dat eredienste ingerig word. Twee groepe, naamlik persone wat eredienste van die NG Kerk gereeld bywoon en persone wat wat maar selde eredienste bywoon, het deelgeneem aan die empiriese ondersoek: 21 gereelde kerkgangers en 13 persone wat nie gereeld eredienste bywoon nie, het deelgeneem.


Nadat die deelnemers se afsonderlike spirituele voordeure met behulp van Ware se spiritualiteitsvraelys geïdentifiseer is, is die resultate verwerk en op een spiritualiteitswiel weergegee. Die spiritualiteitswiel gee dus 'n aanduiding van die algehele verspreiding van spiritualiteitsvoordeure onder die deelnemers. Die deelnemers se ervaring van die spirituele inrigting van eredienste is ook verwerk om op een spiritualiteitswiel weer te gee. Die bevindings van die twee toetse is vergelyk om insig te verkry in watter mate eredienste aan mense se spirituele behoeftes voldoen, gegewe hulle spirituele voordeure.

## 5.2 Spiritualiteitstoetse


Persoonlike spirituele voorkeure van gereelde erediensgangers:




Die wyse waarop gereelde erediensgangers die spirituele inrigting van eredienste beleef:



Persoonlike spirituele voorkeure van persone wat selde eredienste bywoon:



Die wyse waarop persone wat selde eredienste bywoon die spirituele inrigting van eredienste beleef:



Die resultate toon dat die deelnemers wat gereeld eredienste bywoon se spirituele voorkeure hoofsaaklik in die "hart" kwadrant geplaas kan word. Die "kop" en

“mistieke” kwadrante word die tweede meeste verteenwoordig, terwyl die “hand” kwadrant skraal verteenwoordig is. Die wyse waarop hulle die spirituele inrigting van eredienste beleef, word egter hoofsaaklik in die “kop” kwadrant geplaas, minder in die “hart” kwadrant en die minste in die “mistieke” en “hand” kwadrant.

Die persone wat selde eredienste bywoon se persoonlike spirituele voorkeure pas hoofsaaklik in die “mistieke” en “hart” kwadrante en baie min in die “kop” en “hand” kwadrante. Hulle beleef dat eredienste hoofsaaklik ingerig word volgens die “kop” kwadrant en dat vir die ander spirituele kwadrante min ruimte is in die erediens.

Dit is te verstan dat hierdie persone nie gereeld eredienste bywoon nie, aangesien mense met ‘n “mistieke” spiritualiteit die ongemaklikste voel met die teenoorstaande “kop” kwadrant. Hulle ag woorde minder belangrik en heg meer waarde aan stilte. Hulle heg nie baie waarde aan aktiwiteite nie, want aktiwiteite is van verbygaande aard. Hulle sien dikwels nie die waarde van gesamentlike geloofsbeoefening in nie. ’n Gevaar van hierdie tipe spiritualiteit is ’n passiewe houding en dat mense hulle onttrek aan interaksie met mede-gelowiges (Ware 1995:109). Nicol (2002:45) verduidelik daar “gesonde en ongesonde mistiek” is en waarsku soos volg teen die gevaar van die oorbeklemtoning van ervaring: “n Mens word afhanklik van wat jy in stilte kan ervaar. Daar leer jy God ken, sodat die Bybel ook onnodig word.”

Volgens Johnson en Dreitcher (2001:13) beskik alle gelowiges in ’n mindere of meerdere mate oor iets van ’n mistieke spiritualiteit. Alle gelowiges beskik egter nie oor eienskappe van die ander drie spirituele kwadrante nie. Mistieke spiritualiteit gaan oor die bewussyn dat daar ’n Transendente teenwoordigheid buite die mens is. Dit het te doen met gevoel en ervaring. Tradisioneel is ’n mistieke spiritualiteit beskou as ’n meer gevorderde vlak van spiritualiteit. Mistieke ervaring is egter deel van menswees en bestaan nie net uit buitengewone ervarings nie. Dit is nie noodwendig ’n teken van ’n hoër vlak van spirituele ontwikkeling nie.

Hoewel stilte en alleentyd saam met God van groot waarde is, behoort daar ’n balans te wees tussen afsonderlike geloofsbeoefening en geloofsbeoefening saam met ander gelowiges. Alleenheid en gemeenskap is twee bene wat beide noodsaaklik is vir gelowiges se geestelike groei. Hoewel geloof ’n persoonlike verhouding met God is, is dit belangrik om ook die “gemeenskap van die heiliges” ’n

plek te gee in geloofshandelinge (Nicol 2008:171). Nicol (2008:172) verduidelik dit soos volg:

Stilword behoort ook nie net 'n eensame ervaring te wees nie. Dis 'n manier van aanbidding wat gebalanseerd is as ons dit alleen sowel as saam doen. Stiltetyd was altyd vir die eie binnekamer en die biduur was 'n byeenkoms vol woorde. Groepe wat vir gebed en voorbidding saamkom, kan goedskiks eers vyf of tien minute in stilte deurbring. Die woorde wat dan uit die stilte na vore kom, is gewoonlik voller.


### **5.3 Onderhoude**

Nadat die resultate van die spiritualiteitsvraelyste verwerk is, is persone op grond van hulle spiritualiteitsvoordele geïdentifiseer om deel te neem aan semi-gestruktureerde onderhoude. Aanvanklik is beplan om persone uit elke spirituele voorkeurgroep te kies. Met die verwerking van die vraelyste is egter bevind dat geen van die deelnemers se spirituele voorkeure in die "hand" voorkeurgroep pas nie. Daar was dus geen verteenwoordigers vanuit hierdie groep om onderhoude mee te voer nie. Dit is ook die kwadrant wat erediensgangers beleef die minste aandag geniet met die wyse waarop eredienste ingerig word. Dit is egter wel te verstane omdat Ware (1995:44) verduidelik dat georganiseerde godsdiens gewoonlik nie belangrik is vir persone wie se spirituele voorkeur in die "hand" kwadrant val nie. Hulle affilieer dan ook meesal nie met 'n spesifieke geloofsgroep nie.

Aangesien die gevolge van die Covid-19 virus besoeke onmoontlik gemaak het, is onderhoude telefonies gevoer. Hierdie is die resultate van die semi-gestruktureerde telefoniese onderhoude:

## Deelnemer 1 – “Hart” spirituele voorkeur

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Die spiritualiteitswiel dui aan dat hierdie deelnemer se spirituele voorkeure grotendeels in die “hart” kwadrant pas. Die wyse waarop sy die erediensinrigting van die gemeente beleef, stem grootliks ooreen met haar spirituele voorkeur. Die meeste kenmerke van die “hart” kwadrant word teruggevind in die wyse waarop eredienste ingerig word. In ‘n groot mate is dit ook die geval met die “kop” kwadrant.

Die persoon is reeds 28 jaar lank lidmaat van die NG gemeente waar sy tans eredienste bywoon. Sy woon elke Sondag die eredienste by en woon ook alle ander eredienste soos byvoorbeeld die week van gebed, Pinksterdienste, Lydenstyd- en Paasdienste, getrou by. Sy was oor die jare besonder betrokke by die gemeentes waar sy ‘n lidmaat was. Sy het 12 jaar lank gedien as voorsitter van die Sendingkommissie in haar huidige gemeente. Die rede vir haar betrokkenheid in die gemeente is haar liefde vir die Here. Sy is besonder geseënd “deur die groot genade van die Vader”. Sy geniet dit om uit te reik na mense in hospitale om vir hulle Christelike traktaatjies te gee en vir hulle te bid. Sy geniet dit om kerk toe te gaan, nie net vir die boodskap nie, maar ook veral omdat sy die saamwees met medegelowiges waardevol vind. Haar man is byna 30 jaar gelede in ‘n motorongeluk oorlede en sedertdien woon sy alleen. Haar bedrywighede in die gemeente help dat

sy nie eensaam voel nie. Sy het baie jarelange vriende in die gemeente. Sy is betrokke by Bybelstudies en bidure en ook fondsinsamelingsprojekte. Sy is haar hele lewe lank al 'n lidmaat van die NG Kerk en het geen ervaring van eredienste van kerke van ander denominasies en hulle bedieninge nie. Sy stel nie daarin belang om ander kerke se eredienste by te woon nie, want syhou van die NG Kerk se gewyde atmosfeer en is baie tevrede in die NG Kerk.

Sy ervaar dikwels God se teenwoordigheid in die erediens. Volgens haar verheerlik 'n intense roerende en spontane ontmoeting God. Sy gaan kerk toe met die verwagting om te hoor wat God vir haar wil sê en bid ook vooraf daarvoor. Soms is die eredienste te kort na haar sin. Dit is egter tog voldoende omdat die boodskap goed en duidelik deurkom. Sy voel dat die erediens nie deur 'n sekere tydsbeperking gebind moet wees nie, maar so lank moet duur as wat nodig is vir die gemeente om gelei te word deur die Heilige Gees. Vir haar is die prediking "kort, duidelik en kragtig" en getuig van goeie voorbereiding. Sy beskryf die gebede ook as "kort en kragtig", maar sou "meer intense gebede en intree vir die nood en behoeftes in die gemeente en verder" verkies. Hoewel daar ruimte is vir mense om getuenis te lewer tydens die erediens, gebeur dit maar selde.

Selfs al geval die prediker se aanbieding haar nie, sal sy steeds eredienste bywoon. In elke erediens en godsdiestige aktiwiteit kan 'n mens wel geestelik verryk word, al is dit net deur een lied, 'n gebed of Bybelvers. Haar belewenis van musiek en lof en aanbidding in die erediens hang af van die orrelis. Sy verduidelik dit soos volg: "Sommige orreliste het die vermoë om 'n diep gewyde atmosfeer te skep. Die liedere wat gesing word is gepas maar die begeleiding is nie altyd foutloos en vlot nie. Die lof en aanbidding "skakel in by die boodskap, maar ek sou gehou het van meer oopregte toegewye lofprysing". Sy verkies dat die verskillende elemente van die erediens ingerig word om 'n eenheid te vorm. Dit dra by tot 'n positiewe belewenis van die erediens.

Haar belewenis van tye van stilte en gewydheid in die erediens is soos volg: "Die paar minute van stil gebed vooraf is baie goed vir jou geestelike voorbereiding tot die erediens, en ook die tyd vir stil gebed na die boodskap, vir jou persoonlike antwoord aan die Here op jou ontmoeting met Hom tydens die erediens." Sy geniet die tyd

voor die erediens en ervaar dit as “ontspanne, hartlik, gemeentelede wat mekaar groet en gesels en duidelik geniet om daar te wees”.

Op die vraag oor haar beeld van God antwoord sy dat sy aan God dink as haar Vader en dit is ook die wyse waarop sy God beleef. Sy kan voel dat God ‘n werklikheid is en in haar hart leef. Die belangrikste wyse waardeur sy tot kennis van God kom is die Bybel en eeu-eoue geloofstradisie. Op die vraag oor die mate waarin sy die nagmaal en doop as aangrypende, dramatiese elemente van die erediens ervaar, antwoord sy: “Die nagmaal is altyd ‘n wonderlike geestelike versterking, die doop miskien in mindere mate.” Die sakramente help haar om God se teenwoordigheid te beleef. Sy ervaar dat die erediens haar motiveer om uit te gaan en haar Christenskap uit te leef in die wêreld.

Tog het sy ook kritiek teen die eredienste. Sy verduidelik: “Persoonlik sou ek daarvan gehou het as meer klem gelê word op ons roeping naamlik om die Woord verder te versprei, met ander woorde sendingwerk en versorging van armes. Tans word die verkryging van fondse vooropgestel wat nie ons roeping is nie en die ander werk ly skade. Dit is tekens dat ons nie op God vertrou om te sorg nie, soos wat God beloof in die Woord, maar self wil voorsien. Om die gemeente daartoe te lei is opregte hartgrondige gebedsintrede nodig. As ons eers God se wil soek en dit doen sal God al die ander dinge vir ons byvoeg en sal ons geestelike welsyn en pogings geseënd wees.”

## Deelnemer 2 – “Mistieke” spirituele voorkeure

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure stem grootliks ooreen met haar belewenis van eredienste. Haar voorkeure pas hoofsaaklik in die “mistieke” kwadrant, maar ook tot 'n groot mate in die “hart” en “kop” kwadrante. Sy het nie veel van 'n voorkeur vir die “hand” kwadrant nie. Sy ervaar hoofsaaklik dat eredienste tuishoort in die “mistieke” kwadrant, daarna in die “hart” en “kop” kwadrante en in 'n geringe mate ook in die “hand” kwadrant. Met die onderhoud het haar “mistieke” spiritualiteit sterk na vore gekom. Die rede waarom sy tuis voel in eredienste van die NG Kerk is moontlik omdat sy 'n gebalanseerde spiritualiteit het in die sin dat die teenoorstaande “kop” kwadrant ook goed verteenwoordig word in haar spirituele voorkeure.

Hierdie deelnemer is al 32 jaar lank 'n lidmaat in haar huidige gemeente. Sy kom uit 'n familie van NG predikante. Haar broer, neef en kleinneef is predikante, asook haar seun. Sy woon die eredienste byna elke Sondag by en is “altyd lus om kerk toe te gaan”. Sy is tans die voorsitter van die barmhartigheids-kommissie in haar huidige gemeente en geniet haar werk as diaken ook baie. Dit is vir haar belangrik om die “kerklos” lidmate in haar wyk te motiveer om kerk toe te kom. Sy beskryf dit soos volg: “Ek weet nie hoe nie, maar ons moet meer mense by die eredienste kry. Ons

kerke loop leeg of mense wil nie meer kerk toe kom nie. Wanneer gaan almal tevrede wees om soos van ouds na die Huis van die Here te kom om na sy Woord te luister in meelewing met ander gelowiges – dan sal alles uitbrei.”

Sy ervaar altyd God se teenwoordigheid in die erediens. Die kerk is God se huis en dit voel vir haar of God nader aan haar is wanneer sy in die kerk is. Sy ervaar die gewyde teenwoordigheid van God in die eredienste. Sy dink aan God as “my Vader, my Skepper, Hy is altyd by my, oral, God drie-enig”. Die erediens is waar gelowiges saamkom en so “kom Hy ook in die gewydheid en stilte nabij my”.

Sy geniet die musiek voor die erediens en verkies dat musiek gespeel word eerder as dat die gemeente saam sing. Sy verduidelik dit as: “dit stem my in op gewydheid”. Dit is vir haar steurend as mense voor die erediens “so lekker gesels” want dit is vir haar ’n stilword tyd, weg van die gejaagdheid van die lewe. Dit is ’n tyd waarin sy wil nadink waarom sy in die kerk is. Sy hou van die musiek tydens die erediens, dit “vul die gewyde stemming aan” en help haar om haar geloof in God te verwoord en stil te word voor God.

Sy gee nie om hoe lank die erediens is nie. Sy is daar om na God se Woord te luister saam met ander gelowiges, om sy “teenwoordigheid te voel en versterk uit te gaan, reg vir die week”. Die Woordverkondiging is vir haar “saamwees met die Here” en dit is vir haar die middelpunt van aanbidding. Sy ontmoet elke keer weer die Here in die prediking en die Heilige Gees spreek tot haar.

Die erediens motiveer haar om haar Christenskap in die wêreld uit te leef. Sy sê dat ’n mens op die uitkyk moet wees vir geleenthede, dit moet aangryp, en dit dôén. Gebed is ook vir haar “saamwees met die Here”. Dit voel vir haar byna asof “sy op God se skoot sit”. Gebed in die erediens is “so lekker stilwees met God; saam met ander gelowiges”. Die gewydheid in die erediens bring haar nader aan God se teenwoordigheid en dit voel asof sy God kan aanvoel. As sondige mens dwaal haar gedagtes soms af. Sy wens sy kan ’n aan en af knoppie hê wat verhoed dat haar gedagtes afdwaal tydens die erediens.


Sy hou van getuienis in die erediens. Dit is vir haar 'n gelukkige en soms hartseer ervaring om daarna te luister en te hoor hoe God mense aangeraak het. Dit laat mens besef hoe groot God is. Sy voel dat relevante terugvoer van bedieninge tydens die erediens belangrik is, maar dit moenie te lank wees nie.

Die nagmaal en doop is vir haar baie betekenisvol, omdat dit haar laat dink aan God wat die Grote Vader is wat aan ons die nagmaal en doop gegee het, eers as voorbeeld en toe as gedagtenis. Dit help haar om God se teenwoordigheid te ervaar.


Vir haar is die mees positiewe ervaring van die erediens "die Woord wat gebreek word, God se teenwoordigheid en die gewydheid". Eenvoud en stilte is belangrike elemente. Die ordelikheid van die erediens dra by tot haar ervaring van God. Daar is niks in die erediens wat sy dink moet verander nie.

### **Deelnemer 3 – “Kop”, “hart” en “mistieke” voorkeure**

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer is 'n man wat reeds 32 jaar deel is van die gemeente waar hy tans 'n lidmaat is. Hy woon bykans elke Sondag se eredienste by. Hy was 14 jaar lank die voorsitter van die finansiële kommissie en het verlede jaar "afgetree". Hy is

betrokke by gemeentelike projekte, veral barmhartigheid en fondsinsameling. Die onbetrokkenheid van lidmate en kerkraadslede is vir hom 'n bron van kommer.

Hy het 'n gelyke verspreiding van spirituele voorkeure in die "hart", "kop" en "mistieke" kwadrante en byna niks in die hand kwadrant. Hy beleef dat eredienste hoofsaaklik ingerig word volgens die "kop" kwadrant, ook in 'n mate volgens die "hart" en "mistieke" kwadrant, maar byna glad nie volgens die "hand" kwadrant nie.

Hy voel die nabheid en teenwoordigheid van God in die erediens. Hy hou van die balans tussen gewydheid en gemoedelikheid in die erediens en oomblikke van stilte tydens die erediens is vir hom noodsaaklik. Eenvoud en 'n mate van stilte is vir hom die belangrikste elemente vir aanbidding, om "net in God se teenwoordigheid te wees". Die belangrikste element in die erediens is vir hom die prediking. Dit is "opbouend en gebed is kragtig", maar die erediens motiveer hom nie altyd om sy Christenskap in die wêreld uit te leef nie. Veral die nagmaal en doop is ook vir hom spesiale geleenthede. Hy ervaar dat sy verstand en emosies tydens die erediens betrek word.

Hy dink aan God as "my Skepper en Verlosser". God is vir hom 'n werklikheid en hy ervaar God veral op emosionele vlak. Vir hom is die tydsuur van die erediens nie 'n belangrike faktor nie, want alle tyd is God se tyd.

Vir hom is die musiek in die erediens 'n frustrasie. Hy sê dit bring nie altyd lof aan God nie en wissel van power tot redelik. Dit is nie altyd op standaard nie. Sy vrou oorweeg dit om die gemeente te verlaat as gevolg van die musiek.

Daar is min geleenthede vir persoonlike getuienis in die eredienste. Getuienis en evangelisasie is vir hom belangrik, maar getuienis gebeur hoofsaaklik net met week van gebed en Pinkster.

Die gesindheid waarmee 'n mens die erediens bywoon is volgens hom die bepalende faktor. "n Mens maak jouself positief." 'n Positiewe gesindheid sal bydra tot 'n positiewe ervaring.

Hy woon graag geleenthede in charismatiese gemeentes by, onder ander 'n manne-biduur elke Vrydag. Hy hou van die saamwees daar met 'n groot aantal mede-gelowiges. Hoewel hy charismatiese kerke se geleenthede bywoon sal hy 'n lidmaat van die NG Kerk bly, want hy kan homself vereenselwig met die NG Kerk se belydenisse. Dit is vir hom egter teleurstellend hoe belangrike sake by die sinode hanteer word. Daar is baie onverdraagsaamheid in die wyse waarop mense met mekaar omgaan. Sy kritiek teen die gemeente waar hy tans lidmaat is, is ook dat mense te min vir mekaar omgee. Hy sal graag wil sien dat mense meer persoonlik by mekaar betrokke is.

#### **Deelnemer 4 – “Hart” spirituele voorkeur**

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer se spirituele voorkeure pas in die “hart” kwadrant en sy ervaar die spirituele inrigting van eredienste hoofsaaklik in die “kop” kwadrant. Sy is reeds 18 jaar lank lidmaat van die gemeente waar sy tans eredienste bywoon. Sy woon ongeveer drie keer per maand eredienste by. Sy is betrokke by die kinderbediening in haar huidige gemeente. Sy sal graag meer betrokke wil wees, maar sy werk lang ure en het 'n dogtertjie van een jaar wat baie tyd in beslag neem.

Sy ervaar God se teenwoordigheid in die erediens. Sy hou daarvan dat die preek nie te lank is nie en dat alles in 'n uur inpas. Sy ervaar die preek as "baie goed en ek kry elke keer 'n goeie boodskap om saam te neem huis toe". Die gebede is vir haar

“treffend en bindend”. Die nagmaal en doop is vir haar spesiale oomblikke wat haar in die oomblik herinner aan wat lank gelede gebeur het. Sy ervaar dat sy emosioneel en verstandelik betrek word met die erediens en dat die erediens haar beslis motiveer om haar Christenskap in die wêreld uit te leef.

God beskryf sy as: “Hy is my Skepper, my Pa”.

Wat die lof en aanbidding in die erediens betref, hou sy van die liedere wat gesing word. Sy voel egter dat die begeleiding kan verbeter en dat dit meer lewe moet kry. 'n Orkes kan gebruik word. Sy sal ook verkies dat die tyd voor die erediens gebruik word om meer te sing en “meer lewendig te wees”.

Daar is wel geleentheid vir getuienis in die erediens, maar sy self sal nie getuienis lewer voor almal nie.


Sy voel positief oor die gemeente. Wat grootliks daartoe bydra, is “n goeie predikant, ouderlinge en diakens wat omgee vir almal”. Al wat sou kon verander om haar belewenis van die erediens meer positief te maak, is die musiek.

#### **Deelnemer 5 – “Mistieke” en “hart” spirituele voorkeur**

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer is 'n vrou wat reeds 14 jaar lank lidmaat is van die gemeente waar sy eredienste bywoon. Sy woon elke Sondag eredienste by. Haar spirituele voorkeure pas hoofsaaklik in die "mistieke" kwadrant en die "hart" kwadrant. Sy ervaar eredienste hoofsaaklik in die "kop" en "hart" kwadrante.

Sy ervaar God oral rondom haar en beskryf God as "die Alfa en Omega in my geloof". Sy vind waarde in stilte en stil gebede, verkies gewyde eredienste, en sê "ek sorg dat ek 'n tydjie voor die erediens by die kerk is om in stilgebed met my Here te verkeer".

Sy beskryf die prediking as goed beplan en inspirerend. Sy verkies goed geordende en beplande eredienste. Sy beleef dat dit haar inspireer om haar Christenskap uit te leef. Sy geniet die musiek in die erediens en dink die liedere is gepas. Sy sê: "Soms word ek so meegevoer en emosioneel dit voel vir my ek wil my hande in die lug steek". Sy geniet deelname aan die sakramente en ervaar dat sy "weereens gevul word met die Heilige Gees". Sy hou daarvan dat die eredienste nie te lank is nie, "want ouer mense sukkel soms om vir lang tye te konsentreer".

Die besondere van die erediens is vir haar om dit "te geniet saam met medegelowiges". Sy sal graag wil hê dat gemeentelede "meer broederlike liefde in Christus toon onder mekaar".

## Deelnemer 6 – “Kop” spirituele voorkeure

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soog volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer is 'n man wat reeds 50 jaar lank lidmaat van die gemeente is waar hy eredienste bywoon. Hy is tans voorsitter van die finansiële kommissie. Hy woon elke Sondag eredienste by en ook alle ander spesiale eredienste. Sy persoonlike spirituele voorkeure pas in die “kop” kwadrant en hy ervaar ook dat eredienste ingerig word volgens die “kop” kwadrant.

Hy ervaar byna altyd God se teenwoordigheid in die erediens. Sy verstand, emosies en sintuie word geprikkel. Hy sê hy word nie “liggaamlik” by die erediens betrek nie. Hy verkies dat die tyd voor die erediens gebruik word vir samesang deur die gemeente en vir hom is dit ‘n “goeie belewenis”. Hy beleef die prediking in die erediens positief en gebed as “positief en ondersteunend”. Te veel tyd vir stilte in 'n erediens laat hom ongemaklik voel. Die prediking en gemeentesang saam met mede-gelowiges dra by tot 'n positiewe ervaring van die erediens. Op die vraag of hy ervaar dat die erediens hom motiveer om sy geloof in die wêreld te gaan uitleef antwoord hy: “Volkome! Ek droom selfs daaroor.”


Hy verkies dat daar binne die vasgestelde tydsduur van die erediens gehou word. Hy sou hou van meer geleentheid vir persoonlike getuienis.

Hy dink aan God as “my skepper en my Hemelse Vader”.


Hy hou nie altyd van die lof en aanbidding in die erediens nie. Hy sê: "Party Sonde is beter as ander". Die ouer liedere spreek meer tot hom. Die nuweres is soms moeilik omdat dit onbekend is. Die sing van onbekende liedere is die enigste negatiewe ervaring wat hy soms van die erediens het.

### **Deelnemer 7 – "Kop" en "mistieke" spirituele voorkeure**

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer is reeds 11 jaar lank lidmaat van die gemeente waar sy eredienste bywoon. Haar spirituele voorkeure pas hoofsaaklik in die "mistieke" en "kop" kwadrante. Sy is die een deelnemer wat ook voorkeur toon in die "hand" kwadrant. Sy is die enigste deelnemer wat ervaar dat eredienste ingerig word volgens 'n "hand" spiritualiteit.

Sy woon selde eredienste by. Een van die redes is dat sy 'n kleuter het wat dit vir haar moeilik maak om eredienste by te woon. Die gemeente waar sy lidmaat is, bestaan meestal uit ouer lidmate en hulle is taamlik onverdraagsaam as kinders nie stilsit tydens die erediens nie. Dit is egter nie die enigste rede waarom sy min eredienste bywoon nie. Sy verduidelik dat sy nie werklik "iets mis" nie. Dit is vir haar meer waardevol om op 'n Sondagoggend op haar eie saam met God te wees. "n Verhouding met God beteken veel meer as om 'n erediens by te woon."

As sy wel eredienste bywoonervaar sy God se teenwoordigheid nie altyd nie. Syervaar God meer buite in die natuur as binne in 'n kerkgebou. Sy beleef God ookmeer op haar eie as wanneer sy saam met ander mense is. Sy kan nie werklikbeskryf hoe sy oor God dink nie. Haar denke oor God wissel baie. Sy verstaan Godnie, maar weet dat God altyd en oral teenwoordig is en vir haar sorg. God is vir haar'n werklikheid wanneer sy op haar eie Bybelstudie doen en net alleen saam met Godis. Dit is wanneer God tot haar spreek.


Sy is meestal "verveeld" tydens lof en aanbidding in die gemeente. Sy hetwaardering vir die woorde van die liedere wat gesing word. Dit verwoord wat sy glo. Die wyse waarop dit begelei en gesing word "werk nie altyd nie, want die orrel trekgewoonlik en die mense kan nie saam met die orrel gesing kry nie en dievoorsangers is ook maar power". Sy verkies dit om tydens eredienste eerder na liedere te luister vanaf 'n CD as om saam met die gemeente te sing.

Hoewel die prediking vir haar 'n belangrike element in die erediens is, is die anderelemente ewe belangrik. Stilgebed, geloofsbelofte of die woorde van 'n lied raakhaar dikwels meer as die prediking. Sy voel soms diep geraak deur 'n diens, maarander kere preek die predikant weer "onsamehangend" en sy wonder dikwels wat die "punt nou eintlik is wat hy wil maak". Sy voel ook soms dat die onderwerp haar niewerklik raak nie of dat dit wat gepreek word 'n ideaal is wat nie werklik verwesenlikkan word nie. Sy hou van goed beplande dienste wat ordelik verloop en wat hou bydie vasgestelde tyd.

Sy hou van die geloofsbelofte, want dit verwoord wat sy glo. Vir haar is "dit wonderlik om daaraan te dink dat gelowiges van eeue gelede dieselfde ervarings en geloof in God gehad het as wat ek het". Sy stel nie belang om eredienste van anderdenominasies by te woon nie, want sy glo en bely wat die NG Kerk bely. Sy vind nieaanklank by ander denominasies nie, veral nie by charismatiese kerke nie. Syverduidelik: "Wat hulle doen is te oor-emosioneel en lyk dikwels oneg. Ek kan ook nie dieselfde lied se vier strofes vir 'n halfuur lank oor en oor sing nie, dit frustrer my baie".

## Deelnemer 8– “Kop” spirituele voorkeure

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer is vier jaar lank lidmaat by die gemeente waar hy tans is. Hy woon selde eredienste by. Hy voel nie in enige gemeente tuis nie. Hy het grootgeword in die NG Kerk en hy stem saam met die belydenisse van die NG Kerk. Hy is daarom 'n lidmaat van die NG Kerk en as hy wel soms eredienste bywoon, is dit in die NG Kerk.

Hy verkies eredienste wat ordelik verloop en goed beplan is en by die vasgestelde tye hou. Dit is ook hoe hy die eredienste in sy huidige gemeente ervaar. Vir hom is prediking die sentrale element in 'n erediens en suiwer Woordverkondiging is vir hom belangrik. Hy erken dat hy soms krities is ten opsigte van prediking, maar meestal ervaar hy dit as waardevol. Soms is die tema van die preek nie relevant nie en spreek hom nie aan nie. Predikante sê nie huis iets nuut nie, maar dit is tog "belangrik om die kernwaardede weer en weer te hoor, want daar is in elkgeval min mense wat dit regkry om daarvolgens te leef".

Hy het waardering vir die woorde van die liedere wat gesing word, maar hy hou nie van sing nie. As hy wel 'n erediens bywoon, daag hy met opset laat op om die lof en aanbidding voor die diens te vermy. Die voorsangers by sy huidige gemeente "kan nie sing nie". Hy verkies egter veel eerder die liedere van die NG Kerk as van ander

denominasies, want ander kerke se musiek irriteer hom. Hy sê dat hy daarvan sal hou as dieselfde liedere in die eredienste wat hy bywoon, begelei sou word met 'n klavier en kitaar: "Ek is nie 'n groot 'fan' van die orrel nie, maar ook nie 'n orkes met 'n voorsanger met toe oë wat dieselfde lied oor en oor en oor sing nie".

Hy hou van kontemplasie en meditasie in sy persoonlike aanbidding en hy vind dus aanklank by stilgebed tydens 'n erediens. Hy ervaar God as 'n werklikheid, maar weet dat God nie in menslike taal beskryf kan word nie. Tog help dit om beelde te hê in menslike taal om iets van ons verstaan van God te kan beskryf. Hy hou daarvan om godsdiestige gesprekke te voer en lees graag godsdiestige artikels. Sy vrou woon gereeld eredienste by en hy bespreek ook graag die gebeure van die erediens met sy vrou wanneer sy hom daarvan vertel.

Die doop en die nagmaal is vir hom rituele wat 'n mens herinner aan belangrike gebeurtenisse. Dit is tradisies wat oorgedra is om uit tebeeld wat mens glo, maar hy word nie werklik daardeur geraak nie. As mens die nagmaal mis, omdat jy nie daardie naweek in die kerk is nie, is dit "nie 'n big deal" nie. Hy glo dat 'n mens net een keer gedoop moet word, klein of groot is om 't ewe. As jy nie gedoop is nie het dit geen "ewigheidsimplikasies" nie.

Hy het 'n kleuterdogtertjie. Hy sal weer meer kerk toe gaan as sy groter is. Hy wil haar daaraan blootstel sodat sy self kan besluit of sy wil kerk bywoon.

### Deelnemer 9 – “Hart” spirituele voorkeure

Hierdie deelnemer se persoonlike spirituele voorkeure word soos volg voorgestel:



Die wyse waarop hierdie deelnemer die spirituele inrigting van eredienste beleef word soos volg voorgestel:



Hierdie deelnemer is reeds 7 jaar lank lidmaat in die gemeente waar sy tans is. Haar spirituele voorkeure pas in die “hart” kwadrant en sy beleef dat eredienste van die NG Kerk ingerig word volgens die “kop” kwadrant. Sy woon byna nooit die eredienste van die NG Kerk waar sy 'n lidmaat is, by nie. Sy en haar man het in die NG Kerk grootgeword en wou hulle kinders in die NG Kerk doop, daarom is hulle lidmate van die NG Kerk. Die doop en die tradisies van die NG Kerk is vir haar belangrik. Sy is 'n nostalgiiese mens. Sy vind egter nie aanklank by die wyse waarop die meeste NG Kerke se eredienste ingerig word nie en voel nie lus om eredienste by te woon waarby sy nie aanklank vind nie. As hulle eredienste bywoon, gaan hulle na 'n gemeente waarvoor hulle die “oggend lus voel”. Sy wil graag 'n lidmaat van die NG Kerk bly, want sy stem saam met die belydenisse en geloofsoortuigings van die NG Kerk, maar verkies 'n gemeente met “nuwer benaderings en meer verstaanbare preke”. Dit is belangrik dat wat tydens die diens gebeur met godsdiens te doen moet hê. By 'n vorige gemeente het die predikant “die hele tyd oor rugby gepraat en nie by die preek uitgekom nie.” Dit het daartoe geleid dat sy opgehou het om eredienste by daardie gemeente by te woon.

Sy beskou haarself as 'n emosionele mens. Sy hou van eredienste waarin dinge meer spontaan gebeur, maar verkies dat die diens nie langer duur as die

vasgestelde tyd nie. Dit is vir haar positief van die NG Kerk: daar word gehou by die tyd.

Sy beskryf God as haar “Skepper en onderhouer” en dit is hoe sy oor God dink. Sy ervaar dat God in haar hart leef. As sy na haar kinders en die skepping kyk, kan sy nie anders as om te glo nie, want God het dit alles gemaak.

Sy is nie baie positief oor die musiek van die NG gemeente waar sy 'n lidmaat is nie. Sy hou nie van die orrel nie en sy hou nie van die wyse waarop die voorsangers sing nie. Sy hou van liedere vol emosie, met woorde wat “meer verstaanbaar en relevant is waarmee sy kan *relate*”. Dit laat haar God se teenwoordigheid ervaar. Sy woon dus soms eredienste by van gemeentes wat “lekker liedjies” sing, soos charismatiese gemeentes.

Sy verkieς preke waar die prediker entoesiasties en “lewendig” is. Sy wil graag daardeur 'n persoonlike ervaring van God hê. Die wyse waarop die preek voorgedra word boei haar meer as die inhoud daarvan. Eredienste van die NG Kerk is dikwels “te rasioneel en vervelig” en die temas raak haar nie altyd nie. Sy wil kan “relate” met die predikant en die boodskap.

#### **5.4 Analise van onderhoude**

Uit die onderhoude blyk duidelik dat mense die eredienste van die NG Kerk hoofsaaklik in die “kop” kwadrant ervaar. Gereformeerde spiritualiteit is grootliks 'n “rasionele” spiritualiteit. Tradisioneel word in eredienste van die gemeentes van die NG Kerk klem geplaas op intellektuele stimulus en 'n rasionele verstaan van God. In die moderne era het hierdie rasionele benadering tot erediensinrigting aan baie mense se spirituele behoeftes voldoen. Eredienste van gemeentes in die Gereformeerde tradisie het 'n sterk fokus op die interpretasie van die Woord en lering. Jonker (Die Kerbode 7 Junie 1996) noem dit 'n “Kerk van die Woord” en verduidelik dat dit “geweldige gevolge vir die verstaan van die aard van die erediens” het. Die Woord vorm die hart van die erediens en die hele bediening van die kerk meer as enigiets anders. Prediking het grootliks lering van gelowiges ten doel.

Jonker (1995:348) stel dit soos volg:

It is not strange that this type of spirituality led the Reformed branch of the Reformation to foster the idea of a congregation of well-informed Christians, Christians come of age, able to distinguish for themselves between right and wrong, truth and error. More than any other confessional grouping, the Reformed churches in their best periods cherished the services of theology. There were times in the history of the Netherlands, for instance, when ordinary members of the congregation were very well informed about theological matters. They felt that they could and should understand what theology was all about, theology should serve the congregation: it should foster the understanding, interpretation and application of the Scripture in such a way that the church may be built up and equipped for its service in the world.

Die rationele wyse waarvolgens eredienste ingerig word, kan daartoe lei dat eredienste 'n "uninspiring rational system of thought" word (Jonker 1995:350). Kritiek teen eredienste van die NG Kerk is dikwels dat die prediking "lesing-agtig" is. Pieterse (1995:46) wys daarop dat veral in tye waar mense "opsoek is na 'n sekere styl kan byvoorbeeld die prediking van hoogstaande korrektheid wees, maar dit vind geen inslag binne sekere persone se spiritualiteitsbehoeftes nie." Dit is dan die rede waarom lidmate kla dat hulle min ervaar in eredienste.

Mense het 'n soeke na diepliggende ervarings (Jonker 1985:417). Uit informele gesprekke met gelowiges en predikante blyk dat heelwat lidmate van die NG Kerk dikwels eredienste van Pentekostalistiese kerke bywoon. In die Ring van Klerksdorp-Noord is daar heelwat lidmate van die NG Kerk wat eerder eredienste van AGS Nuwe Lewe, Oase en die Volle Evangelie Kerk bywoon. Hierdie kerke beoefen 'n charismatiese soort spiritualiteit. Sommige persone bly steeds amptelik lidmate van die NG Kerk, omdat hulle die NG Kerk se belydenisse verkies, maar hulle neem nie deel aan enige gemeentelike aktiwiteite van die NG gemeente nie. Hulle doop hulle kinders in die NG Kerk maar woon daarna nie weer dienste van 'n NG Kerk by nie, behalwe as 'n familielid trou of begrawe word. Baie NG lidmate wat nie eredienste in die NG Kerk bywoon nie, woon ook nerens anders eredienste by nie. Hulle word

“kerklos”, want hulle vind nie ’n gemeente waar die eredienste hulle help om ’n persoonlike ervaring van God te hê of waar hulle geestelik verryk word nie. Daar is ook ’n groot groep mense wat die NG Kerk verlaat en hulle lidmaatskap beëindig om aan te sluit by ander gemeentes, dikwels gemeentes met ‘n charismatiese soort spiritualiteit.

Die gewildheid van Pentekostalistiese kerke in die hedendaagse samelewing is ’n gevolg van mense se behoefte aan godsdiensstige ervaring. Dit word bevestig deur die bevindings van die studie dat mense se spirituele behoeftes hoofsaaklik kenmerkend is van ‘n “hart” spiritualiteit. Dit wil voorkom asof postmoderne mense nie veel erg het aan theologiese verskille tussen kerke nie, maar kies om eredienste by te woon van kerke wat ’n ooreenstemmende spirituele aanslag het as hulle eie. Baie mense verkies die Gereformeerde belydenis, maar wanneer dit by die uitlewing van hulle geloof kom, verkies hulle maniere wat kenmerkend is van charismatiese spiritualiteit (kyk Jonker 1989:291). Terwyl mense nie noodwendig saamstem met die tipe teologie wat geassosieer word met gemeentes wat ‘n meer charismatiese aanslag het nie, kies hulle om daardie element van die eredienste die tweede plek te laat inneem, omdat hulle godsdiensstige belewenisse vir hulle belangriker is. Mense hou van die grondslag van die Gereformeerde tradisie, maar het nie ‘n voldoende ervaring van God in Gereformeerde eredienste met hulle kultuur van eksklusiwiteit nie.

Willie Jonker (1999:112) het reeds twee dekades gelede verduidelik: “In ons tyd het die charismatiese spiritualiteit vir baie ’n groot aantrekkingskrag. Die invloed daarvan strek oor alle konfessionele grense heen. Dit hang daarmee saam dat dit ‘n eenheid van belewing veronderstel, eerder as ‘n eenheid van belydenis.” Vir charismatiese christene is ervaring die belangrikste maatstaf vir geloof. Subjektiewe ervaring word bo intellektuele kennis geplaas. In eredienste van charismatiese kerke word die taal van die hart gepraat en dit laat mense goed voel (Jonker 1999:113). Die charismatiese beweging skep ruimte vir mense met ‘n “hart” spiritualiteit.

Die benadering van die charismatiese beweging gee mense die ervaring dat hulle weggevoer word uit die dinge van die alledaagse lewe. Jonker (1995:350) verduidelik: “The life of faith often withdrew itself into the inner sphere of personal

religiosity and concentrated on personal feeling and subjective experience."

Daarenteen is die fokus van die Gereformeerde tradisie om mense vanuit die erediens die normale lewe in te stuur (Nicol 1996:43). 'n Oormatige klem op die eie ervaring kan egter problematies wees. Burger (1995:95) verduidelik dat oordrewe klem op individuele spiritualiteit en die verinnerliking van godsdiens problematies is as dit ten koste van betrokkenheid in die samelewning is. 'n Spiritualiteit wat nie erns maak met dissipelskap en betrokkenheid in die wêreld nie, is teenstrydig met wat Jesus geleer het. Gereformeerde spiritualiteit is nie eensydig op 'n individu se eie ervaring gerig nie, maar fokus ook op ander.

'n Studie van Thompson (2003; kyk Cilliers 2008:41) bevind dat die drie belangrikste funksies van 'n erediens wat deur lidmate beskryf is, redelik individualisties is en gerig is op persoonlike ervaring. Die verwagtinge wat lidmate van 'n erediens het, is die volgende (Thomspson 2003:71):

- dit moet 'n oase van vrede en rus verteenwoordig te midde van die gejaagdheid van die lewe;
- dit moet inspirasie bied en moed gee vir die toekoms;
- die preek moet praktiese raad verskaf wat toegepas kan word deur die res van die week.

In postmoderne Westerse kulture is daar 'n groot klem op die individu. Dit lei daartoe dat baie gelowiges net fokus op hulle eie verhouding met God en hulle godsdiens in isolasie beoefen. Indien oormatige klem geplaas word op geloofsbelewing ten koste van geloofsverstaan, kan dit lei tot die skeeftrek van sowel spiritualiteit as die belydenis. Gereformeerde teologie verskil van charismatiese teologie. In die Gereformeerde tradisie word daar nie so 'n sterk klem op geloofservaring geplaas nie. Die fokus is op God, nie op die mens en die mens se ervaring van God nie. 'n Persoon word gered op grond van geloof alleen. Die eer en verheerliking daarvoor kom God alleen toe. Die fokus is nie op die gelowige se geloof nie, maar op God se onverdiende genade. Daar is situasies en tye in gelowiges se lewens wanneer hulle geen ervaring van geloof het nie. In sulke tye soek Gereformeerde gelowiges nie sekerheid in hulself en in hulle eie ervaring nie, maar buite hulself in God (Jonker

1989:294). Jonker (1989:296) verduidelik: "Die subjektiwiteit van die geloof is ten volle betrokke op die objektiwiteit van die heil in Christus. Die aksent val nie op die eie ervaring nie, maar op wat God gedoen het en nog doen." Jonker (1999:113) stel dit soos volg: "Die oorname van charismatiese vorms van spiritualiteit is egter nie sonder gevolge vir die konfessionele karakter van die kerk nie. Dit het 'n ander agtergrond en dra die gees daarvan oor op almal wat daardeur beïnvloed word. Dit kan konfessionele implikasies hê." Kerke van die Gereformeerde tradisie moet erns daarmee maak as hulle lidmate spiritualiteit op 'n wyse beoefen wat vreemd is aan die Gereformeerde verstaan van die Bybel. Godsdiensbeoefening moet gemeet word aan getrouheid aan die Woord (Jonker 1989:190).

In die postmoderne tyd is daar ruimte vir verskeidenheid. Verskillende Christelike tradisies bied 'n verskeidenheid moontlikhede en gelowiges kan godsdiens beoefen op 'n wyse waarmee elkeen met hulle eiesoortige spiritualiteit gemaklik voel. Die feit dat daar ruimte is vir gelowiges met verskillende spirituele voorkeure om hulle geloof opreg en in egtheid uit te leef word sigbaar in die verskillende karakters in die Bybel se verskillende godsdiestige style.

Nicol verduidelik (2000:203):

Die psalmdigters sing en kla – terwyl die wysheidsleraars oor die praktiese lewe dink;  
Nehemia is hoopvol en daadkragtig – terwyl Prediker baie krities ingestel, en Daniël op die eskatologiese ingrype van God gerig is;  
Paulus kom nogal met gereformeerdes ooreen – terwyl Johannes mediteer, en Jakobus weer baie by die wysheidsleraars aansluit;  
Die Korintiese Christene is charismaties – terwyl Johannes 'n baie stiller soort Christendom verteenwoordig.

## 5.5 Samevatting

Eredienste in die NG Kerk word hoofsaaklik volgens die "kop" kwadrant ingerig. Hedendaagse gelowiges het egter dikwels 'n groter behoefté aan ervaring. 'n Leraar se eie spirituele voorkeure het 'n wesenlike invloed op die wyse waarop eredienste ingerig word. Dit sou egter nie realisties wees om van 'n leraar te verwag om sy of haar eie spirituele voorkeure te probeer verander ter wille van 'n gemeente nie.

Eredienste kan wel meer holisties ingerig word om ruimte te skep vir die spirituele voorkeure van al die mense. Ware (1995:79) stel dit soos volg: "We cannot be everything. There is no reason to look at your congregational wheel portrait and lament that you are not strongly represented in each segment." 'n Leraar moet egter bewus wees van sy of haar eie spirituele voorkeure en doelbewus 'n balans inbou in die wyse waarop eredienste ingerig word.

## HOOFSTUK 6

### SPIRITUELE VERSKEIDENHEID EN GEREFORMEERDE EREDIENSTE

#### 6.1 Inleiding

Vir steeds meer mense is erediensbywoning nie 'n groot prioriteit nie. Erediensbywoning neem al dekades lank geleidelik af. Protestantse kerke, veral Gereformeerde en Presbiteriaanse kerke, word meer hierdeur geraak as die Katolieke Kerk en charismatiese kerke (Burger 2009:9). Baie mense wat nie meer kerk bywoon nie, het wel in die kerk grootgeword en hulle geloof is in die kerk gevorm. Hoewel hulle steeds glo, word hulle kinders buite die kerk groot en geloof word dan dikwels nie aan hulle kinders oorgedra nie (Burger 2009:19). Een van die moontlike oorsake waarom kerke lidmate verloor, is dat hoofstroomkerke in die Protestantse tradisie nie voldoende aandag skenk aan die beplanning van eredienste nie. Burger (2009:17) verduidelik dat "die sterk klem wat ons – ten regte – op die prediking geplaas het, was ongelukkig dikwels ten koste van nadanke oor die res van die erediens".

Die fokus van die studie was 'n ondersoek na die wyse waarop mense met verskillende spirituele voorkeure die eredienste beleef van gemeentes van die NG Kerk. Deur middel van Corinne Ware se spiritualiteitsvraelys, sowel as semi-gestrukteerde onderhoude, is meer insig verkry in die saak wat ondersoek is. Daar is ook insig verkry in wat mense graag wil ervaar in eredienste ten opsigte van hulle spirituele voorkeure.

Die studie bevind dat die deelnemers aan die studie se spirituele voorkeure hoofsaaklik in die "hart" en "mistieke" kwadrante geplaas word. 'n Groot aantal mense wil dus meer ervaar tydens eredienste. Mense het 'n behoefté aan affektiwiteit. Dit is die bevindinge van twee groepe deelnemers, naamlik 'n groep persone wat gereeld eredienste bywoon, sowel as 'n groep persone wat selde of nooit eredienste bywoon nie. Ware (1995:39) beskryf die soekte na ervaring as "an emotionally moving experience more in touch with feeling". Volgens Burger (2009:22, 25) is Protestante se verstaan van Christus se teenwoordigheid in die

erediens 'n wesenlike probleem wat bydra tot die verskynsel dat lidmate "kerklos" raak. Eredienste loop skeef wanneer gelowiges nie God se teenwoordigheid beleef nie. Die deelnemers aan die studie het aangedui dat die wyse waarop hulle die spirituele inrigting van eredienste beleef, hoofsaaklik in die "kop" kwadrant geplaas kan word. Dit is die bevindinge van albei die groepe deelnemers.

'n Wesenkenmerk van die NG Kerk, as een van die denominasies binne die Gereformeerde tradisie, is die besef dat voortdurende reformasie noodsaaklik is. 'n Bereidwilligheid om te bly hervorm, om sinvol en relevant te wees, in elke nuwe konteks, is 'n streef van die Gereformeerde tradisie. Strauss (2014:369) is van mening dat "verantwoorde liturgiese vernuwing soos nuwe liedere in die idioom van die tyd en ander begeleidingsinstrumente as die orrel kan 'n uitvloeisel van die reël *semper reformanda* wees mits dit nie lei tot die prysgawe van liturgiese middele wat die toets van die tyd deurstaan het nie." Die NG Kerk kan hedendaagse gelowiges se spirituele behoeftes bevredig sonder om die Gereformeerde identiteit prys te gee. Coenie Burger (2001:7) stel dit soos volg: "Ek het ontdek dat daar selfs meer in die tradisie sit as wat ek vermoed het. Ek is nou oortuig dat die soepelheid en basiese openheid van die tradisie ons huis kan help om sinvol en konstruktief te kom deur oorgangstye soos die waarin ons ons tans bevind."

Vervolgens word daar gefokus op hoe verskillende spirituele voorkeurgroepe se behoeftes bevredig sou kon word tydens eredienste van die NG Kerk. Daarna word aanbevelings gemaak om eredienste meer holisties in te rig wat betref spirituele voorkeure.

## 6.2 "Spiritualiteitstipes" en die erediens

Gemeentes wat vir gelowiges met 'n *hart* spiritualiteit se voorkeure voorsiening maak, groei dikwels vinniger aangesien die hedendaagse samelewings 'n tegnologiese en onpersoonlike omgewing is en mense verlang na ervaring en meer emosionele belewenisse (Ware 1995:88). Sulke mense word sterk beïnvloed deur omstandighede. Gemeentes behoort ervarings te skep waar mense se gevoel van verbondenheid met God versterk kan word. Dit kan gedoen word deur, byvoorbeeld, 'n warm informele aanbiddingstyl. Mense wie se spirituele voorkeure in die "hart" kwadrant pas, sal hou van eredienste waar die prediker soms die kansel verlaat en

tussen die mense beweeg. Die mense hou gewoonlik van liedere met inspirerende melodieë. Hulle word geraak deur gebede en belydenisse wat emosie beklemtoon. Hulle verkies spontane, informele gebede eerder as formele, voorafbeplande gebed (Ware 1995:80).

Mense wat in hierdie spirituele voorkeurgroep pas, lees die Bybel om te hoor wat dit vir hulle persoonlik wil sê. Hulle beeld van God, hulself en die wêreld word sterk beïnvloed deur hulle emosies. Hulle “dink” met hulle harte. Bybelstudie wat fokus op die emosionele en affektiewe aspekte van die Bybel sal vir hulle waardevol wees. Daar kan veral gefokus word op Skrifgedeeltes wat van emosie getuig, soos byvoorbeeld die Psalms. Hierdie groep sal baat vind daarby om hulself met ’n karakter in die teks te assosieer en die emosies wat uitgedruk word te ondersoek. Daar kan met ’n teks omgegaan word deur middel van vrae soos: “Wat het aanleiding daartoe gegee dat die Bybelkarakter hierdie emosies beleef het?” “Wat beteken die teks vir my persoonlik?” “Watter gevoelens laat die teks by my ontstaan?” “Wat vra die teks van my in terme van my verhouding met God, myself, ander mense en die wêreld?”

Vir hierdie groep is ’n intens persoonlike verhouding met God belangrik en daarom sal hulle aanklank vind by iets soos ’n gebedswandeling of ’n *retreat*. Aangesien getuienis vir hierdie groep belangrik is, kan daar geleenthede geskep word waar hulle getuienis kan lewer van hulle geloof en hulle ervaring van God in lewenssituasies. Hierdie mense sal ook baat by ’n selgroep wat weekliks bymekaarkom om hulle ervarings met mekaar te deel.

Die bevindinge van die studie dui aan dat die tweede grootste persoonlike spirituele voorkeurgroep onder die deelnemers persone is met ’n *mistieke* spiritualiteit. Vandag het baie mense ’n steeds groter behoefte aan stilte en nadenke. Mense gaan dikwels kerk toe om ’n tyd lank te ontsnap aan die besige wêreld. Innerlike stilte en alleentyd saam met God is vir mense met ’n “mistieke” spiritualiteit belangrik. ’n Stil-erediens waar meditasies geleei word en kort aanhalings gelees word sal vir hulle waardevol wees (Ware 1995:81). Tydens die erediens kan daar oomblikke van stilte en stilgebed wees waartydens elkeen self iets van God en ’n unieke verbintenis met God kan ervaar. Liedere wat kan lei tot innerlike refleksie kan gesing of na geluister

word. Ware (1995:81) stel voor dat twee groepe verse van 'n Psalm afwisselend hardop kan lees. Die ritmiese aard hiervan pas goed by 'n meditatiewe atmosfeer. Gedigte, kuns en ander konkrete dinge soos bome, berge en kerse kan dit fasiliteer dat hierdie groep mense iets van God beleef. Mense kan gevra word om deel te neem aan die voorbidding tydens eredienste (Ware 1995:81). Dit kan stilgebed wees wat binne 'n groep plaasvind of selfs individuele gebed. Hulle sal hou van preekreekse wat fokus op gebed en meditasie en graag inskakel by gebedskettings.

Daar is ook lidmate van die NG Kerk wat 'n *kop* spiritualiteitsvoorkeur het en 'n meer rasionele benadering verkie. Hierdie benadering is tradisioneel kenmerkend van eredienste van gemeentes van die NG Kerk. Alhoewel daar reeds heelwat rasionele elemente teenwoordig is in die eredienste, kan moeite gedoen word om eredienste ook vir hierdie groep meer inspirerend te maak. Persone met hierdie spirituele voorkeur het 'n begeerte om God te ken en verkies eredienste waar die liturgie ordelik en goed beplan is met 'n deurlopende tema wat 'n georganiseerde geheel vorm. Tydens die erediens behoort aandag gegee te word aan wat gesê en gelees word en hoe dit gedoen word, want hierdie mense word geraak deur wat hulle hoor en lees. Daar kan byvoorbeeld tydens preke verwys word na die oorspronklike tale van die teksgedeelte, daar kan woordryke belydenisse en gebede gedoen word, liedere met betekenisvolle lirieke kan gesing word en daar kan meer van langer teksgedeeltes gebruik gemaak word as by die ander groepe. Hulle voel gewoonlik ongemaklik met harde musiek en informele musiekstyle. 'n Verbeeldingryke omgaan met die teks kan hierdie mense tot nuwe insigte bring, byvoorbeeld wanneer hulle die gebeure in die teks visualiseer asof hulle self daar teenwoordig is (Ware 1995:104). Aangesien woorde, lees en boeke vir hulle belangrik is, kan gemeentes boeke aan hulle beskikbaar stel. Liturge kan byvoorbeeld by eredienste die gemeente inlig oor goeie godsdiestige boeke. Hierdie groep vind ook aanklank by besprekingsgroepe en Bybelstudies wat aangebied word op 'n rasionele en intellektueel stimulerende wyse. Die groep kan aanklank vind by openbare sprekers wat interessante onderwerpe bespreek (Ware 1995:86). Hierdie groep dink graag krities.

Die ondersoek het bevind dat die *hand* kwadrant die kleinste groep is. Dit is moeiliker vir gemeentes om hierdie groep se spirituele behoeftes te bevredig as die

ander spiritualiteitsgroepe. Hierdie mense se kritiek is dikwels dat die kerk hulle nie motiveer om 'n verskil in die samelewing te maak nie. Hulle kies dikwels om nie deel van 'n denominasie te wees nie, maar om projekte op hulle eie aan te pak.

Geestelike leiding, wat hierdie persone se geestelike energie rig en lei, kan wel vir hulle nuttig wees. Hulle het ook kognitiewe stimulering nodig. Dit is dikwels wat hulle tot aksie aanspoor. Hierdie groep wil op praktiese wyse betrokke wees. Hulle voel tuis in gemeentes waar daar gefokus word op die verskil wat daar in die samelewing gemaak word deur gemeenskapsprojekte. Die verband tussen aanbidding en uitreik behoort duidelik in die erediens na vore te kom. Die gemeente se missionêre roeping behoort in eredienste gesien en ervaar te kan word. Dit behoort gemeentelede betrokke en entoesiasties te kry.

'n Missionêre visie is deel van die identiteit van die kerk. Daarom kan dit nooit los van die eredienste funksioneer nie. Dit beteken nie dat elke woord en handeling in die erediens met 'n uitreikprogram te doen hoef te hê nie, maar wel dat daar in die totaliteit van die erediens 'n bewussyn gekweek behoort te word van wat die gemeente in die wêreld doen. Die diens aan die wêreld behoort 'n fokuspunt te wees in gebede, liedere en preke (kyk Long 2001:77-84). Voorbidding tydens eredienste kan fokus op nood in die samelewing en liedere en belydenisse kan klem plaas op gelowiges se verantwoordelik teenoor ander. Woordverkondiging kan lei tot die vraag "wat moet ons nou doen?" of "hoe moet ons reageer hierop?" (Ware 1995:82). Nog 'n manier om mense met 'n "hand" spiritualiteit die geleentheid te bied om hulle spiritualiteit uit te leef, is om persone uit die gemeenskap wat betrokke is by skole, ouetehuise, hospitale, sekuriteitsdienste, te nooi om die gemeente toe te spreek en hulle uit te nooi om deel te word van projekte.

### **6.3 Erediens vir almal**

#### **6.3.1 Musiek**

In die onderhoude het die tema van musiek gereeld na vore gekom. Dit is een van die grootste faktore wat daartoe lei dat 'n groot groep mense ongelukkig voel in gemeentes van die NG Kerk se eredienste. Tradisionele sang en musiek word beskryf as "te hoog", "outyds", "vanuit die verre verlede" en "dooierig". Dit is dikwels die tipe musiek wat tydens eredienste gebruik word wat lidmate van die NG Kerk laat

besluit om nie eredienste by te woon nie of om eerder aan te sluit by charismatiese gemeentes. Daar is 'n wesenlike verskil in die wyse waarop lofprysing plaasvind in die eredienste van charismatiese kerke.

Die tipe musiek wat 'n persoon verkies, is nou verbonde aan die persoon se spirituele voorkeure. Die resultate van hierdie studie bevestig dit. Persone wie se spirituele voorkeure hoofsaaklik in die "kop" kwadrant pas, is meestal tevrede met die musiek wat in eredienste van die NG Kerk gebruik word. Hierdie persone kies 'n formele benadering en het 'n reflektiewe en nadenkende benadering tot musiek. Hulle fokus meer op die woorde van 'n lied as op die melodie daarvan. Persone wie se spirituele voorkeure in die "hart" kwadrant pas, verkies musiek wat 'n emosionele emosionele reaksie uitlok. Vir hulle is die melodie gewoonlik belangriker as die woorde. Die tipe begeleiding wat gebruik word, is ook vir hulle van groot belang.

Jonker (1999:112) wys daarop dat die verskuiwing van die kultuur na 'n "popkultuur" 'n wesenlike invloed het op mense se geloofsbelewing. Die "popkultuur" het veral 'n invloed op die tipe musiek en liedere wat gelowiges graag tydens eredienste wil sing. In die NG Kerk is daar nie eenstemmigheid oor die tipe musiek wat tydens eredienste gebruik word nie. Dit dra daartoe by dat tradisionele hoofstroomkerke toenemend hulle invloed verloor.

Müller (1992:7) beklemtoon dat gemeentesang 'n "eenheidskarakter" het en dit nie verdeeldheid onder 'n gemeente mag veroorsaak nie. Tog is die musiek dikwels wel 'n verdelende faktor. Long (2001:53) beskryf die effek van musiek in die erediens soos volg: "Change the order of worship, and you may set off a debate. Change the style of music, and you may split the congregation." Van der Merwe (2009:154) stel dit soos volg: "Juis rondom die tema van musiek is die liturgiese oorloë die felste. Oor en weer word verdag gemaak: Van die kontemporêre musiek en 'Praise and worship' word gesê dat dit niks meer is as vier woorde, drie akkoorde en twee ure nie. Aan die ander kant word die tradisionele musiek afstandelik, koud, kognitief, argaïes en vervelig afgemaak." Daar is dus uiteenlopende voorkeure ten opsigte van musiek en sang in eredienste. Sommige lidmate verkies 'n formele benadering, terwyl ander 'n meer informele benadering verkies. Reeds twee dekades gelede het

Olivier (1997:87) uitgewys dat daar nie eenstemmigheid in die NG Kerk is ten opsigte van musiek nie:

Aan die een kant is daar die voorstanders van die meer gewyde, plegtige en/of tradisionele kerklied waarin daar hoegenaamd geen plek is vir enige vorm van vernuwing of verandering nie. Aan die ander kant is daar diegene wat hulle beywer vir die bevordering van meer eietydse, lewendige en/of ‘gospel-liedere’ wat verkieslik deur instrumentegroepe begelei behoort te word.

Vandag is hierdie uiteenlopende voorkeure steeds teenwoordig. Dit het geblyk uit hoe die nuwe “*Liedboek van die Kerk*” (2001) ontvang is. Die Liedboek is goedgekeur deur die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk sowel as die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit is by alle gemeentes van hierdie kerke aanbeveel vir gebruik. Sommige gemeentes gebruik hoofsaaklik hierdie liedboek vir gemeentesang terwyl ander gemeentes net soms daarvan gebruik maak. Daar is gemeentes wat hoofsaaklik liedere gebruik buite die liedereskaf van die NG Kerk en die NH Kerk se amptelike liedboek. Sommige lidmate is verheug oor die gebruik van liedere buite die amptelike liedboek. Ander lidmate keur dit egter ten sterkste af en beskou dit as ‘n kompromis met die wêreld. In die NG kerk is daar ‘n groep vir wie net die orrel geskik is vir begeleiding tydens die erediens. Vir hulle is die gebruik van die klawerbord, kitare en ander instrumente iets wat ontstaan het in die charismatiese kerke en vreemd is aan die Gereformeerde tradisie (Ludik 1994:70). Daar is ook ‘n ander stroom wat sterk daaroor voel dat verskeie ander instrumente gebruik moet word. Daar is ook gemeentes wat heeltemal opgehou het om die orrel vir begeleiding te gebruik.

Aangesien ons samelewing en kultuur voortdurend verander, behoort die musiek wat deur gemeentes gebruik word ook voortdurend te verander om relevant te bly (Ludik 1994:69). Met die keuse van musiek moet in ag geneem word dat alle NG gemeentes nie dieselfde is nie. Die samestelling van gemeentes in verskillende kontekste kan aansienlik verskil. Daar is ‘n groot verscheidenheid gemeentes binne die tradisie van die NG Kerk, elkeen met ‘n eiesoortige identiteit. Dieselfde liedere is dus nie geskik vir gebruik in alle NG gemeentes nie. Müller (1992:36) wys daarop

dat die vorm en styl van musiek verskil in verskillende plekke en in verskillende tye. Die sosio-kulturele element van kerksang moet dus erken word. Ludik (1994:69) wys daarop dat musiek en kultuur aan mekaar verbonde is. Assosiasies met sekere musiek en liedere verander saam met die kultuur. Liedere moet dus só aanpas by die konteks dat mense dit maklik verstaan en daarmee kan identifiseer.

Lidmate se sang en musiekvoordeure verander voortdurend, ook die voordeure van lidmate binne 'n bepaalde gemeente. Liedere wat tien jaar gelede verkies is, is vir sommige lidmate vandag nie meer aanvaarbaar nie. Leraars behoort dus voortdurend op hoogte te bly van erediensgangers se behoeftes en voordeure (Brits 2016:158). Die spesifieke funksie van 'n lied in die erediens bepaal of dit beskryf word as "goed" of "sleg", "reg" of "verkeerd". Wat gesing word, moet dus gepas en funksioneel wees. Dit is selfs belangriker as die styl van die musiek. Van der Merwe (2009:156) verduidelik dat musiek gebruik word vir verkondiging, aanbidding en om koinonia te skep en stel dit soos volg: "Watter funksie vervul moet word, kan ook bepaal of 'n Taizé-lied, 'n meer kontemporêre lied of 'n gesang meer gepas sal wees. Selfs dieselfde lied kan in verskillende kontekste verskillende funksies vervul."

### **6.3.2 Liturgiese elemente**

Hoewel dit vir gelowiges gerusstellend is om iets van God se onveranderlikheid in die erediens te ervaar, moet die kerk daarteen waak om nie vas te hou aan musiekstyle uit die verlede nie. Tog kan die kerk ook nie net by hedendaagse modegiere aanpas nie. Dit kan 'n verlies aan theologiese diepte meebring (Müller 1992:40). Die klem moet altyd lê op God se werk wat besing word, eerder as op menslike ervaring (Müller 1992:44). Derhalwe is die woorde van die liedere van belang, veral in die lig daarvan dat musiek 'n "belydeniskarakter" het (Müller 1992:6). Kloppers (1997:182-183) identifiseer sekere vereistes waaraan 'n lied moet voldoen. Die taal moet bondig wees, beelde relevant, godsdiensstige cliché en stereotipes moet vermy word en herhaling moet betekenisvol wees. 'n Lied moet funksioneel vir die hele gemeente wees. Dit moet ook toeganklik wees vir lidmate wat geen musikale agtergrond het nie. Moeilik singbare liedere het 'n negatiewe uitwerking op die atmosfeer van die erediens (Long 2001:62).

'n Kultuur van inklusiwiteit behoort gevestig te word in gemeentes. Eredienste van die NG Kerk moet ingerig word met spirituele sensitiwiteit. Met 'n holistiese benadering tot spiritualiteit sal die voorkeure van verskillende spiritualiteitsgroepe op gebalanseerde wyse ingesluit word in die erediens. Die verskillende spirituele komponente moet nie met mekaar kompeteer nie, maar mekaar aanvul. Dit is 'n fout om 'n spesifieke spirituele voorkeurgroep te oorbeklemtoon en ander af te skeep. Eredienste moet totaliteit van die mens kan betrek en mense in staat stel om God te aanbid met hart, siel, krag en verstand.

Om eredienste meer inklusief in te rig, beteken nie om net 'n paar dinge anders te doen of elemente by te voeg nie. Verandering ter wille van "anders" wees, slaag nie daarin om gemeentes en lidmate geestelik te laat groei nie (Nel 1994:114). Hoewel sulke veranderinge soms meer betrokkenheid en entoesiasme tot gevolg het, is dit gewoonlik kortstondig. Hierdie studie toon dat die spirituele behoeftes van die verskillende spirituele voorkeurgroepe in ag geneem behoort te word. Dit verg 'n holistiese benadering ten opsigte van spiritualiteit. Kennis van verskillende spirituele groepe se voorkeure is belangrik om die erediens meer spiritueel inklusief in te rig. Dit beteken egter nie dat verskillende elemente bloot bymekaar gegooi kan word om 'n erediens te skep wat aan almal se behoeftes voldoen nie. Gemeentes behoort deur verantwoordelike vernuwing ruimte te skep vir gelowiges met unieke spiritualiteite om hulle geloof te beoefen. Van der Merwe (2009:148) verduidelik dat gemeentes wat effektief funksioneer "nie 'n mengelslaai, 'n ietsie van dit en 'n ietsie van dat het nie".

Wanneer inklusiewe eredienste bedink word, bestaan die gevvaar om aan die een kant te veel klem te plaas op subjektiewe ervaring en aan die ander kant weer te veel klem op objektiewe geloof. Daar moet 'n balans tussen die twee kante wees, om mekaar te komplementeer. 'n Oordrewe klem op ervaring loop die gevvaar om die Woord en die Gees van mekaar te skei, wat daartoe kan lei dat die Woord op die agtergrond te staan kom. 'n Oordrewe klem op objektiewe geloof en kennis kan weer daartoe lei dat 'n ontmoeting en vervulling met die Heilige Gees, en die gepaardgaande blydschap, liefde en betekenisvolle diens, agterweë bly (Jonker 1992:173; vgl Jonker: Kerkbode 12 April 1982).

Dit is belangrik dat simbole en rituele nie net op lukrake wyse gebruik word om emosie uit te lok of 'n ervaring van God te probeer skep nie. Van der Merwe (2009:150) verduidelik dit is "geensins om ruimte te maak vir 'n ervaring van die misterieuwse teenwoordigheid van God in die erediens nie; dis weereens liturgiese vandalisme". God se teenwoordigheid kan nie op enige wyse geskep of gemanipuleer word nie en alle sterk emosies wat tydens 'n erediens na vore kom, hou nie noodwendig verband met God en God se teenwoordigheid nie. Long (2001:32) stel dit soos volg: "God does not always move us, and everything that moves us is not God." Daar kan nie binne een erediens volledig in elke spirituele voorkeurgroep se behoeftes voldoen word nie. Eredienste kan wel meer inklusief wees om meer mense se spirituele behoeftes te bevredig.

Volgens Wepener (2009:192-193) is goeie liturgie binne die Gereformeerde tradisie verbondsgerig in die sin dat gelowiges wat na God op soek is in die erediens, 'n God soek deur wie hulle alreeds gevind is. Goeie beplanning is nodig om 'n liturgiese proses te faciliteer wat mense in staat stel om God te ontmoet en saam te prys. Die doel is om mense se teologie en spiritualiteit te ontwikkel.

Wanneer 'n aantal persone, soos 'n eredienswerkgroep deelneem aan die beplanning en voorbereiding van die liturgie, is daar 'n beter kans dat eredienste meer inklusief ingerig sal word. Cilliers (1998:131) verduidelik die waarde van ander gelowiges se insette:

Predikers is prinsipeel afhanklik van ander mense wat ook iets van God gesien het; hulle kan eenvoudig nie sonder ander ooggetuies van die onsienlike God klaarkom nie. Die prediking kan per definisie nooit slegs 'n individualistiese oefening of bloot 'n briljante solovlug wees nie – daarvoor is ons "Onderwerp" te groot. Daar moet eerder 'n wisselwerking, 'n dialoog tussen kansel en kerkbank ontstaan.

Wepener (2011:25) verduidelik dat die Gereformeerde erediens saamgestel word volgens 'n "vierslag vorm". Dit skep 'n raamwerk waarbinne die Bybelse drama ontvou. Die elemente van die vierslag vorm is die volgende: "God soek sy mense op en versamel hulle voor Hom; Hy voed hulle uit sy Woord; Hy laat hulle by sy tafel

aansit om hulle ook só te voed en te versterk; laastens stuur Hy hulle as sy kinders in die wêreld uit.” Die wyse waarop hierdie vierslag vorm deur liturgiese elemente ingekleur word, kan nie voorgeskryf word nie. Dit moet ruimte bied vir ’n verskeidenheid moontlikhede. Die viervoudige beweging vertel ’n inherente dramatiese, aangrypende verhaal wat nie geskep hoef te word nie, maar deur die liturgie tot uiting moet kom (van der Merwe 2009:153).

Mense soek na “meta-ego ervarings” (kyk Dreyer 1998:309). Dit moet geskep word deur kreatiewe wyses waarop liedere, gebede, sakramente, simbole, verhale en aanbidding ingerig word om al die dimensies van hedendaagse mense op ’n eietydse wyse te betrek. Dit beteken dat die “kognitiewe, emotiewe en konatiewe dimensies van menswees” betrek word (Rossouw 1992:901). Dit moet egter nie gedoen word met die oogmerk om drama te skep, om mense te vermaak of mense se aandag te hou nie, want dan verskuif die fokus weg van God. Long (2001:42-43) wys daarop dat aanbidding wat op vermaak gerig is, die ware drama inherent aan die Bybelse verhaal nietig kan laat voorkom. Hy stel dit soos volg: “The dramatic in worship grows directly out of the dramatic of the Gospel itself” (Long 2001:43).

Die tyd voor die aanvang van die erediens moet beskou word as deel van die aanbiddingsgeleentheid. Dit kan benut word om die regte atmosfeer te skep en mense in die regte stemming te kry vir die erediens. Baie NG gemeentes gebruik die tyd voor die erediens vir lofprysing. Sommige gemeentes het begin om steeds meer tyd af te staan aan lof- en aanbidding voordat die amptelike erediens begin. Hierdie gebruik van langer lofprysingsgeleenthede het hoofsaaklik ontstaan as ’n gevolg van die invloed van die charismatiese kerke en veral mense met “hart” spirituele voorkeure se behoefté daaraan (Wepener 2011:32).

Die tyd voor die erediens kan benut word om die kerkgangers vroeg reeds betrokke te maak by wat in die erediens gaan gebeur sodat hulle nie net ’n passiewe rol inneem nie. Wepener (2011:32) stel voor dat die erediens begin met ’n vraag aan die gemeente wat verband hou met die tema van die diens.

Daar is ook gemeentes waar stilte ’n meer meditatiewe atmosfeer skep voor die aanvang van die erediens. In so ’n geval kan bewustelik gebruik gemaak word van

simboliese handelinge, rituele en beelde. Vir persone met 'n "mistieke" spirituele voorkeur sal dit veral van waarde wees.

Die aanvangswoord kan veral goed gebruik word om mense bewus te maak van hulle emosies. 'n Voorbeeld van so 'n aanvangswoord wat veral persone met 'n "hart" spiritualiteit sal raak, is (Wepener 2011:33):

Sommige van ons is vanoggend hier met blydskap in ons hart. Ander het tranen wat hulle wegsteek. Ons aanvangswoord kom uit die boek Klaagliedere wat sowel die blydskap as die hartseer uitdruk en dit voor God bring ...

Voorganger: Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie.

**Gemeente: Dit is elke môre nuut.**

Voorganger: U trou is groot, Here.

**Gemeente: Dit is elke môre nuut.**

Voorganger: Dit is goed om geduldig op die hulp van die Here te wag.

**Gemeente: Dit is elke môre nuut.**

'n Aanvangswoord wat geografies en seisoenaal aangepas is, sal mense op verskeie vlakke van hulle menswees dieper tref, want dit dra daartoe by dat beelde in 'n mens se kop gevorm word en assosiasies gemaak word. Hierdeur word die rede en hart betrek. Voorbeeld is die volgende (Wepener 2011:34-35):

#### VIR PRETORIA IN DIE LENTE

Soos 'n blom na die son draai;  
soos die Vaalrivier na die see loop;  
soos 'n Jakaranda sy takke na die hemel oopsprei –  
so rig ons ons hart op die Here.

#### VIR GRAAFF-REINETT IN DIE SOMER

Soos 'n botterblom na die son draai;  
Soos die Sondagsrivier na die see loop;  
Soos 'n populier na die hemel opreik –  
So rig ons ons hart op die Here.

Persone met 'n "hand" spiritualiteit sal geraak word deur 'n aanvangswoord wat oproep tot betrokkenheid in die samelewing. Verskeie teksgedeeltes kan hiervoor gebruik word, byvoorbeeld Psalm 41:2-3,14 (NAV):

Dit gaan goed met die mense wat na die swakkes omsien.

Die Here sal hulle red op die dag van nood, die Here sal hulle beskerm en in die lewe hou; die hele land sal praat oor hoe goed dit met hulle gaan.  
Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Amen, ja, amen.

Die seëngroet se woorde en handbare kan mense op verskeie vlakke raak. Dit kan veral goed gebruik word om mense te herinner aan gebeure van eeuwigelede wanneer dit aanpas by die tyd van die kerkjaar. 'n Voorbeeld hiervan is 'n seëngroet vir Paastyd (Wepener 2011:44):

Die Here groet julle vanoggend soos Jesus sy dissipels kort na sy opstanding gegroet het: "Vrede vir julle!"

Aanhalings van geloofshelde of kerkvaders kan mense laat ervaar hoe gelowiges deur die eeuw en tot vandag toe God aanbid het. 'n Vertelling kan mense bring tot verwondering oor God of verootmoediging. Cilliers (1998:4) vertel hoe Calvyn dit in sy lesings aan studente gedoen het:

Calvyn het het die vreemde gebruik gehad om met 'n pelsmus op sy kop klas te gee. Soms, wanneer hy oor groot en heilige dinge gesprok het, het hy sy pelsmus oor sy oë getrek. Sy studente het hom gevra hoekom hy dit doen en hy het hulle soos volg geantwoord: "Hier staan ek, mannetjie uit die stof, en praat oor dié God wat soos 'n duisend sonne helder skyn, vir wie die engele hulle gesigte verberg en uitroep: Heilig, heilig, heilig. Kan ek anders om ten minste my mus oor my oë te trek?"

Die gebod van God kan die mens op meer vlakke betrek as net die rede. Dit kan aansluiting vind by emosie, of mense oproep om 'n daadwerklike verskil in die samelewing te maak. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende (Wepener 2011:47):

Voorganger: Die Here vra van ons om uit dankbaarheid sy gebooie te gehoorsaam.

**Gemeente: Wat is die grootste en eerste gebod?**

Voorganger: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.

**Gemeente: En wie is ons naaste?**

Voorganger: (*Gee 'n kort opsomming van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan en eindig met hierdie vraag: Wie van hierdie drie is volgens julle die naaste van hom wat onder die rowers verval het?*)

**Gemeente: Die man wat aan hom medelye bewys het.**

Voorganger: Gaan maak julle ook so.

Die skuldbelydenis kan gelowiges bewus maak van hulle verantwoordelikheid teenoor die medemens en van hulle rol in die samelewing. Mense met 'n "hand" en "hart" spiritualiteit sal in die besonder hierdeur geraak word. 'n Voorbeeld hiervan lyk soos volg (Counsell 2018:332):

Here Jesus, U het altyd geluister na die wat U geroep het.  
U het my ook ore gegee om te hoor.  
Leer my om te luister.  
Help my om die behoeftes van my medemens te hoor,  
selfs al spreek hulle dit nie in woorde uit nie.  
Moenie dat ek ooit 'n noodroep ignoreer  
 omdat ek te besig is om oor myself te praat nie.

Geloofsbeladenisse kan kreatief gebruik word om mense op 'n holistiese wyse te betrek. Dit kan gesing word of responsoriële formules kan gebruik word. Gelowiges kan hulself indink in die skoene van verskillende Bybelfigure. Dit sal veral van waarde wees vir mense met 'n "hart" spiritualiteit om na te dink oor die emosies wat die Bybelkarakters ervaar het. 'n Voorbeeld van so geloofsbeladenis, wat ook as 'n skuldbelydenis gebruik kan word, is die volgende (Wepener 2011:61):

Voorganger: Saam met dié wat getuies was van die gebeure van die eerste Goeie Vrydag bely ons in die geloof ... Saam met Judas Iskariot ...

**Gemeente: dat ons soms self 'n onskuldige Man verraai.**

Voorganger: Saam met Simon van Sirene ...

**Gemeente: dat wanneer jy Jesus volg, sy kruis ook jou kruis word.**

Voorganger: Saam met die Romeinse soldaat ...

**Gemeente: dat ook ons afgestomp raak vir ander se nood.**

Voorganger: Saam met Maria ...

**Gemeente: dat ons mekaar nodig het om Jesus enduit te volg.**

Voorganger: Saam met die sterwende misdadiger ...

**Gemeente: dat 'n regverdige Man gesterf het.**

Voorganger: Saam met die Romeinse offisier ...

**Gemeente: dat hierdie Man werklik die Seun van God is.**

Voorganger: En nou bely ons ook saam met die wolk van geloofsgesluiers deur die eeue heen ...

**Gemeente: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees, en 'n ewige lewe. Amen.**

Eredienste kan ook holisties ervaar word as die klem nie konstant op een Persoon van die Drie-eenheid val nie. Tradisioneel beklemtoon die Gereformeerde tradisie God as die transiente, Gans Andere. By charismatiese gelowiges word die klem meer geplaas op die Heilige Gees. Wanneer gemeentes hulle geloof in die Drie-enige God bely, moet dit ook gestalte kry in die erediens. 'n Geloofsbelijdenis kan wel die rol van een Persoon van die Drie-eenheid beklemtoon. 'n Beeldryke belijdenis wat emosie beklemtoon, verskillende vlakke van menswees raak en fokus op die werk van die Heilige Gees, lui soos volg (Bavink 1908:285; kyk Nicol 2002:159):

Ek glo in 'n geheimsinnige Iemand wat naby my is,

wat binne-in my is,  
wat my armsalige gespartel en gespoek sien,  
wat my dan stilletjies vashou  
en my ongemerk van binne uit weer innerlike krag gee.  
Ek het dit vele male in my lewe ervaar  
as ek wegsink en meegevoer word deur die strome van die lewe  
wat my na onder wil trek.  
Maar ek het ook in beslissende oomblikke in my lewe ondervind  
dat ek opgetel en hoog bo die water gedra word.  
Daar was oomblikke dat ek my Bybel sou oopslaan  
en elke woord daarin vir my dof en vervelend geklink het.  
Maar ek het ook oomblikke beleef waarin die woorde  
as't ware op my afspring, waarin dit glinster en my lewe vul.  
En altyd weer was ek oortuig dat daar Iemand in my moet wees,  
Iemand wat my vashou,  
Iemand wat my saggies maar ferm in die arms toevou.  
Ek glo in die Heilige Gees.

Die epikiese-gebed speel 'n groot rol in die inleiding tot die Skriflesing en skep 'n bepaalde stemming. 'n Gebed wat mense van al vier spirituele voorkeurgroepe sal raak, is hierdie een wat algemeen gebruik word in eredienste van die Gereformeerde Kerk in Frankryk:

O Here, onuitputlike bron van alle goeie dinge,  
ons eer u vir die gawes van u liefde.  
Gee dat ons u Woord mag hoor met 'n opregte begeerte om te ontvang  
wat dit belowe en te gaan doen wat dit van ons vra.  
Grafeer u Woord nie net in ons verstand nie, maar ook in ons harte,  
Verander ons deur U Heilige Gees om al hoe meer aan die beeld van u  
Seun gelyk te word.  
Ons wil ons verwonder oor u heerlikheid terwyl ons in hierdie helder spieël  
van u evangelie kyk. Amen.

Die Skriflesing kan op verskeie maniere aangepas word om verskillende fasette van menswees te betrek. Stilte voor die Skriflesing kan mense help om te fokus op die Woord van God en hulle in die boodskap van 'n teksgedeelte te verdiep. Clasen et

al. (2007:161) lig die waarde daarvan uit: “Aandagvernouing bring aandagverdieping mee.”

Die Woord van God span 'n mens se rede in, maar ook veel meer. Nicol (2002:23) verduidelik dat die Bybel “onbegrypbare dinge kommunikeer” deur middel van “verhale, poësie, liedere, metafore, simbole, beelde, apokaliptiese simbole-taal, mites, brieue vir spesifieke situasies en dergelike. Die toonaard van die Bybel is duidelik dat dit *al jou vermoëns* wil aktiveer om God se liefde te ken ‘wat ons verstand te bowe gaan’ en wat ‘magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink’ (Ef. 3:19-20)”. Tydens die Skriflesing kan die prediker die teks op so 'n wyse lees en inkleur dat 'n byna visuele narratief geskep word. Wepener (2011:70) stel dit soos volg: “Wanneer die Skrifgedeelte gelees word, kan dit reeds 'n vertolking van die bepaalde teks wees, wat dan in die prediking verder gevoer word.”

'n Skrifgedeelte kan responsories gelees word deur verskillende persone of groepe. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende: (op grond van Psalm 139)

**Gemeente: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my,**

Voorganger: of ek sit en of ek opstaan.

**Gemeente: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my,**

Voorganger: en my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.

**Gemeente: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my,**

Voorganger: of ek reis en of ek oorbly.

**G: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.**

Voorganger: Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U weet wat dit gaan wees.

**Gemeente: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.**

Voorganger: U omsluit my van alle kante en neem my in besit.

**Gemeente: Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.**

Voorganger: Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!

Die parafrasing van 'n gedeelte kan veral mense met 'n "kop" spiritualiteit stimuleer om nuut te dink oor die boodskap. Omgekeerde parafrases of parafrases van een

taal na 'n ander kan effektiel gebruik word om mense meer bewus te maak van die boodskap en dieper daaroor na te dink. 'n Voorbeeld hiervan deur Marcum (1994:23) is die volgende:

#### PSALM 23

The Lord is not my shepherd  
I have nothing  
I get no rest  
God tosses me about in a raging river,  
My spirit is battered,  
God guides me into evil,  
Even when I walk in the midst of life  
I am terrified,  
for God is against me.  
I fear everythingFor I have been abandoned by God ...

Skrifgedeeltes kan geparafraseer word volgens stereotipiese taal. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende (Du Plessis 2008:38):

#### DIE SPREUKE VAN SALOMO

die ene wat weet om hy se mond toe te maak,  
die Jirre sal jou innie nag by hy se deer sit waak,  
ma met dies wat altoos hille se monde gat rek,  
met hulle sali Jirre laterhand ongeduldig kan raak

jy meen die pad wat jyself loop is goed,  
marrie Jirre toets dieperder innie bloed;  
lat los nou net jou werklikeit virrie Jirre  
en jy sal gat sienie plan lyk nou sos hy moet

dis beterder lat jy min het, ma jy lewe reg  
as lat jou se sakke knopstaan vannie sleg;  
dink jy nou ma jou se eige pad ma sonnerie Jirre  
loop raak jou se voetspore innie sand weg

Prediking in die NG Kerk word soms beskryf as wetties of moralisties. Dit is die gevolg van 'n eendimensionele omgegaan met 'n Bybelteks. Om 'n verskeidenheid

mense op 'n dieper vlak te betrek, moet meer verbeeldingryk met die teks omgegaan word. Volgens Cilliers (1998:71-72) kan dit gedoen word deur te vra na die "fokus, vorm en funksie" van die Bybelse teks. Die Bybel vertel wat God gedoen het. Dit is die *fokus* van die teks. Die Bybel vertel hoe God dit gedoen het. Dit is die *vorm* van die teks. Die *funksie* handel oor die waarom vraag en soek na die rede vir wat God gedoen het.

Om mense op verskillende vlakke te betrek by die boodskap van die Bybelteks, moet al drie vrae aan die orde kom. Persone met 'n "kop" spiritualiteit sal aanklank vind by die wat-vraag. Hulle wil vasstel wat die inhoud van die handelinge was. Die hoe-vraag voorkom dat verval word in intellektualisme. Fokus op die waarom-vraag voorkom 'n rigiede omgang met die teks (Cilliers 1998:78). Mense met 'n "hart" spiritualiteit sal waardering hê vir die hoe-vraag. Die fokus is op die kuns en poësie van die teks. Hierdie aspek kry gewoonlik die minste aandag in Gereformeerde eredienste. Cilliers (1998:72) waarsku dat oormatige klem op die hoe-vraag egter daartoe kan lei dat "ons ons so kan verlustig in die vormgewing, dat die vrae na die wat en die waarom van die erediens op die agtergrond skuif". Die fokus op die wat-vraag help om "oppervlakkige sensasionalisme" te voorkom (Cilliers 1998:78). Om reg te laat geskied aan die hoe-vraag moet die volgende gebeur (Cilliers 1998:74):

- Laat die beweging ("movement") van die Bybelteks die beweging van die preek bepaal.
- Laat die opponerende kragte van die Bybelteks die opponerende kragte van die preek word.
- Laat die sentrale insig van die Bybelteks die sentrale insig van die preek uitmaak.
- Laat die bui (*mood*) van die Bybelteks die bui van die preek kleur.

Indien te pragmatis met die teks omgegaan word, kan die fokus op die waarom-vraag eensydig raak. Die hele eredienste behoort ingerig te word in ooreenstemming met die spesifieke aanslag en styl van die Bybelteks van die dag (Cilliers 1998:73).

Die "wat-, hoe-, en waarom-vrae" kan gelowiges fasiliteer om te ervaar hoe God deur die Woord praat en deur die Woord sigbaar gemaak word deur die werk van die

Heilige Gees. Dit is in die ruimte van die gemeente dat die vorm, fokus en funksie gevind moet word (Cilliers 1998:119). Die leefwêrelde van die lidmate speel 'n belangrike rol in die wyse waarop die Bybelse teks se relevansie aan die lig gebring word. Geyer (1987:478) wys uit dat die konteks, die sosiale en politieke omstandighede en ideologiese verhoudings van 'n gemeente die interpretasie en verstaan van die teks beïnvloed.

Die prediking behoort die tema van die totale erediens te versterk. Hoewel eredienste in die Reformatoriële tradisie die Woord en Woordverkondiging sentraal plaas in die erediens, moet dit nie as 'n losstaande element beskou of beleef word nie. Die ander liturgiese elemente is nie aanhangsels van die preek nie. Hulle dra by tot die boodskap van die teksgedeelte vir die lewe van die mens. Cilliers (1998:71) verduidelik dit soos volg: "Die preek kan 'n belangrike uitdrukking van dié waarheid wees, maar dis nie die préek wat in die middelpunt van die erediens staan nie, maar eerder die waarheid."

Na die erediens kan die preek bespreek word. Mense met spirituele voorkeure in die "kop" kwadrant sal veral hiervoor waardering hê. Cilliers (1998:137) noem dit 'n "ronde-tafel preekstoel". Dit het waarde nie net vir die prediker nie, maar ook vir die lidmate. Dit bied die geleentheid om die ander en hulle siening van God beter te begryp. So word gelowiges se spiritualiteit verdiep.

Daar is vele moontlikhede vir variasie as dit kom by gebed. Verskillende liggaamshoudings tydens gebed is ook moontlik. Van der Merwe (2009:150) verduidelik die waarde hiervan soos volg:

Die gebruik van alternatiewe gebedshoudings kan help om meer as net die verstandelike op God se teenwoordigheid te rig. Om te staan in gebed tydens Paastyd en te kniel in Lydenstyd is byvoorbeeld ou kerklike tradisies. Om in toewydingsmomente die handpalms na onder te draai (om iets prys te gee) en na bo te draai (om van God te ontvang) is ook voorbeelde van die gebruik van liggaamshouding in gebed om op God te fokus.

Met spesiale eredienste, byvoorbeeld 'n biddag vir reën of dankseggingsdiens kan gebede fokus op spesifieke groepe, soos boere. Die konteks bepaal die aard van die gebed. 'n Voorbeeld van so gebed wat ryk is aan beelde en emosie, is die volgende (Van der Merwe 2018:40):

#### 'N BOER SE TAFELGEBED

Vader, Seun en Heilige Gees,  
Met ons lewens sê ons dikwels vir U "Nee!"  
Dankie dat U ons nogtans genadig is.  
Dankie dat U vir ons bly "Ja!" sê, ten spyte van ons baie "Nee's".

Dankie dat ons U "Ja!" so duidelik hoor  
in elke blomkoolwolk wat reën beloof  
in elke kalf wat bokspring omdat die lug na water ruik  
in elke druppel wat uitsak oor dors aarde  
in elke grasspriet wat getrou uitspruit as sy tyd daar is  
in elke boerbok wat hom in groen weivelde verlustig  
in elke merino se wol  
in elke kalfie se geboorte  
in elke springbok wat prunk  
in elke ribbok wat skugter in die rantjie skuil

U "Ja!" ook in die mense wat vir ons omgee:  
ouers, broers, susters, kinders, kleinkinders en vriende,  
U "Ja!" ook in die voedsel op ons tafel – in die geur, kleur en smaak daarvan  
Die brood en die wyn nou hier voor ons,  
Wat ons herinner aan U grootste "Ja!" ooit:  
die liggaam en die bloed van U Seun, gebreek en gestort vir ons.

Ja, Here, ons beker loop oor.  
Ja, U is ons Herder, niks kan ons ontbreek nie.  
Ja, naby aan u aarde wil ons lewe en tot U eer wil ons bestaan.

Mense met 'n "hand" spiritualiteit sal waarde vind in gebede wat fokus op gelowiges se verantwoordelikheid in die samelewing.

‘n Voorbeeld is die gebed van Teresa van Avila (1579) (kyk Nicol 2002:85):

Here, sedert u hemelvaart is óns u liggaam op aarde.  
Ons hande is nou die enigste hande waarmee U u werk wil doen.  
Ons voete is nou die enigste voete waarmee U in hierdie wêreld wil rondgaan.  
Ons oë is die enigste oë waarin mense nou U deernis en ontferming  
kan sien uitstraal na hierdie hartseer wêreld.  
Here, óns is nou U liggaam hier op aarde.

Gedigte kan effekief aangewend vir verskillende spirituele voorkeurgroepe. Persone met ’n voorkeur vir ’n “mistieke” spiritualiteit kan aanklank vind by die klassieke werke van Thomas Merton. In die gedig van Sheila Cussons (1981:34) verwoord sy haar soeke om God te ken:

#### GEBED

Hoe sal ek ooit ken?  
U is te nabig, U is te ver,  
U klewe aan my kyker vas,  
wykende, wyderende ster –  
  
en om U stersyn kring U ruim,  
en om U ruimtes - Wie?  
Die gees verleng tot laser,  
leng en brand deur Wie;  
  
deur wat; deur Nie  
dan snap ek die genade –  
suiwerder as weet,  
duideliker as pyn –

dat ek moet nader,  
altyd verder nader ...  
O, verborge Wonder,  
Magneet, wat ek sal ken!

Veral persone met 'n "mistieke" spiritualiteit sal waarde vind in stilte. Clasen *et al.* (2007:161) beklemtoon die waarde van stilte in die gejaagde lewe van vandag: "Die hedendaagse aanslag op die sintuie het tot gevolg dat mense 'n behoefte aan stilte het, ook in die erediens. 'One of the Fathers said: Just as it is impossible for a man to see his face in troubled water, so too the soul, unless it be cleansed of alien thoughts, cannot pray to God in contemplation' (Thomas Merton, *The wisdom of the desert*)." Stilte kan ingelei word deur 'n gebed of instrumentale musiek. Dit kan gepaard gaan met fisiese gebare soos om die oë toe te maak, hande na bo te draai in 'n ontvanghouding, of te kniel. Daar kan gefokus word op die sintuie of asemhaling. Volgens Clasen *et al.* (2007:163) moet die persoonlike ruimte groot genoeg wees dat elke persoon kan voel of hy of sy alleen in God se teenwoordigheid is. Wierook kan ook gebrand word. 'n Gepaste gebed wat 'n oomblik van stilte kan inlei, is byvoorbeeld die volgende (Foster 2018:272):

Here Jesus, U wat eens die wind en die golwe aangespreek het  
en dit het stil geword, maak dit stil in my.  
Spreek net 'n woord ... en u vrede sal in my hart kom heers.  
Ek wag ... stil ... geduldig.  
Tot ek u liefdevolle opdrag hoor en as u vir my sê:  
wees stil en weet, ek is die Heer.  
Amen

Getuienis en gedenkdae gewy aan geloofshelde sal veral vir persone met 'n "hand" spiritualiteit van waarde wees. Wepener (2011:76) verduidelik dit soos volg: "Die gedagte is geensins om die sentrale fokus van die drie-enige God weg te neem nie, maar om juis deur die lewe van hierdie geloofsgeslouers die fokus opnuut op God en ons navolging te laat val." Geloofshelde wat 'n bydrae gelewer het op politieke en maatskaplike gebied kan beklemtoon word. 'n Getuieniskalender kan gebruik word. Herinneringe aan geloofsmartelare kan ook uitgebeeld word deur kunswerke (Wepener 2011:78). 'n Voorbeeld van 'n gebed wat hiermee saam gebruik kan word, is die volgende (Naudé 2018:80):

SIEN HULLE U IN MY, HERE?  
Here, mense versmoor in hulle pyn.  
Eensaamheid en wanhoop dreig om hulle te oorweldig,

omdat hulle U nie kan sien nie.

‘Waar is God?’ skreeu hulle.

‘Wys Hom vir ons! As Hy bestaan wil ons Hom sien!’

En al wat ek kan sê, is:

‘As julle God wil sien, kyk na die mense wat aan Hom behoort.

Hy leef in sy kerk; sy kinders is sy liggaam op aarde.’

Maar, Here, terwyl ek dit sê, onthou ek Friedrich Nietzsche se woorde:

‘Sy kinders sal meer na Hom moet lyk as hulle wil hê ek moet in God glo.’

As ek maar mense soos Moeder Teresa van Kalkutta,

of Dietrich Bonhoeffer of Albert Schweitzer vir hulle kon wys –

moderne heiliges, mense wat u liefde prakties uitgeleef het –

sou dit hulle kon oortuig.

‘Kyk na háár’, sou ek kon sê, of

‘Kyk na sý lewe.

Só lyk God. Hulle doen God se werk.’

Maar Here, díe mense leef nie meer nie.

Wat sê U, Here? Dat ék leef? Dat hulle na my kyk...?

Die liturgiese element van wegsembling kan die tema van die diens ondersteun.

Formules, responsoriële formules, die seën en gebede kan benut word om mense met verskillende spirituele voorkeure te betrek. Met die tema van onderlinge verhoudings, kan die volgende veral mense met ‘n “hart” en “mistieke” spiritualiteit raak (Du Plooy 2009:28):

Ons bid om die gawe van meegevoel ...

Stilte

Ons bid om opregte vriendelikheid teenoor ander ...

Stilte

Ons bid om nederig te wees soos Jesus ...

Stilte

Ons bid om liefde wat ander eerste plaas ...

Stilte

Ons bid om geduld in al ons verhoudinge ...

Stilte

Amen

Die simboliese tekens van die nagmaal betrek die sintuie, hart en verstand. Dit kan op 'n verskeidenheid maniere ingerig word om betekenisvol te wees vir mense van elke spirituele voorkeurgroep. Meerdere nagmaalgeleenthede kan geskep word.

Persone met 'n "mistieke" spiritualiteit kan aanklank vind by nagmaalgeleenthede waar stilte en meditasie effektief gebruik word. Dikwels word 'n verskraalde weergawe van die nagmaalformulier gebruik. Persone met 'n "kop" spiritualiteit kan die meer volledige uiteensetting van die nagmaalformulier waardeer. Van der Merwe (2009:175) identifiseer die volgende vier fokuspunte met die gebruik van die nagmaal:

- die fokus op die teenwoordigheid van die opgestane Here;
- die fokus op Jesus se kruisdood en Jesus wat sy lewe gegee het vir mense;
- 'n fokus op gemeeskap met Christus en met mekaar;
- 'n fokus op danksegging aan God vir die gawe van verlossing.

Die verskillende fokuspunte kan mense van verskillende spirituele voorkeurgroepe op verskillende maniere raak. Met 'n loop-nagmaal kan mense self die brood en wyn by die liturg gaan ontvang. Die liturg spreek 'n kort seën oor elkeen uit terwyl die tekens oorhandig word. Dit werk veral goed in kleiner gemeentes. Nog 'n moontlikheid is om die tekens vir 'n gesinshoof te gee om uit te deel aan sy of haar gesin. Dit loop egter die gevaar om die gesinslewe as "norm vir menswees" voor te hou en mense wat op hulle eie lewe uit te sluit.

### 6.3.3 Simbole

Vaste rituele dien die doel om belangrike gebeurtenisse in die Bybel op 'n spesiale wyse te onthou. Volgens Wessels (2009:45) lê die krag van 'n ritueel daarin dat denke en emosie ingespan word om iets in herinnering te roep. Die betrek van die sintuie sluit goed aan by die "kyk-en-doen-kultuur" van ons tyd (Van der Merwe 2009:204). Wessels (2009:46) stel dit soos volg: "Rituele kommunikeer op meer as net kognitiewe vlak. Sekerlik is daar 'n kognitiewe gehalte, maar rituele spreek in die eerste plek die sintuie en emosies aan." Wessel (2009:46) verduidelik verder dat

“rituele inkorporeer”, want ’n mens staan nie passief teenoor die gebeure nie, maar word daarby ingetrek.

Lidmate kan ook deelneem aan simboliese handelinge tydens die erediens. So word hulle op verskeie vlakke betrek. Van der Merwe (2009:150) verduidelik dat simboliese handelinge ruimte maak vir ‘n “misterie-kant van God se teenwoordigheid, dit wil sê ’n ervaring van God se teenwoordigheid wat nie onder woorde gebring kan (of selfs behoort te) kan word nie”. ’n Voorbeeld is die gebruik om op As-Woensdag die vorige jaar se palmtakke van Palmsondag te verband, die as daarvan met olie te meng en dan ’n kruisteken daarmee op die voorkop te maak. Lidmate kan ook kruisies vleg van palmblare.

’n Doopherinnering sou kon wees om die hande in die doopvont te druk as simbool van hoe hulle deur die bloed van Jesus skoongewas is. Die simboliek om kerse aan te steek of dood te blaas, sal vir baie mense waarde hê. Erediensgangers kan mekaar aan die begin van die erediens groet met ’n vredesgroet deur vir mekaar ’n handdruk te gee saam met die woorde: “Vrede vir jou” (Clasen *et al.* 2007:84). Die Kanselbybel kan aan die begin van die erediens deur ’n kind in die kerk ingedra en op die preekstoel geplaas word om die sentraliteit van die Woord op ’n fisiese wyse uit te beeld.

Lidmate kan genooi word om deel te neem aan ’n vas tydens Lydenstyd. Die simboliese betekenis van die vas kan aan hulle verduidelik word. Na die veertig dae kan sommige van die persone getuig van die waarde wat dit aan hulle geloofslewe toegevoeg het. ’n Tenebrae-diens kan gehou word op die Donerdagaand voor Goeie Vrydag. Dit staan ook bekend as “diens van duisternis” en simboliseer Jesus se lyding en dood. Kerse word geleidelik uitgeblaas sodat dit heeltemal donker is teen die einde van die diens (Clasen *et al.* 2007:228). Op Goeie Vrydag is daar geen versiering van die liturgiese ruimte nie. ’n Pasga-ete met kossoorte met simboliese betekenis kan gehou word in hierdie tyd. Wessels (2009:44) verduidelik dit soos volg: “So ’n Pasgamaal (met nagmaal) op die Sondag- of Donerdagaand voor Goeie Vrydag kan die huidige viering van die Paasfees baie verryk deur deelnemers te herinner hoe die bevryding uit slawerny en die verlossing van sonde en dood beide handelinge van dieselfde God is.” Op Paassondag kan lidmate voor

sonsopkoms bymekaar kom op 'n besondere plek in die natuur en in stilte saam wag vir die son om op te kom. Daarna kan daar geleentheid wees vir gebed of gepaste liedere. Lidmate kan gevra word om op Paassondag blomme kerk toe te bring wat in oase op 'n kruis ingedruk word. So word 'n blomme-kruis gemaak wat lewe uitbeeld.

Lidmate kan gevra word om op Bybelsondag ongebruikte Bybels kerk toe te bring wat uitgedeel kan word aan persone sonder Bybels. Daar kan ook 'n muntelegging wees waarmee geld ingesamel word om aan 'n organisasie te skenk wat Bybels en geestelike materiaal versprei.

Daar kan moeite gedoen word met die visuele van die kerkgebou en liturgiese ruimte. Lidmate kan hierin hulle gawes en kreatiwiteit aanwend. Long (2001:65) wys daarop dat die aanbiddingsruimte die potensiaal weerspieël van 'n ontmoeting tussen God en mens. Veral die inrigting van die kerkgebou volgens die kleure en simbole van die kerklige jaar kan daartoe lei dat mense op 'n dieper vlak geraak word deur die gebeure wat in herinnering geroep word. Die simbole en kleure van die kerklige jaar word vervolgens uiteengesit (Clasen *et al.* 2007:193-196; kyk Bartlett 2009:1-2):

*Advent* word gekenmerk deur die kleure koningsblou of pers, 'n Isai-boom en 'n adventskrans met vyf kerse. Die Isai-boom dui op Jesus se stamboom en herinner aan Jesaja 11:1 wat lui: “'n Takkie sal uitspruit uit die stump van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra” (NAV). Die adventskrans is sirkelvormig en dui op God se ewigheid en op God se liefde wat geen begin of einde het nie. Drie van die kerse is blou, een is ligroos, en die kers wat in die middel geplaas word is wit en staan bekend as die Christuskers. Die lig van die kerse simboliseer dat Jesus die Lig is wat na die duister wêreld gekom het. Elke Sondag van Advent word 'n kers van die adventskrans aangestek tydens die erediens. Elkeen van die Sonde het 'n eie tema wat gesimboliseer word deur die kerse. Die eerste drie blou kerse simboliseer onderskeidelik hoop, vrede en vreugde. Die vierde kers is ligroos en simboliseer liefde. Die vyfde kers is wit en word op Kersoggend aangestek en is simbolies van Jesus Christus se geboorte.

Die tyd van *epifanie* herinner aan die sterrekykers se besoek en word gesimboliseer deur 'n ster, goud, wierook en mirre en die kleure wit en goud. Die tyd na epifanie herinner aan Jesus se bediening op aarde wat die gelowige lei tot groei en groter toewyding. Die kleur wat dit simboliseer is groen.

Die kleur van die Sondag waartydens *Jesus se doop* in herinnering geroep word, is groen en 'n duif en water dien as simboliese tekens. Die kleur van die *Sondag van verheerliking* is wit. Lig is 'n sentrale simbool en die kerkgebou of liturgiese ruimte kan op 'n spesiale wyse verlig word.

*Aswoensdag* herinner aan gebrokenheid en sterflikheid van die mens. Dit word gesimboliseer deur as en olyfolie en die kleur grys. Die *Lydenstyd* word gesimboliseer deur 'n doringkroon, spykers en 'n kruis en die kleure is pers of purper. Stilte word simbolies in die erediens gebruik. Op *Palmsondag* word palmtakke gebruik as simbool van Jesus se feestelike intog in Jerusalem en die kleure wat gebruik word is pers en bloedrooi. Die simbool van die *groot lydensweek* is 'n kruis en die kleur is bloedrooi. Die Donderdag voor Paassondag se kleure is bloedrooi en swart. Die simbole op *Goeie Vrydag* is 'n kruis, spykers, 'n doringkroon en 'n asynspons en die kleur is swart.

*Paassondag* word gesimboliseer deur 'n oop graf, 'n paaskers, baie blomme, skoenlappers en 'n oopgebreekte granaat en die kleur wit. Die vyftig dae van *Paastydword* gesimboliseer deur 'n oop graf en 'n paaskers en die kleure wit en goud. Ander "vrolike" kleure kan ook gebruik word. Die son of lig wat deurbreek is die bekendste simbool. *Hemelvaartdag* word gesimboliseer deur wit. Die simbole van *Pinksterfees* is rooi blomme, rooi kerse, 'n duif en vuur en die kleur is vuurrooi. Op *Drie-eenheid Sondag* word daar gebruik gemaak van drie sirkels, Triquetra of 'n driehoek en die kleur is groen.

*Koninkrykstyd* herinner aan die kerk se betrokkenheid in die wêreld. Verskillende skakerings van groen beeld nuwe lewe deur God se Gees uit. Die sentrale simbool is 'n boot met 'n kruis op stormwater. Die *Sondag van Christus die Koning* word uitgebeeld deur die simbole van 'n kroon, septer en 'n herderstaf en die kleur groen.

## 6.4 Bevindings

Die doel van die studie was om insig te verkry in persone met verskillende spirituele voorkeure se ervarings van tradisionele eredienste van gemeentes van die NG Kerk. Elke mens het eiesoortige spirituele voorkeure en behoeftes. Dit beïnvloed hulle ervarings en verwagtinge van eredienste. Hierdie studie het Corinne Ware se indeling van spirituele voorkeure gebruik. Sy plaas dit in vier groepe, naamlik "kop", "hart", "mistiek" en "hand".

Die vermoede was dat eredienste van die NG Kerk ingerig word om eksklusief te wees ten opsigte van spirituele voorkeure en dat dit moontlik 'n bydraende faktor is vir die drastiese afname in lidmaatgetalle van die NG Kerk. In die moderne tyd was die NG Kerk se hoofsaaklik rasionele benadering bevredigend aangesien die rede en intellek belangriker geag is as emosies en persoonlike ervaring. In die postmoderne tyd word nie meer hoofsaaklik gefokus op kennis en die kognitiewe aspek van menswees nie. Emosie en persoonlike ervaring kry die klem. Dit beïnvloed die wyse waarop godsdiens uitgeleef word ook ingrypend. Gelowiges soek toenemend na 'n persoonlike ervaring van God en mense soek kerke wat voorsiening maak vir verskeidenheid. Gemeentes wat nie voorsiening maak vir verskillende spirituele voorkeure nie, verloor lidmate.

Die resultate van die empiriese ondersoek het aangedui dat eredienste van die NG Kerk ervaar word as eksklusief ten opsigte van spirituele voorkeure. Mense ervaar dat eredienste hoofsaaklik ingerig word met die fokus op die mens se rasionele kant, dus volgens "kop" spirituele voorkeure. Die deelnemers aan die studie se spirituele voorkeure en behoeftes pas egter hoofsaaklik in die "hart" en "mistieke" voorkeurgroepe. Die persone wat gereeld eredienste bywoon verteenwoordig wel 'n groter spirituele voorkeur vir eredienste wat op 'n rasionele wyse ingerig word as die spirituele voorkeure van mense wat nie gereeld eredienste bywoon nie. In die algemeen vertoon die grootste hoeveelheid deelnemers se spirituele voorkeure egter kenmerke van 'n "hart" spiritualiteit. Mense het 'n behoefte aan diepliggende persoonlike ervarings. In tradisionele eredienste van die NG Kerk word nie genoeg gedoen om die totale mens by die gebeure van die erediens te betrek nie. Erediensgangers se emosies en sintuie moet ook betrek word en nie net hulle intellek nie. Deur 'n groter bewustheid van spirituele verskeidenheid onder lidmate,

kan die liturgie van 'n erediens op 'n wyse ingerig word dat daar bewustelik voorsiening gemaak word vir elke spirituele groep se voorkeure en behoeftes. Dit kan gedoen word deur die gebruik van woorde, stiltes, beelde, simbole, rituele en die inrigting van die liturgiese ruimte. So word mens op meer as net een vlak van hulle menswees betrek by die gebeure van die erediens.

Die NG Kerk maak daarop aanspraak om relevant te wees in veranderende omstandighede. Eredienste van die NG Kerk kan ingerig word met groter spirituele sensitiwiteit om aan meer mense se spirituele behoeftes te voldoen terwyl die Gereformeerde kern behoue bly. Dit is 'n uitdaging vir die liturg om verskillende gebruik, rituele en simboliese handelinge, tradisionele en kontemporêre liturgiese elemente op so 'n wyse saam te voeg in 'n erediens dat 'n verskeidenheid mense, elk met eiesoortige behoeftes en spirituele voorkeure, sal aanklank vind by wat gebeur. Die interpersoonlike dinamika van die erediens behoort altyd heen te wys na die verhouding tussen mense en God. Die effektiwiteit van die erediens hang nie net van mense af nie, maar van God, en daarom neem liturge leiding met blydskap en 'n ligte hart omte probeer bydra daartoe dat gelowiges 'n ervaring sal hê van die lewende God wat altyd teenwoordig is.

## BRONNELYS

- Babbie, E 2001. *The practice of social research*. 9<sup>th</sup> ed. Belmont: Wadsworth.
- Babbie, E 2005. *The practice of social research*. 3rd ed. Thomson: Wadsworth.
- Barker-Reineke, M 2000. 'Making connections through the arts with commerce and technology'. *Musicus* 28(2), 139-141.
- Barna, G and Kinnaman, D 2011. *Churchless*. Carol Stream: Tyndale Momentum.
- Barnard, M 2009. 'Ontdek die nagmaal in die gereformeerde erediens', in Wepener, C en van der Merwe, J (reds), *Ontdekkings in die erediens*, 109-127. Wellington: Lux Verbi.
- Bartlett, A 2009. 'Inleiding tot liturgiese voorstelle', in du Plooy, N (red), *Preekstudies met liturgiese voorstelle: Advent 2009 tot Koninkrykstyd 2010*, 1-2. Bloemfontein: Bybel-Media.
- Bavinck, H 1908. *Gereformeerde dogmatiek II*. Kampen: Bos.
- Boesak, W A en Fourie, P J A 1998. *Vraagtekens oor Gereformeerdhed*: 'n Bundel opstelle. Belhar: LUS.
- Bosch, D 1985. 'The fragmentation of Afrikanerdom and the Africaner churches', in Villa-Vicencio, C and De Grunchy, J W (eds), *Resistance and hope: South African essays in honour of Beyers Naudé*, 61-73. Grand Rapids: W B Eerdmans.
- Bras, K en Bouwman, K 2001. *Werken met spiritualiteit*. Kampen: Ten Have.
- Braun, V and Clarke, V 2006. 'Using thematic analysis in psychology'. *Qualitative Research in Psychology* 3(2), 77–101.
- Brits, H J 2016. "n Ondersoek na'n gemeente se aanbiddingsvoorkeure om lidmaatdeelname ten opsigte van sang en musiek te bevorder binne die raamwerk van ses aanbiddingsmodelle". *Stellenbosch Teologiese Joernaal* 2(2), 153-179.
- Buitendag, J 2001. 'Saam een ligmaam'. *HTS Teologiese Studies* 57(1/2), 531-562.
- Burger, C W 1995. *Gemeentes in transito: Vernuwingsgeleenthede in 'n oorgangstyd*. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C W 2001. *Ons weet aan wie ons behoort: Nuut gedink oor ons Gereformeerde tradisie*. Wellington: Lux Verbi.

Burger, C W 2007. 'Die lang pad van bekering. Deel 5'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 48(3/4), 436-445.

Burger, C 2009. 'Ontdek die belang van die erediens', in Wepener, C en van der Merwe, J (reds), *Ontdekking in die erediens*, 15-29. Wellington: Lux Verbi.

Burger, C 2014. 'Deel 1: Op soek na 'n beter pad', in Burger, C en Cilliers, A (eds), *Ontvang wat vir jou gegee is*, 23-52. Wellington: Bybelkor.

Carson, D A 1992. *A call to spiritual reformation: Priorities from Paul and his prayers*. Grand Rapids: Baker Book House.

Cilliers, A 2008. 'Skuldbelydenis', in Gaum, F, Boesak, A, Botha, W (eds), *Christelike Kernensiklopedie*, 1019. Pajoo: SW.

Cilliers, A 2014. 'Bylae', in Burger, C en Cilliers, A (eds), *Ontvang wat vir jou gegee is*, 276 -282. Wellington: Bybelkor.

Cilliers, J 1998. *Die uitwysing van God op die kansel*. Kaapstad: Lux Verbi.

Cilliers, J 2004. *Die lewende stem van die evangelië*. Stellenbosch: SUN.

Cilliers, J H 2008. 'Liturgie as spel: 'n Besinning oor die nie-funksionaliteit van die erediens'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 49(3/4), 40-80.

Clasen, F 2003. *Woordwyser: Eksegetiese en liturgiese riglyne*. Lynnwoodrif: Sinode van Oos-Transvaal.

Clasen, C, Bartlett, A, Carstens, C en Schoeman, W J 2007. *Vir die erediens: 'n Handleiding*. Wellington: Bybelmedia.

Conn, J W 1986. 'Introduction', in Con J W (ed), *Women's spirituality: Resources for Christian development*, 1-8. New York: Paulist.

Cunliffe-Jones, H 2006. *A history of Christian doctrine*. New York: Bloomsbury.

Cussons, S 1981. *Plektrum*. Kaapstad: Tafelberg.

Davie, G 2007. 'Religion in Europe in the 21 century: The factors to take into account'. *European Journal of Sociology* 47(2), 271-296.

De Gruchy, J W 1992. 'Liberating Reformed Theology: A South African contribution to an ecumenical debate'. *Journal of Theology for Southern Africa* 78, 84-88.

De Klerk, B J 2000. 'Die liturgie van die huisgesin', in Van Wyk, J H (red) *Kerk- en Christenwees vandag*, 90-109. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Denzin, N K and Lincoln, Y S (eds) 1994. *Handbook of qualitative research*. London: Sage.

De Wet, F W en Pieterse, H J C 2010. 'Die noodsaak van die verrekening van metateoretiese vertrekpunte'. *In die Skriflig* 44(3/4), 525-543.

Dilthey, W 1985. *Das erlebnis und die dichtung*. Göttingen: Van den Hoeck und Ruprecht.

Downey, M 1997. *Understanding Christian spirituality*. New York: Paulist.

Dreyer, T F J 1991. 'Eerste treë in die Praktiese Teologie'. *HTS Teologiese Studies* 47(3), 597-608.

Dreyer, T F J 1998. 'Spiritualiteit, identiteit en die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk'. *HTS Teologiese Studies* 54(1/2), 289-314.

Dreyer, Y 2006. 'Postmoderne kerk-wees in die lig van publieke teologie: Eenheid en verskeidenheid'. *HTS Teologiese Studies* 62(4), 1311-1335.

Dreyer, Y, Zeindler, M, Case-Winters, A, Sadananda, R and Weinrich, M 2013. 'Sola Scriptura: Hindrance or catalyst for church unity?' *HTS Teologiese Studies* 69(1), 1-8.

Dreyer, Y 2015. 'Die ontmoeting van wêrelde en die beginsel van sola Scriptura', *HTS Teologiese Studies* 71(3), 1-7.

Du Plessis, H 2008. *Innie skylte vannie Jirre*. Pretoria: Lapa.

Du Plooy, N 2009. 'Kersfeesdiens: Liturgiese voorstel', in du Plooy, N (red), *Preekstudies met liturgiese voorstelle: Advent 2009 tot Koninkrykstyd 2010*, 28. Bloemfontein: Bybel-Media.

Engelbrecht, A 2016. 'Kwalitatiewe navorsing: Data-insameling en –analise', in Joubert, I, Hartel, C en Lombard, K (red), *Navorsing: 'n Gids vir die beginnernavorser*, 109-129. Pretoria: Van Schaik.

Foster, R 2018. 'Maak dit stil in my, Here', in Naudé, P (red), *Die groot gebedeboek*, 95. Kaapstad: Lux Verbi.

Gaum, F, Boesak, A, Botha, W 2008. *Christelike Kernensiklopedie*. Pajoo: SW.

Glesne, C and Peshkin, A 1992. *Becoming qualitative researchers: An introduction*. White Plains: Longman.

Habermas, J (1984). *The theory of communicative action, Volume 1*. Boston: Beacon.

Heimbrock, H 2011. 'Practical theology as empirical theology'. *International Journal of Practical Theology* 14, 153-170.

Heitink, G 1993. *Praktische Teologie geschiedenis-theorie-handelingsvelden*. Kampen: Kok.

Henning, E 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.

Heyns, L M en Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.

Hofmeyr, W J 2009. 'Spiritualiteit in die NG Kerk van die 21ste eeu teen die agtergrond van Calvyn en die Nadere Reformasie'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 50(1/2).

Hofmeyr, J W en Kruger, P 2011. 'Boustene vir die toekoms van die NG Kerk (Deel 3)'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 52 (1/2), 118-127.

Jansen, J D 2016. 'Introduction to the language of research', in Maree, K (ed), *First steps in research*, 16-24. Pretoria: Van Schaik.

Jonker, W D 1982. 'Die kerk se houding teenoor die charismatiese beweging', in *Die Kerkbode*, 12 April 1982, besigtig Augustus 2020,  
<https://williejonker.co.za/19820412-2/>.

Jonker, W D 1985. 'Die verhouding tussen Christelike geloof en mistiek'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 26(4), 409-420.

Jonker, W D 1986. "n Nuwe weg", in Durand, J J F (red), *Teks binne konteks*, 7-12. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

- Jonker, W D 1989. 'Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 30, 288-299.
- Jonker, W D 1992. 'Spiritualiteit en Godsverduistering: Kritiese vrae van C Graafland'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 33(2), 170–178.
- Jonker, W D 1995. 'Reformed theology and the identity of the Christian congregation'. *In die Skriflig* 29(3), 345–369.
- Jonker, W D 1996. 'Wat maak ons Gereformeerd?', in *Die Kerkbode*, 7 Junie 1996, besigting Augustus 2020, <https://williejonker.co.za/19820412-2/>.
- Jordaan, G J C, Jansen van Rensburg, F en Breed, D G 2011. 'Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegese'. *In die Skriflig* 45(2/3), 225-258.
- Klopper, F 1993. Postmoderne feminisme: Verset teen dominansie, die viering van verskille en respek vir tradisie. *Theologia Evangelia* 26(2), 17-24.
- Kloppers, E 1997. 'Liturgical music: Worship or war?' *HTS Teologiese Studies* 53(1/2), 172-184.
- Kloppers, E 2002. 'Die invloed van 'n postmoderne tydsgees op die kerklied: Enkele rigtingwysers'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 44(3/4), 320-328.
- König, A 1998. *Vernuwe of verdwyn*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Lamport, M A 2017. *Encyclopedia of Martin Luther and the Reformation, Volume 2*. London: Rowman and Littlefield.
- Lochman, J M 1999. 'Radical and Reformed', in Willis, D and Welker, M (eds), *Toward the future of reformed theology: Tasks, topics, traditions*, 406-420. Grand Rapids: W B Eerdmans.
- Long, T G 2001. *Beyond the worship wars: Building vital and faithful worship*. New York: The Alban Institute.
- Louw, D J 1989. 'Spiritualiteit as Bybelse vroomheid in die teologie en gemeentelike bediening'. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 4(2) 1-17.
- Louw, D J 1990. *Die stad in die mens*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting*. Pretoria: Sigma.

- Louw, D J 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting*. Lux Verbi: Kaapstad.
- Ludik, B 1994. 'Musiekbediening', in Van Rensburg, G en Hendriks, J (eds), *Vernuwing in jeugbediening*, 67-73. Pretoria: Engedi.
- MacPherson, J (n.d.) *The Westminster Confession of Faith*. Edinburgh: T Clark.
- Marcum, W 1994. *Living in the light*. Nashville: Abingdon.
- Marmion, D 1998. *A spirituality of everyday faith: A theological investigation of the notion of spirituality in Karl Rahner*. Leuven: Peeters.
- McLaren, B 2004. *A generous orthodoxy*. Grand Rapids: Zondervan.
- McLaren, B 2008. *Finding our way*. Grand Rapids: Zondervan.
- McFarland, I A, Fergusson, D A S, Kilby, K, Torrance, I R (eds) 2011. *The Cambridge Dictionary of Christian Theology*. New York: Cambridge University Press.
- McGrath, A E 2002. *A scientific theology, Volume 2: Reality*. London: T Clark.
- McGrath, A E and Marks, D C 2007. *The Blackwell Companion to Protestantism*. Carlton: Wiley-Blackwell.
- Melano, B 1999. 'Potential contributions of Reformed Theology to ecumenical discussion and praxis', in Willis, D and Welker, M (eds), *Toward the future of reformed theology: Tasks, topics, traditions*, 153-164. Grand Rapids: W B Eerdmans.
- Morgan, A 2000. *What is narrative therapy?* Adelaide: Dulwich Centre.
- Müller, J 1992. *Die erediens as fees*. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2001. *Liedboek van die kerk*. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.
- Nel, M 1994. *Gemeentegebou*. Halfway House: Orion.
- Nicol, W 1996. 'God as constancy or as movement? Religious experience in the Dutch Reformed Church', in Du Toit, C W (ed), *Spirituality in religions*. Pretoria: Daan Roux.
- Nel I A 2008. 'Prediking' in Gaum, F, Boesak, A, Botha, W (eds), *Christelike Kernensiklopedie*, 897. Pajoo: SW.

- Nicol, W 2000. *Godsdiens wat werk*. Wellington: Lux Verbi.
- Nicol, W 2008. *In die hande van die Pottebakker*. Wellington: Lux Verbi.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007. *Die Kerkorde*. Wellington: Bybelmedia.
- Niemandt, N 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikhede*. Wellington: Lux Verbi.
- Niemandt, N 2013. *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*. Vereeniging: CUM.
- Nieuwenhuis, J 2016. ‘Introducing qualitative research’, in Maree, K (ed), *First steps in research*, 50-70. Pretoria: Van Schaik.
- Olin, J C 2000. *A Reformation debate: John Calvin and Jacopo Sadoleto*. Grand Rapids: Baker Books.
- Olivier, G C 1997. ‘Sekularisasie vs spiritualiteit in die hedendaagse Afrikaanse kerklied: Enkele gesigspunte’. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 12(2), 87-95.
- Ormerod, N, 2018. ‘Social science and ideological critiques of ecclesiology’, in Avis, P (ed), *The Oxford Handbook of Ecclesiology*. Oxford: Oxford University Press.
- Osmer, R R 1996. *Confirmation: Presbyterian practices in ecumenical perspective*. Louisville: Geneva.
- Osmer, R R 2011. *Practical theology: An introduction*. Grand Rapids: W B Eerdmans.<sup>[P]</sup>
- Parsons, M 2012. *Since we are justified by faith: Justification in the theologies of the Protestant Reformation*. Perth: Authentic Media.
- Parsons, M 2013. *Aspects of reforming: Theology and practice in sixteenth century Europe*. Perth: Authentic Media.
- Perrin, D B 2007. *Studying Christian spirituality*. New York: Routledge.
- Pieterse, H J C 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN.
- Pieterse, H J C 2001. *Prediking in die konteks van armoede*. Pretoria: Unisa.
- Pieterse, H J C 2007. ‘Hoe kom God aan die woord in die prediking? Die werklikheid en taal waarin ons oor God praat’. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 22(1), 118-134.

Pillay, J 2017. 'Reformation and transformation today: Essentials of reformation tradition and theology as seen from the perspectives of the South'. *HTS Teologiese Studies* 73(3), 1-6.

Plaatjies, M A 2008. 'Bid', in Gaum, F, Boesak, A, Botha, W (eds), *Christelike Kernensiklopedie*, 113. Pajoo: SW.

Potgieter P C, 2008. 'Skuld', in Gaum, F, Boesak, A, Botha, W (eds), *Christelike Kernensiklopedie*, 1018. Pajoo: SW.

Prins, J G M 2003. 'Kinders aan die nagmaalstafel in die NG Kerk – 'n evaluering van 'n aantal praktiese aspekte'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 44(3/4), 466-477.

Ricoeur, P 1976. *Interpretation theory, discourse and the surplus of meaning*. Fort Worth: Texas Christian University Press.

Ricoeur, P 1981. 'Hermeneutics and the human sciences', in Thompson, J B (ed), *Paul Ricoeur: Hermeneutics and the human sciences. Essays on language, action and interpretation*. Cambridge: Cambridge University Press.

Ricouer, P (1991). *From text to action: Essays in hermeneutics, II*. London: Athlone.

Rossouw, G J 1993. 'Theology in a postmodern culture'. *HTS Teologiese Studies* 49, 894-907.

Schneiders, S 2005. 'Christian spirituality: Definition, methods and types', in Sheldrake, P (ed), *The New Westminster Dictionary of Christian Spirituality*. Louisville: WJK.

Schoeman, WJ 2011. 'Kerkspieël: 'n Kritiese bestekopname'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 52(3/4), 472-488.

Schoeman, W J 2015. 'Identity and community in South African congregations'. *Acta Theologica* 2015(22), 103-123.

Sheldrake, P 2013. *Spirituality: A brief history*. Chichester: Wiley-Blackwell.

Smit, D J 1988. 'Wat is gereformeerde spiritualiteit?' *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 29, 82-193.

Smit, D J 1989. 'Kan spiritualiteit beskryf word?' *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 2(1), 83-94.

Smit, D J 1998. 'Wat beteken Gereformeerd?', in Boesak, W A en Fourie, P J A (reds), *Vraagtekens oor Gereformeerdeheid*, 20-37. Belhar: LUS.

Smit, D J 2002. 'Christ transforming culture? Nagedink oor die aard van die Gereformeerde geloof'. *Acta Theologica* (3), 125-149.

Smit, D J 2009. 'En ook gehoor? Vrae rondom die gereformeerde siening van die kerk'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 50(1/2), 198-211.

Smit, D J 2009. 'Ontdek die eie aard van die gereformeerde erediens', in Wepener, C en Van der Merwe, J (reds), *Ontdekkings in die erediens*, 87-107. Wellington: Lux Verbi.

Smit, D J 2013. *Opstelle oor Gereformeerde wees vandag: Versamelde opstelle 4*. Stellenbosch: SUN.

Smit, A T 1995. 'Begeleiding: Nuut gedink oor leierskap in gemeentes', in Smit (red), *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes: Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap*, 16-34. Kaapstad: Lux Verbi.

Strauss, P J 2014. 'Die Algemene Sinode van 2017 en die Gereformeerde identiteit van die NG Kerk'. *NGTT Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 55(1), 361-376.

Strauss, P J 2016. 'Die naam 'Nederduitse Gereformeerde Kerk'. *Acta Theologica* 36(1), 213-228.

Thompson, G B 2003. *Treasures in clay jars*. Cleveland: The Pilgrim.

Underhill, E 2002. *Mysticism: The nature and development of human consciousness*. New York: Dover.

Van Aarde, A G 2001. 'The "cause of Jesus" (*Sache Jesu*) as the canon behind the canon'. *HTS Teologiese Studies* 57(1/2), 148-171.

Vos, C J A 1996. *Die volheid daarvan*. Pretoria: RGN.

Vos, C J A en Pieterse, H J C 1997. *Hoe lieflik is u woning*. Pretoria: RGN.

Van der Merwe, M 1995. *Nuwe treë saam met God: Riglyne en programme oor spiritualiteit en gemeentevernuwing*. Kaapstad: Lux Verbi.

Van der Merwe, J 2009. 'Ontdek die bewegings in die erediens', in Wepener, C en Van der Merwe, J (reds), *Ontdekkings in die erediens*, 165-180. Wellington: Lux Verbi.

Van der Merwe, J 2009. 'Ontdek die doop en geloofsbevestiging', in Wepener, C en Van der Merwe, J (reds), *Ontdekkings in die erediens*, 129-145. Wellington: Lux Verbi.

Van der Ven, J A 1993. *Practical theology: An empirical approach*. Kampen: Kok.

Waaijman, K 2002. *Spirituality: Forms, foundations, methods*. Paris: Peeters.

Ware, C 1995. *Discover your spiritual type: A guide to individual and congregational growth*. New York: The Alban Institute.

Wepener, C 2009. 'Ontdek die draapunte in die geskiedenis van die liturgie', in Wepener, C en Van der Merwe, J (reds), *Ontdekkings in die erediens*, 69-86. Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C en Van der Merwe, J 2009. *Ontdekkings in die erediens*. Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C 2011. *Soos 'n blom na die son draai*. Wellington: Bybelmedia

Willis, D and Welker, M (eds) 1999. *Toward the future of reformed theology: Tasks, topics, traditions*. Grand Rapids: W B Eerdmans.

## BYLAAG A: SPIRITUALITEITS-VRAELEYS

**Die spiritualiteitsvraeleys soos deur Corinne Ware opgestel, en gebruik in hoofstuk 5 van hierdie studie, sien soos volg daaruit. Die oorspronklike vraeleys is na Afrikaans vertaal vir gebruik in die studie.**

### THE ORDER OF WORSHIP

- 1.A carefully planned and orderly worship service is a glory to God.
- 2.A deeply moving and spontaneous worship service is a glory to God.
- 3.Simplicity and some silence are the most important element needed.
- 4.It is not a service, but ordering ourselves *to* God's service that is important.

### TIME

- 1.Stick to announced beginning and ending times of worship services.
- 2.It is important to extend the meeting time if one feels moved to do so.
- 3.All time is God's time.A sense of timelessness is important.
- 4.Gather whenever and as long as you need to in order to accomplish the task.

### PRAYER

- 1.Words express poetic praise; we ask for knowledge and guidance.
- 2.Let words and feelings evoke God's presence in this moment.
- 3.Empty the mind of distractions and simply BE in the presence of the Holy.
- 4.My life and my work are my prayer.

### MUSIC

- 1.Music and words express praise to God and belief about God.
- 2.Singing warms and unites us, and expresses the soul's deepest heart.
- 3.Traditional singing can bring the soul to quietness and union with God.
- 4.Songs can mobilize and unite to greater effort and dedication.

### PREACHING

- 1.The hearing and study of scripture is the centerpiece of worship.
- 2.The sermon movingly preached is the power of God to change lives.
- 3.The Word of God is heard when the Spirit of God speaks to the inward heart.

4.What we do is our “preaching”, and speaks louder than anything we say.

## RELIGIOUS EMPHASIS

- 1.A central purpose is that we fulfill our destiny in the world.
- 2.A central purpose is that we learn to walk in holiness with the Lord.
- 3.A central purpose is that we be united with the Creator.
- 4.A central purpose is that we keep the Law as completely as possible.

## SUPPORT OF CAUSES

(If necessary, circle the words that apply and select categories with the most circles.)

- 1.Support seminaries, publishing houses, scholarship, preaching.
- 2.Support telling our story to others in person, on television, and radio.
- 3.Support places of retreat, spiritual studies, liturgical reform.
- 4.Support political action to establish justice in society and its institutions.

## CRITICISM

- 1.Sometimes we (I) are said to be too intellectual, dogmatic, and “dry.”
- 2.Sometimes we (I) are said to be too emotional, dogmatic, and illogical.
- 3.Sometimes we (I) are said to be escaping from the world and not realistic.
- 4.Sometimes we are said to have tunnel vision, are too moralistic and intense.

## DOMINATING THEMES

(If necessary, circle the words that apply and select categories with the most circles.)

- 1.Discipline, knowledge, order, tradition.
- 2.Love, conversion, witness, spontaneity.
- 3.Wisdom, humility, letting go, transcendence.
- 4.Simplicity, purity of heart, action, temperance, obedience, martyrdom.

## MEMBERSHIP CRITERIA

(What the congregation believes is necessary; what you believe is necessary.)

- 1.Assent to certain beliefs and/or acceptance by the group.
- 2.A personal experience of God; making this known to others.
- 3.All who face Godward are incorporated in the Holy.
- 4.Solidarity with humankind is membership in God’s kingdom.

## RITUAL

- 1.Ritual evokes memory and presence, teaching traditional truths.
- 2.Ritual ceremonies are not as important as some think.
- 3.Ritual is a way in which God becomes present to us.
- 4.Ritual is one way we make statements about our beliefs and identity.

## CONCEPT OF GOD

- 1.God is revealed in Torah, ritual, and tradition.
- 2.I can feel that God lives in my heart.
- 3.God is mystery and can be grasped for but not completely known.
- 4.We participate in the mystery of God when we become co-creators with God in the world.

**Die vraelys soos dit na Afrikaans vertaal is, lyk soos volg:**

### **SPIRITUELE VOORKEURE**

Lees deur die stellings en kies by elkeen die wat beskrywend is van jou aanbiddingstyl. Jy kan by elke stelling soveel merk as wat op jou van toepassing is. Jy kan ook kies om niks te merk nie.

### **ORDE VAN AANBIDDING**

1. ‘n Ordelike en deeglik beplande aanbiddingsprogram bring eer aan God.
2. ‘n Intense, roerende en spontane ontmoeting verheerlik God.
3. Eenvoud en ‘n mate van stilte is die belangrikste elemente vir aanbidding.
4. Om onsself beskikbaar te stel vir diens aan God, is belangriker as ‘n erediens.

### **TYD**

1. Bly by die bepaalde begin- en eindtye van die erediens.
2. Dit is belangrik om die erediens se tyd te verleng indien jy so deur die Heilige Gees geleid word.
3. Alle tyd is God se tyd. ‘n Gevoel van tydloosheid is belangrik.
4. Kom bymekaar wanneer en solank dit nodig is om die taak te voltooi.

### **GEBED**

1. Woorde gee uiting aan lof aan God; ons vra vir kennis en leiding.
2. Laat woorde en gevoelens God se teenwoordigheid in hierdie oomblik oproep.
3. Maak gedagtes leeg van dit wat my aandag kan aflei, om net in God se teenwoordigheid te wees.
4. My lewe en my werk is my gebed.

### **MUSIEK**

1. Die musiek en lirieke verwoord lof aan God en geloof in God.
2. Deur te sing word gelowiges aan mekaar verbind en ek gee uiting aan die emosies in my hart.
3. Musiek bring die siel tot stilte en eenwording met God.
4. Liedere kan ons inspireer om met groter ywer en meer toewyding vir God te werk.

## PREDIKING

1. Om die Bybel te bestudeer en die suiwer verkondiging van God se Woord, is die middelpunt van aanbidding.
2. Die evangelie wat met gevoel verkondig /roerend oorgedra word, is die krag van God wat lewens verander.
3. Ware Woordverkondiging vind plaas wanneer die Heilige Gees tot my hart spreek.
4. Wat ons DOEN is ons ‘prediking’ en praat harder as enigiets wat ons sê.

## GODSDIENSTIGE KLEM

1. ‘n Sentrale doel/hoofdoel is dat ons ons roeping in die wêreld vervul.
2. ‘n Sentrale/hoofdoel is dat ons leer om in heiligheid saam met die Here te wandel.
3. ‘n Sentrale doel/hoofdoel is dat ons een met ons Skepper sal wees.
4. ‘n Sentrale doel/hoofdoel is dat ons God se gebooie volkome sal gehoorsaam.

## ONDERSTEUNING VAN AKSIES (indien nodig, omkring die woorde van toepassing en kies die kategorie met die meeste sirkels)

1. Ondersteun seminare, uitgewersmaatskappye, studiebeurse, verkondiging aan ander.
2. Ondersteun evangelisasie, uitreiking, verspreiding van die Woord op radio en televisie.
3. Ondersteun sentrums vir geestelike afsondering, geestelike leiding, liturgiese hervorming.
4. Ondersteun politiese aksies om geregtigheid in die samelewing te laat geskied.

## KRITIEK

1. Soms word ek beskou as te intellektueel en dogmaties.
2. Soms word ek beskou as te emosioneel en irrassioneel.
3. Soms word ek beschuldig dat ek van die wêreld probeer ontsnap en nie realisties is nie.
4. Soms word ek beschuldig van tonnelvisie en dat ek te moralisties is.

## OORHEERSENDE TEMAS (indien nodig, omkring die woorde van toepassing en kies die kategorie met die meeste sirkels)

1. Dissipline, kennis, orde, tradisie.

2. Liefde, bekering, getuienis, spontaniteit.
3. Nederigheid, verootmoediging, wysheid, losmaking van die wêreld.
4. Eenvoud, reinheid van hart, daadwerklike optrede, gehoorsaamheid, martelaarskap.

#### LIDMAATSKAPKRITERIA (wat u glo noodsaaklik is in gemeentes)

1. Instemming tot die geloofsleer, doop, aanvaarding deur die groep.
2. 'n Persoonlike innerlike ervaring van God, doop, openbare getuienis.
3. Almal wat na God opsien en Hom aanbid, is deel van Sy heiligdom.
4. Solidariteit met die mensdom beteken lidmaatskap van God se koninkryk.

#### RITUELE EN LITURGIE

1. Rituele en liturgie gee aanleiding tot herinnering en dra leerstellings van tradisionele waarhede oor.
2. Liturgie en rituele seremonies is nie so belangrik nie.
3. Rituele en liturgie is wyses waarop ons God se teenwoordigheid ervaar.
4. Rituele en liturgie is een manier waarop ons ons innerlike oortuigings sigbaar maak.

#### KONSEP VAN GOD

1. God word in die Skrif, die sakramente, in rituele en tradisie geopenbaar.
2. Ek kan voel dat God 'n werklikheid is en in my hart leef.
3. God is misterieus en kan nie heeltemal geken word nie.
4. Ons het deel aan die geheimenis/misterie van God wanneer ons mede-skeppers in die wêreld word.

## BYLAAG B: INGELIGTE TOESTEMMING



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Departement Praktiese Teologie

### TOESTEMMING VIR DIE DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING

#### TITEL:

'N PRAKTIESTEOLOGIESE PERSPEKTIEF OP EREDIENSBELEWING,  
SPIRITUALITEIT EN DIE AFNAME IN LIDMAATTALLE

#### NAVORSER:

Ds. Adri la Grange  
NG Gemeente Klerksdorp-Oos  
074 140 3683  
[adri@la-grange.co.za](mailto:adri@la-grange.co.za)

U word uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsingstudie wat daarop gemik is om individue se persoonlike belewenisse van eredienste van gemeentes van die NG kerk vas te stel.

**Doel van die studie:** Die doel van hierdie ondersoek is om in diepte insig te probeer verkry in 'n verskeidenheid individue se persoonlike belewenisse van eredienste van die NG Kerk. Daardeur sal daar gepoog word om vas te stel of eredienste van die NG kerk ervaar word om eksklusief te wees ten opsigte van individue met spirituele verskille.

Die bevindinge van hierdie studie gaan in 'n proefskrif gepubliseer word. Indien u dit verlang, sal 'n opsomming van die bevindinge aan u beskikbaar gestel word.

**Die regte van die persoon wat deelneem:** Deelnemers mag op enige stadium kies om nie langer deel te neem aan hierdie studie nie. Geen redes hoef aangevoer te

word waarom u nie langer wil deel neem nie, en daar sal geen negatiewe gevolge wees indien onttrek word aan die studie nie. Deelnemers aan die studie mag my enige tyd kontak om enige onduidelikhede uit te klaar. Die navorser en die deelnemer moet 'n getekende afskrif van hierdie dokument bewaar.

**Wat van u verwag word:** Indien u deelneem aan die navorsing word daar van u verlang om die vrae so volledig en eerlik moontlik te antwoord.

**Navorsingsprosedures:** Deelnemers sal gevra word om vraelyste te voltooi wat gebruik sal word om spirituele voorkeure te bepaal. Kwalitatiewe navorsing sal gedoen word deur semi-gestruktureerde onderhoude te voer om te bepaal wat hulle belewenisse is van eredienste van gemeentes van die NG kerk.

**Voordele:** Geen vergoeding word aangebied vir die deelname aan hierdie studie nie.

**Vertroulikheid:** Die anonimitet van deelnemers sal gehandhaaf word deur geen name of vanne te noem nie. Die navorser en haar studieleier alleen het toegang tot die onverwerkte data soos dit ingesamel is tydens die empiriese navorsingsproses. Die relevante data sal vernietig word sou u op enige stadium kies om te onttrek aan die studie.

**Ek bevestig hiermee dat ek volledig ingelig is oor die aard van hierdie navorsing. Ek verstaan dat ek enige tyd, sonder benadeling van enige aard, my toestemming mag terugtrek en deelname aan hierdie studie mag staak. Ek gee toestemming dat ons gesprek opgeneem mag word. Ek bevestig dat ek voldoende geleentheid gehad het om vrae te vra.**

Hiermee verleen ek, ..... (Naam en Van)  
toestemming om deel te neem aan die empiriese navorsing op  
..... (datum).

.....  
**Handtekening van deelnemer**